

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



DR. J. H. KROEZE

**DIE
WOORDE
VAN DIE
PREDIKER**

VERKLARING VAN AFKORTINGS

- Aald:** HET BOEK DE PREDIKER vertaald en verklaard door Dr. G. Ch. Aalders. Kampen 1948 in Commentaar op het Oude Testament.
DE PREDIKER opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard door G. Ch. Aalders. Kampen 1941 in KORTE VERKLARING met nieuwe vertaling.
- Bart.:** THE BOOK OF ECCLESIASTES by G. A. Barton in Intern. Crit. Comm. Edinburgh, 1908.
- Del.:** HOHESLIED und KOHELETH von FRANZ DELITZSCH in Biblischer Kommentar von Keil und Delitzsch, IV, 4. Leipzig 1875.
- Gall:** PREDIGER SALOMO von KURT GALLING, Handbuch zum Alten Testament. Tübingen 1940.
- Gems.:** PREDIKER door dr. B. GEMSER in TEKST EN UITLEG Groningen 1931.
- Hertzsb.:** DER PREDIGER (Qohelet) übersetzt und erklärt von lic. H. W. Hertzberg in Kommentar zum Alten Testament, Leipzig 1932 (XVI, 4).
- Volck:** DAS BUCH HIOB UND DER PREDIGER SALOMO ausgelegt von D. Wilhelm Volck in Kurzgefaszter Komm. Von STRACK und ZÖCKLER, Nördlingen 1889.
- Wildeb.:** BUDDE, BERTHOLET, WILDEBOER. Die fünf Megillot in Kurzer Handcomm. zum Alten Testament. Tübingen 1898.

INHOUD

VERKLARING VAN AFKORTINGS	2
INHOUD	3
ALLES TEVERGEEFS	5
Prediker 1:1-11	5
DIE SKRYWER	8
Prediker 1:12	8
GEJAAG NA WIND	10
Prediker 1:13 — 18	10
WEELE LAAT DIE SIEL LEEG	12
Prediker 2:1-11	12
HET DIE WYSHEID VOORKEUR BO DIE DWAASHEID ?	14
Prediker 2:12 — 23	14
GOD BESKIK NA SY GOEDDUNKE OOR ONS BESIT	17
Prediker 2:24 — 26	17
UUR EN TYD	18
Prediker 3:1 — 15	18
ONREG	21
Prediker 3:16 — 22	21
VERDRUKKING	25
Prediker 4:1 — 4	25
ARBEID EN RUS	27
Prediker 4:1 — 4	27
TWEE IS BETER AS EEN	29
Prediker 4:7 — 12	29
EERS 'HOSANNA' DAN 'KRUISIG HOM'	31
Prediker 4:13 — 16	31
TEMPELGANG	33
Prediker 4:17 — 5:6	33
UITBUITING	36
Prediker 5:7,8	36
SKADUKANTE VAN DIE RYKDOM	37
Prediker 5:9 — 6:9	37
WYSE LEWENSGEDRAG I	41
Prediker 6:10 — 7:6	41
WYSE LEWENSGEDRAG II	44
Prediker 7:7 — 14	44
NIE AL TE REGVERDIG	46
Prediker 7:15 — 18	46
DIE WYSHEID NAGESTREEF	48
Prediker 7:19 — 24	48
VROUE	50
Prediker 7:25 — 8:1	50
GEHOORSAAMHEID AAN DIE KONING	52
Prediker 8:2 — 8	52
DIE OORDEEL WAT EEN KEER KOM	54
Prediker 8:9 — 17	54
EEN EN DIESELFDE LOT VIR ALMAL	56

Prediker 9:1 — 10	56
TYD EN LOTGEVAL	60
Prediker 9:11, 12	60
WYSHEID IS BETER AS GEWELD.....	61
Prediker 9:13 — 18	61
VERSKILLENDE SPREUKE	62
Prediker 10:1 — 11	62
DIE SKADELIKHEID VAN DIE DWAASHEID	64
Prediker 10:12 — 15	64
DIE 'KIND-KONING'	65
Prediker 10:16 — 20	65
BROOD OP DIE WATER	66
Prediker 11:1 — 8	66
GENIET DIE JEUG	68
Prediker 11:9, 10	68
DIE ONGELUKKIGE DAE	70
Prediker 12:1 — 7	70
DIE NASKRIF	73
Prediker 12:8 — 14	73

ALLES TEVERGEEFS

Prediker 1:1-11

ALLES tevergeefs, sê die Prediker. So begin die boek genoem DIE PREDIKER. In hierdie beginners is die Prediker nie self aan die woord nie. In die boek self is dit anders wel die geval. Vanaf 1:12 lees ons telkens "Ek"; Ek, Prediker; Ek het in my hart gesê ens., ens. Hy noem dan sy ervarings op. Die ervarings is dan maar baie dikwels: "dit is tevergeefs" (2:1, 15, 19, 23 ens., ens.).

In die beginners vat iemand die uitsprake van die Prediker saam: "Alles tevergeefs" met die vermelding daarby dat die Prediker so sê. En aan die einde van die boek doen hy dit weer, in 12:8. In die middel van die boek, in 7:27, lees ons weer 'n keer: "sê die Prediker". Blykbaar het ons hier te doen met iemand wat hom met die uitsprake van die Prediker besig gehou het, wat hulle versamel, gebundel en te boek gestel het en van 'n opskrif voorsien het: *Die woorde van die Prediker*. Omdat die Prediker volgens hom 'n wyse was (12:9), kan ons aanneem dat hy 'n leerling, 'n volgeling van die Prediker was. In die laaste verse van hoofstuk 12 gee hy 'n naskrif, 'n epiloog, waarin hy nie alleen enkele kort mededelings met betrekking tot sy meester doen nie, maar ook enkele wysede uit sy eie insig en ervaring ten beste gee. Op dieselfde manier kan vs. 2 -11 van hoofstuk 1 'n openingsparagraaf, 'n proloog wees van dieselfde hand.

Met die kort en kernagtige samevatting "alles tevergeefs" val die boek Prediker met die deur in die huis. Dit is skokkende woorde. Maar die Prediker bedoel dit met mening. Dit is wat sy boek wil sê. Hy sê dit twee keer agter mekaar en asof dit nog nie duidelik genoeg is nie, herhaal hy dit nog 'n keer: dit is alles tevergeefs. Dit is blykbaar sy kyk op die werklikheid. Hoe hy tot hierdie insig gekom het sal hy later verduidelik maar hy voel hom gedwonge om dit dadelik uit te spreek. Hy gryp na die pen en in sy eerste woorde gooi hy ons hierdie beskouing pardoems voor die voete.

In sy eie taal sê die Prediker: Ydelheid van ydel-hede, ydelheid van ydelhede, alles is ydelheid! Die woord wat hy gebruik dui in sy allereerste betekenis op 'n baie ligte windbeweginkie, op iets wat niks bete-ken nie. Die Prediker gebruik die woord wind self ook al in die sin van "niks werd nie". Hy sê telkens dat die strewe van die mense gejaag na wind is (1: 11, 2:17, 26). Nog minder as wind beteken die windsuggie, die windtoggie. Op die voetspoor van Luther ("ganz eitel") het die vertaling "ydelheid" algemeen geword. Die woord ydel moet dan egter nie geneem word in die betekenis van "spogsielik" of "gevoelig vir vleierei" nie, maar in die sin van onbeduidend, vrugtelos, soos in uitdrukkings soos "ydele hoop" (Job 27:12) en "ydele verwagting" (Jer. 23:16). Die onwesenlikheid wat met die woord aangedui word is soos die van 'n skaduwee. Psalm 144 sê: Die mens is soos nietigheid; sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee.

Die woorde "alles vergeefs" is dus 'n min of meer vrye vertaling van "ydelheid van ydelhede". En hierdie woorde beteken volgens die Hebreeuse spraakgebruik: allergrootste ydelheid; dit blyk uit baie Bybelse uitdrukkings soos: koning van die konings (Dan. 2:37), hoogste koning; God van die gode (Dan. 2:47), aller-hoogste God; die heer van die here (Deut. 10:17; Ps. 136:3; 1 Tim. 6:15), opperheer; 'n kneg van die knegte (Gen. 9:25), allerlaagste kneg. Die Allerheiligste (Ex. 26:33) heet letterlik: heiligheid van die heilighede; die hoogste hemel (1 Kon. 8:27) heet letterlik: die hemel van die hemele; die Hooglied heet letterlik: lied van die liedere. Die Afrikaanse vertaling: alles is tevergeefs, maak hom dus nie skuldig aan oordrywing nie!

Maar waarom sê die Prediker nou dat alles tevergeefs is? Hy sien dat die mense werk, met moeite en inspanning werk, maar, so sê hy, watter voordeel het

die mens van al sy moeite? Met hierdie vraag bedoel hy om te sê dat die mens geen voordeel van al sy moeite het nie. Dit baat hom niks nie; al sy werk is tevergeefs, want, en nou volg sy eintlike bewys: die een geslag gaan en die ander geslag kom, en die aarde bly vir ewig staan. Hy wys hier op die teenstelling tussen gedurige afwisseling en verandering aan die een kant en onveranderlikheid aan die ander kant. Die mense kom en werk en verdwyn en dan kom daar weer ander mense wat werk en ook verdwyn, geslag na geslag en die aarde staan maar altyd deur as die vaste toneel waarop die eentonigheid afgespeel word. Wat vroeër gebeur het, gebeur vandag en môre weer. Daar kom nog dit by dat dit ook vergeet word! Vandag is daar geen nagedagtenis van wat daar vroeër was en wat later kom gaan ook in vergetelheid verlore (vs. 11 vgl. 2:16). Die geswoeg van eeue lewer dus niks op nie! Wat die Prediker in die mensewêreld opmerk sien hy verder ook allerweë in die natuur. Die son draai maar rond, die winde waai in alle rigtings, in eindelose herhaling, maar alle bewegings keer tot hulle uitgangspunt terug. Al die strome loop in die see en tog word die see nie vol nie. Hoe nuttelos! Altyd sien ons maar dieselfde. Hoe vermoeiend is dit! Ons kyk maar en sien nooit iets nuuts wat die oog bevredig nie; ons luister maar en hoor nooit iets nuuts wat die oor bevredig nie. Die voortdurende wisseling van son en wind en water is onuitspreeklik vermoeiend want daar is geen ruspunt, geen eindpunt, geen resultaat geen bevrediging nie. Dit is altyd maar dieselfde maar daar is glad niks nuuts onder die son nie — d.w.s. op die aarde nie, die aarde wat dit alles maar onaandoenlik oor hom laat gaan. Alles tevergeefs!

Elkeen wat hierdie beskouing van die Prediker lees, is nie gewillig om daarmee saam te stem nie. Die jong man wat werk en streef om vorentoe te beur —

die jong vrou met ideale vir die toekoms — die man op die toppunt van sy posisie in handel of tegniek of studie — die vrou en moeder met haar kindertjies rondom haar —

hulle kan en wil nie hulle lewe as sinloos en vergeefs beskou nie. Laat, so dink hulle, mislukkelinge en leeg-lêers dit maar doen. En as dit met hulle so is, dan is dit mos hulle eie skuld.

En tog — daar kan 'n tyd in jou lewe kom, dat jy met 'n floue glimlaggie aan verbygegane periodes terugdink, dat jy jou verbaas oor ywer, aan die dag gelê vir sake wat jy vandag heeltemal nie belangrik vind nie; oor sorges wat jou vandag nie meer druk nie. *Schopenhauer* sou gesê het: 'n mens kan Prediker 1:2 nie verstaan voordat hy sewentig jaar oud is nie. (Hertzsb.) Hierdie verskillende beoordelings van die lewe vind hulle oorsaak hierin, dat 'n mens sy lewe van verskillende kante en vanuit verskillende oogpunte kan bekyk. Sy lewensuitkyk staan onder invloed van baie faktore soos van omgewing en geselskap, welstand, gesondheid, karakter, gemoedsgesteldheid. Selfs die een dag sal 'n mens weer anders voel as die ander dag. Daardeur is mense altyd eensydig in hulle lewensuitkyk. Deur die eensydigheid sien ons nie die volle werklikheid nie. Ons uitgangspunt bepaal tot watter eindbeskouing ons kom en die eindbeskouing sal meer of minder juis en waar wees al na gelang ons uitgangspunt reg of verkeerd was. In eensydige beskouings skuil altyd wel enige waarheid en hoe belangriker, gewigtiger, werkliker jou uitgangspunt is, des te meer sal jou slotbeskouing waar en reg wees.

Ek dink dat die standpunt van die Prediker ook eensydig is en betreklik, daarom is dit nog nie onjuis of van waarheid ontbloot nie. 'n Mens kan nie verskillende standpunte tegelykertyd inneem nie.

Die standpunt wat die Prediker inneem is dat hy alles beskou vanuit die verte. Hy vat nie die momente in die oog nie, maar die lang duur; nie die enkeling maar die vele en hy sien dit oor die lengte van eeue. Hy staan nie langs die man wat swoeg en stry nie. Hy loop nie in die koue van die oggend in die veld om deur die koesterende strale van die rysende son warm te word nie. Hy drink nie uit die spruitjie wat deur die veld stroom nie. Hy sien nie die wind wat wolke aanjaag om reën te bring nie. Hy kyk uit die verte oor alles heen en dan sê hy: alles tevergeefs! Alles is van-dag nog net soos vroeër; dit het niks opgelewer nie.

Sy oordeel en beskouing hang af van die standpunt wat hy inneem. En daarom is sy oordeel eensydig, betreklik, subjektief. Ook subjektief. Hy sê: die son *hyg* na die plek waar hy opgaan. Maar die digter van Psalm 19 sê: hy is bly soos 'n held om die pad te loop. Dit is twee subjektiewe sienings teenoor mekaar, die een van 'n digter, die ander van 'n filosoof. Ons moet die verskil nie benader deur te vra: wie is nou reg nie. Hulle praat oor die son soos oor 'n persoon, maar hy is nie 'n persoon wat kan hyg of bly wees nie. Hy volbring doodgewoon sy skeppingsopdrag.

Die Prediker sê ook: die aarde bly ewig staan. Dit is ook maar betreklik waar; dit is waar in die situasie van teenstellings wat Prediker beskryf. In die gerig sal die aarde nie so vas staan nie maar wankel, geskud en gebreek word; hy sal val en nie weer opstaan nie (Jes. 24:19, 20). Petrus weet dat die aarde en die werke wat daarop is sal verbrand (2 Pet. 3, 10). Trouens, die woordjie ewig het nie altyd so 'n absolute betekenis nie. Daar is ook 'n digter wat die aarde opwek om te juig (Ps. 97) en nie net die aarde nie maar alles wat daarop en daarin is (Ps. 148).

Intussen het die Prediker in sy eensydigheid tog iets raakgesien wat inderdaad waar is en deur die Heilige Skrif bevestig word naamlik *die nietigheid*. Psalm 39:5-7 bid om insig in die verganklikheid. God het die dae van die mens 'n paar handbreedtes gemaak en, sê hy, "my leeftyd is soos niks voor U nie", ja, as pure nietigheid staan die mens daar. Waarlik, die mens wandel as skadubeeld rond; ja, hulle woel verniet; hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie. Dit is presies wat die Prediker ook sê. Psalm 62 sê: Ja, nietigheid is die mensekinders, leuens is die aansienlikes; in die weegskaal moet hulle opgaan, almal saam is hulle minder as nietigheid. (vs. 10).

En Psalm 144 sê: Die mens is soos die nietigheid (letterl. "windsuggie"); sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee (vs. 4).

Die Prediker het in sy eensydige algemeenheid sonder om op die besondere te let tog 'n waarheid raakgesien: die nietigheid van die mens en sy werke!

Eeue later stel Paulus die Prediker ook in die gelyk. Hy sê dat die skepping aan die nietigheid, aan die vrugtelosheid onderwerp is (Rom. 8:20). As ons dit lees dan skrik ons ook, omdat ons in ons eensydige kortsigtigheid dit nie gesien het nie. Maar Paulus is 'n skerp luisteraar. Hy hoor meer as ons. Hy hoor dat die hele skepping sug omdat sy in die slawerny van die verganklikheid verkeer. Hierin stem Prediker en Paulus ooreen. Maar Paulus sien die saak breër en dieper en nie so uitsigloos nie. Prediker laat ons sug in doodsnoed, maar Paulus sê dit is barenaad en dit is hoopvol, want dit loop uit op 'n nuwe lewe. Daar is hoop op vrymaking van die slawerny van die verganklikheid deur die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. Dit is iets nuuts! Daarvan getuig die Prediker nie. Hy sien net eentonige herhaling: wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. Maar die HERE het geprofeteer: Kyk, die vorige dinge het gekom en nuwe dinge verkondig Ek (Jes. 42:9, 66:22). Hy maak alles nuut (Opb. 21:5). Daar is uitsig. Maar om dit te besef moet ons eers deur Prediker tot insig van ons verlorenheid gebring word, want ons kan niks nuuts maak nie; alleen die HERE kan dit!

Die HERE — dit is die God van die verbond. Ken Prediker Hom nie? Hy noem Hom nooit nie. Hy ken alleen GOD.

Ons sit in die knellende greep van die woorde van die Prediker, des te erger omdat sy woorde waar is. Maar daar is meer as wat hy sê. En daarom kan ons as die felle slae van die Prediker oor ons gaan, soos Moses ons dit ook toedien in sy negentigste Psalm, tog uitkom by die bede: bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!

Dan is tog nie alles tevergeefs nie.

As u werk o HERE onse God maar vir u knegte sigbaar word.

DIE SKRYWER

Prediker 1:12

In hoofstuk 1 vs. 12 kom die Prediker self aan die woord. Hy stel nou homself aan ons voor met die woorde: Ek, Prediker, was koning oor Israel in Jerusalem. Sy inleier het, in 1:1, ook nog gesê: die seun van Dawid. Dit word nou nie weer gesê nie.

"Ek was koning". Dit is 'n merkwaardige uitdrukking. 'n Koning wat gedurende sy regering sterf, kan dit nooit sê nie. Die uitdrukking laat ons dink aan 'n afgetrede koning, maar daarvan bied die geskiedenis van die konings oor Israel in Jerusalem geen oortuigende voorbeelde. Wel sê die Talmud iets in die gees naamlik dat Salomo oor sy sondes onttroon is en klaend die land deurgetrek het (kyk Hertzbl, bl. 63). Maar hierdie legende vind waarskynlik sy oorsprong in die hardnekkigheid van die Joodse tradisie dat Salomo die outeur van Prediker is. Die Heilige Skrif laat vir hierdie opvatting geen plaas nie.

Prediker sê ook nie welke koning hy dan was. Hy noem geen naam nie. Hoogstens kan uit 1:1 afgelei word dat hy die seun van Dawid was. Op grond hiervan het sowel Joodse as vroeë christelike geleerdes aan Salomo gedink, maar van alle konings oor Israel in Jerusalem kan gesê word: seun, d.w.s. nakomeling, van Dawid. Dit strek sover dat selfs Christus nog Seun van Dawid genoem word (Matth. 1:1 e.a.). In vs. 16 noem Prediker: "almal wat voor my oor Jerusalem gewees het". Hiermee moet hy wel konings bedoel. Hy was dus nie een van die oudste konings oor Israel nie; hy het baie voorgangers gehad. Hy was dus nie Salomo nie. Maar wie was hy dan?

Hierdie kwessie moet anders benader word. Ons het hier te doen met 'n bepaalde gebruik in die literatuur, naamlik dit, dat 'n skrywer sy boek nie onder sy eie naam uitgee nie maar onder die naam van 'n ander bekende persoon, liefs uit die oudheid. Dit kon gedoen word om die aandag te trek en aan die boek 'n gestalte van belangrikheid te gee; ook wel omdat die skrywer onbekend wou of moes bly weens die inhoud van sy boek.

In die latere Joodse literatuur is hierdie metode dikwels toegepas. Ons besit 'n hele reeks van sulke geskifte en noem hulle pseudopigrafe. Hulle vertoon in sekere opsig ooreenkoms met moderne boeke wat onder 'n skuilnaam of pseudoniem uitgegee is.

So het Prediker dan opgetree in die gestalte van 'n ou en wys koning. Dat die ou en wys koning Salomo is, sê hy nie. Hy noem die naam nêrens. Om die naam van Salomo aan die boek Prediker te verbind is die werk van ou tradisies. Die boek is baie jonger as die tyd van Salomo; dit blyk ook uit die hierbo beskrewe metode.

Maar ook uit die inhoud blyk dat die boek Prediker nie van Salomo kan wees nie. Ten eerste gebruik die boek 'n ander en jonger, 'n meer Aramees getinte Hebreeus as wat ons deurgaans in die Ou Testament aantref. Maar dit laat ons nou daar. Daar staan dinge in hierdie boek wat beslis nie van Salomo afkomstig kan wees nie. Ons lees in 3:16 oor onreg, in 4:1 oor verdrukking deur maghebbers, in 5:7 van berowing van reg en geregtigheid, van afguns en in 10:20 van verraad en verklikkery onder burgers wat die lewe angstig maak. Sulke toestande is wel te verwagte onder die Persiese despote soos ons hulle leer ken in die geskiedenis van Ester. Wie sulke toestande kritiseer moet voorsigtig wees. Vandaar dat die skrywer sy identiteit verberg!

Die boek Prediker is dus een van die jongste boeke van die Ou Testament, uit 'n tyd dat dit met die vryheid en grootheid van die Jodedom verby was. In die sfeer het "Prediker" geskrywe en dit druk ook 'n stempel op sy kyk op die lewe. 'n Man uit 'n tyd van vernedering en verdrukking praat anders as 'n man uit 'n goue eeu. En hy sien miskien dinge raak wat aan die "goue-eeu-man" ontgaan. Hier tref ons weer 'n faktor aan wat invloed gehad het op die sienswyse van die Prediker. Maar al noem ons die sienswyse dan pessimisties — die grote OUTEUR van die Heilige Skrif wou ook dit daarin opgeneem hê. Ook dit is nodig vir sy

volk om tot die regte selfkennis te kom!

GEJAAG NA WIND

Prediker 1:13 — 18

DIE Prediker begin, 1:13 om te sê waarop hy sy hart gerig het, wat hy, as 'n wyse, as sy lewenstaak sien, wat sy lewensdoel is. Dit is

om met wysheid te ondersoek en na te speur

wat onder die hemel gebeur. "Onder die hemel" — dit beteken dieselfde as "onder die son" dus: op die aardse skou-toneel. Daar is vir 'n wyse meer terreine waarop hy sy hart kan rig, maar Prediker kyk net na die aarde. Hierdie beperking het natuurlik ook invloed op sy konklusies!

Met wysheid ondersoek, sê hy.

Ons gebruik hier die letterlike woorde uit ons Afrikaanse vertaling. Ons sal dit gewoonlik doen. Hierby maak ons 'n opmerking.

Die boek Prediker is 'n moeilike boek; moeilik om te vertaal en moeilik om te verklaar. 'n Mens kan natuurlik nie tot die regte verklaring kom sonder om eers die regte vertaling vas te stel. Maar jou vertaling moet ook so wees dat dit sinvol verklaar kan word. Vertaling en verklaring gryp op mekaar in. Wie van u nou van onderskeidene vertalings kennis neem, van die Afrikaanse, die Nederlandse, die Engelse byvoorbeeld, kom al gou tot die ontdekking dat die vertalings onderling verskillend is. Daaruit vloei weer verskil in verklarings voort.

Om nou na die eise van die vak, van die uitleg-kunde, te werk te gaan, sou beteken om verskillende vertalings en verklarings met mekaar te vergelyk en daaruit dan 'n gemotiveerde keuse te maak. Ek rig my egter tot mense wat hulle Bybel in Afrikaans lees en daarom hou ek my aan die Afrikaanse vertaling en hierdie Afrikaanse vertaling is van so 'n kwaliteit dat dit heeltemal geregverdig is om so te maak. Dit kan egter gebeur dat ek my genoodsaak sien om van hierdie reël af te wyk. En dit is hier in 1:13 alreeds die geval. Naas ons vertaling "om met wysheid te ondersoek en na te speur" — 'n vertaling wat dikwels gegee word (Volck, Del Brtn, Gems), is ewe goed moontlik om te vertaal: "om wysheid te soek en na te speur met betrekking tot die dinge wat onder die hemel gebeur". In die eerste geval is "wat onder die hemel gebeur" die voorwerp van ondersoek en dit geskied dan met wysheid. Dit is 'n bleek, 'n mat bewe-ring. Hoe sou die ondersoek anders as met wysheid gedoen word? In die ander geval, soos bo genoem (Hertz, Aald), is die wysheid die voorwerp van ondersoek. Dan kry ons die veel skerper betekenis dat Prediker ondersoek instel of daar ook wysheid, sin, doel en betekenis ontdek kan word in die dinge wat op die aarde gebeur. Dit is egte wysgeerwerk: wat is die sin van die dinge?

By hierdie opvatting pas goed aan dat Prediker nie net na wysheid soek nie maar ook, soos hy in vs. 17 sê, onverstandigheid en dwaasheid wil leer ken. 'n Mens kan 'n ding mos ook leer ken uit sy teenstelling.

In vs. 13 gaan Prediker verder deur te sê: Dit is 'n moeilike taak, dit is 'n kwaad ding, wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. Die vraag is, wat word met "dit" bedoel. Die taak om na wysheid te soek? Nee, dit is nie iets wat God die mensekinders oplê nie; dit onderneem die Prediker op eie inisiatief. Wat God aan die mensekinders oplê is die daaglikse doenigheid in hulle werke en lewe, dus die dinge onder die hemel waarin die Prediker nou wysheid, sin, wil ontdek, waarin hy tegelykertyd ook wil soek na onverstandigheid en dwaasheid. Die Prediker kyk na die dinge en dan roep hy uit: dit is 'n moeilike taak, dit is 'n kwaai besigheid wat net kwelling veroorsaak. Om dit plat te sê: hy roep uit: wat is dit daar op aarde 'n rommelary! En ook onherstelbaar. Wat krom is kan nie reggemaak word nie. Hertz, herinner aan die Palestynse spreekwoord van die skoenmakerlees: "al slaan jy 'n hond se stert ook honderdmaal op die lees, dit bly krom". Verder ontbreek daar so ontelbaar veel. En dit is nou die lewe wat God aan die

mensekinders gee. Die mense wil nie so nie, maar hulle moet so. Hier vind ons weer 'n ooreenstemming met Paulus. As hy praat van die nietigheid waaraan die skepping onderworpe is dan sê hy: nie gewillig nie, maar terwille van hom wat dit onderwerp het! Die Prediker sê hier: dit is God.

Al die geswoeg en gekwel op die aarde is, so besluit hy, tevergeefs en *gejaag na wind*. As iemand sy hand deur die lug slaan om die wind te gryp en hy maak sy hand oop, dan het hy niks nie. Dit is gejaag na wind.

Die Prediker gaan voort deur te sê dat hy tog waarlik wel bevoeg is om te oordeel, maar as hy dan opnuut alles bekyk, wysheid en dwaasheid, vs. 17, kom hy tot dieselfde konklusie, (later 2:12 kom hy hier weer op terug). Meer nog, sy eie ondersoek lewer ook niks as teleurstelling op en is óók gejaag na wind. Sy ondersoek na wysheid is ook maar 'n verdrietige saak en hoe dieper hy op die saak ingaan des te meer word hy teleurgesteld. Want by baie wysheid is baie verdriet en wie kennis vermeerder, vermeerder smart. Hoe meer 'n mens deurdring tot die wese van die aardse dinge, want daarvoor gaan dit hier, des te meer sien hy hoe krom en gebrekkig alles is. So eindig sy eerste ondersoek.

Hoe pessimisties, sê ons. Kan ons dit maar rustig langs ons neer lê en sê: dit is Prediker se siening, dit is nie so erg nie?

In die vervolg sal blyk dat dit wel so erg is. Wel verkondig die Skrif andere waarhede wat hierteenoor staan. Maar wat die Prediker sê word ook op ander plekke in die Skrif gesê en dit is 'n waarheid wat opgeneem moet word in die geheel van ons lewens-beskouing.

Waarom is alles tevergeefs?

Omdat die grondslag van egtheid en waarheid daaraan ontbreek en dit ontbreek omdat dit deur leuen daaronder weggeslaan is.

God het verkondig wat die ware toedrag van sake was toe Hy gesê het: Van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag as jy daarvan eet sal jy sekerlik sterwe. Dit was die waarheid en met en uit en deur die waarheid kon die mens verder lewe, ongesteurd.

Maar nou kom die groot leuenaar en sê: dit is nie waar nie. Hy stel 'n ander werklikheid en spoor die mens aan om uit die werklikheid te lewe. En die mense het dit aanvaar. Nou gaan hulle lewe uit 'n werklikheid wat geen werklikheid is nie. Daarom is alles ydel.

Kan hierdie krom dinge nie reggemaak word nie?

Nie in hierdie wêreld waarin Prediker gekyk het nie. Dit is die wêreld van die leuen. Daarin is die onvrugbare werke van die duisternis (Ef. 5:11). Jesus breek dit af deur die leuen te weerspreek en waarheid en lig te bring. Dit is sy lewenstaak. Daarvan getuig hy voor die regter Pilatus: Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom om vir die waarheid te getuig. In die Koninkryk van Christus is alles werklikheid. Daar is vrymaking van die slawerny van die verganklikheid. Daar is die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. En die Koninkryk van Christus word reeds gebou. Daarin is niks tevergeefs nie. Prediker is ons sombere gids deur die wêreld van leuen en bedrog. Wie uit die waarheid is, sien dit met skrik en luister na die stem van Jesus (Joh. 18:37).

WEELDE LAAT DIE SIEL LEEG

Prediker 2:1-11

DIE gewone daaglikse lewe onder die son wat Prediker in die vorige hoofstuk bekyk het, is maar 'n moeilike taak, 'n kwaai bestaan. Aan alles is daar gebrek en wat nie ontbreek nie, is krom. Geen wonder dat in so 'n lewe geen bevrediging gevind word nie.

Maar die Prediker hoef nie so 'n alledaagse lewe te lei nie! Hy kan dit beter kry! Sou dit geen bevrediging gee nie?

Hy gaan dit ondersoek. Hy neem die proef met 'n lewe vol vreugde. Hy sê vir homself: "Geniet dan die goeie! Leef lekker! Hy is mos 'n koning; hy kan dit dus doen.

Voordat die Prediker gaan beskryf hoe hy daardie proef geneem het, sê hy al by voorbaat dat dit ook ydelheid is: "Maar kyk, ook dit was tevergeefs". Dit weet ons dus alreeds.

Tog gaan hy die proefneming nog breedvoerig beskryf.

Die eerste wat hy noem is *die lag*. Dit het hy onsinnig genoem. Hy bedoel daarmee die vrolikheid, ons kan maar sê die uitbundige en oppervlakkige vrolikheid van so 'n lekker lewe; die dwase lag van uitgelate mense. En die vreugde, die plesier van so 'n lewe — "wat verskaf dit?" Dit laat jou siel leeg.

Prediker het ook 'n proef geneem deur sy liggaam met die genot van wyn te verkwik. Wyn maak mos die hart bly (Ps. 104:15) en bring jou in 'n roes van bedwelming. Maar so ver wil die Prediker hom nie laat gaan nie. Hy sê: sy hart lei hom met wysheid. Hy vergeet nie dat hy met 'n proefneming besig is nie. Hy hou homself in beheer terwyl hy die dwaasheid begaan — want dit is dit tog eintlik — om die genot van wyn te soek. Sy doel bly om te sien wat goed is vir die mensekinders, wat hulle moet doen onder die hemel gedurende die getal van hulle lewensdae.

Die Prediker beskryf nou (vs. 4 en v.) hoe hy hom so 'n lewe van vrolikheid voorstel naamlik as 'n weeldelewe. Hy het mos gesê dat hy 'n koning was. Hy teken ons nou voor wat hy gedoen het, almal dinge om die lewe te veraangenaam, dinge wat ook binne sy bereik as koning gelê het. Hy het huise gebou, wingerde geplant, tuine en parke aangelê, damme gemaak om sy vrugtebome te besproei. Hy het baie slawe gehad en beeste en skape. Hy het silwer en goud versamel. Sangers en sangeresse het sy ore gestreel. Ook het hy lieflinge in menigte gehad vir sy menslike geneugte. Maar, so voeg hy tussen sy opsomming in, my wysheid het by my gebly. Dit het hy ook gesê van sy wyndrinkery. Hy hou hom in beheer maar verder het hy alles wat sy oë begeer, hulle nie ontsê nie; sy hart het hy van geen enkele vreugde teruggehou nie. En dit nie om die genot op sigself nie maar om te sien of daar nou waarlik geluk in geskuil het. Dit het inderdaad geskyn of dit so was. Hy het hom moeite getroos om die weeldelewe op te bou maar sy hart het hom ook verheug. Die vreugde was sy deel van sy moeitevolle arbeid.

Maar nou kom hy plotseling tot besinning (vs. 11) en sy bevinding is wat hy reeds in vs. 1 genoem het. Hy sê: Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het — en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind en daar was geen voordeel onder die son nie. Geen voordeel, geen blywende wins nie. Sy siel het leeg gebly, die vreugde was hol. Dit was alles gejaag na wind. Soos die hand wat die wind wil gryp, leeg bly, so was sy lewe met al die weelde leeg.

Is die Prediker nou nie 'n eienaardige man nie?

Dink uself maar in sy posisie in. U het 'n mooi huis en 'n mooie tuin, beeste en skape; personeel om dit alles op te pas; vrugtebome en besproeiing; boonop nog geld in oorvloed. Is dit nie begeerlik nie? Watter man of vrou van ons sou dit minag? En wat dink die mans as hulle lees van die genoeëns met harem-meisies?

Stil — die hand op die mond!

Ons sou hierdie weeldelewe wel aandurf.

Maar die Prediker gooi dit weg. Nee, neem dan Nebukadnesar. Hy was ook 'n groot koning, magtig, ryk, met paleise en tuine. Ook hy het een dag gekyk na die werk van sy hande en nie gesê: Ag, dit beteken almal niks nie. Nee, hy het hom daarop beroem en uitgeroep: Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë en tot verheerliking van my majesteit nie?

Hoekom begryp ons Nebukadnesar so veel beter as wat ons Prediker begryp?

Dit hang af van waarna ons hart uitgaan, na God of na die wêreld. Wie uit God is — sy siel kan nooit met die goed van die wêreld gevul word nie. Die siel vind alleen rus in God. Wie God ken as sy Vader kan Hom nie ontbeer nie, maar is liewer in sy woning 'n dorpelwagter as gewend aan yd'le vreug in sondaarstent.

"Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie.

As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

Die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig".

— 1 Joh. 2:15.

Hierdie woorde van Johannes het die Prediker nie geken nie.

Maar hy het die waarheid daarvan aangevoel.

Sy siel het leeg gebly met al die wêreldse weelde.

Die Prediker 'n eienaardige man?

Hy was 'n man met 'n diep godsdienstige besef.

Hy het dit betoon in sy verwerping van weelde sonder God, negatief, maar nie minder duidelik.

Laat ons die wêreldse luister van Nebukadnesar vergeet en ons verdiep in die gevoelens van die Prediker.

HET DIE WYSHEID VOORKEUR BO DIE DWAASHEID ?

Prediker 2:12 — 23

In 2:12 begin Prediker met 'n nuwe aanhef; hy gaan wysheid en dwaasheid naasmekaar in oënskou neem. Al twee kan tog nie ewe vergeefs wees nie? In 1:17 het hy hieroor ook al gepraat maar toe het hy daar nie verder op ingegaan nie. Dit skyn asof hy toe daar te moedeloos vir was. Maar nou, in 2:12 het hy 'n nuwe aanleiding. Hy het homself mos, op soek na lewensbevrediging, opsetlik met die dwaasheid ingelaat naamlik deur die genot van die wyn te soek. Dit was dan bedoel as 'n proefneming waarby sy hart hom met wysheid sou lei! So was daar in sy gedrag 'n vermenging van wysheid en dwaasheid Hierdie twee wil hy nou nader in oënskou neem.

Hy sê nogal met nadruk: Ek het my begewe . . . In sy wyngenieting het hy hom laat gaan maar nou wil hy dit selfstandig beskou.

In vs. 13 volg dan die resultaat van hierdie onder-soek, maar daar kom eers nog iets anders: die tweede helfte van vs. 12 met 'n vreemde inhoud. Daar staan: "want wat sal die mens kan doen wat ná die koning kom? Wat lankal gedoen is!" Hoe kan hierdie gesegde in die sinsverband ingepas word? Aan die verklaring van hierdie woorde is al baie denkkrag en skerpsinnigheid bestee; oplossings is gesoek deur omsetting van die volgorde, deur wysiging of aanvulling van die teks. Hierdie laaste poging vind ons ook in ons Afrikaanse vertaling want "doen" is 'n invoeging of aanvulling van die teks soos blyk uit die kursiewe druk. Die oorspronklike uitdrukking is baie kort en wek die gedagte dat ons hier met 'n spreekwoord te doen het (Gall. bl. 57). Prediker gebruik wel meer spreekwoorde wat hy inlas by sy betoog (kyk bv. 1:15). Die spreekwoord is nog wel verstaanbaar: Wat doen die man wat ná die koning kom? Wat lankal gedoen is! Hierdie woorde het betrekking op die troonopvolger. Hy kom in vs. 18 en 19 weer ter sprake. Die betekenis is: die toekomstige koning sal maar in die ou spoor voortgaan.

Hoe moet hierdie spreekwoordelike uitdrukking egter ingepas word in die verband, in die redebeleid? In ons Afrikaanse vertaling en trouens ook in baie ander vertalings word dit ingepas met "want". Dan gee die aangehaalde spreekwoord die rede aan waarom Prediker wysheid en dwaasheid in oënskou wil neem. Maar so opgevat is die woordjie "want" die grootste moeilikheid in die teks.

Die woordjie wat hier in die oorspronklike teks staan beteken inderdaad en selfs dikwels: want. Dit is egter 'n lastige woordjie wat in wel twintig verskil-lende betekenis gebruik kan word. Een daarvan is dat dit selfs die gedagte aan 'n teenstelling kan bevat, in die mate dat dit selfs *nee* kan beteken, veral in 'n gesprek.

Ek wil dit met twee voorbeelde bewys. In Job 22:2 vra Elifas: Kan 'n man aan God 'n diens bewys? En dan antwoord hy self: Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens. In Rut 1:10 protesteer die skoon-dogters teen Naomi en sê: Nee, ons wil saam met u teruggaan. In beide gevalle is "nee" vertaling van dieselfde woordjie wat in ons teks met "want" vertaal is. Ons het dan nie met 'n voegwoord te doen nie maar meer met 'n "uitroepwoordjie". Dit kan ook in ons teks die geval wees. Die Prediker val homself in die rede en sê: nee! (Wildeb. bl. 128) Hy bedink dat sy poging tog vrugteloos is. Eers het hy gedink dat hy met sy ondersoek iets nuttigs sou doen, iets nuttigs vir die toekoms, maar dan kom dit plotseling voor sy aandag dat die volgende geslag tog nie sal luister nie; hulle gaan tog maar op die ou trant voort.

As ons vs. 12b so opvat dan kry ons hier 'n bedenking van die Prediker teen sy eie voorneme maar dit is maar 'n vlugtige inval; hy stap daar oorheen en gaan in vs. 13 tog voort met die verslag van sy bevinding.

Prediker moet toegee dat daar wel verskil is tussen wysheid en dwaasheid. Wysheid het dan

die voorkeur bo dwaasheid soos die lig die voorkeur het bo die duisternis. Die wyse het sy oë in sy hoof. Hy sien sy omgewing, sy medemense en wat hulle doen, hy vorm vir homself 'n oordeel oor die dinge wat hy sien. Die dwaas het natuurlik ook oë in sy hoof, maar hy wandel tog in duisternis; hy gebruik sy oë nie met verstand nie. Opmerk, krities kyk, dit is die voortreflikheid van die wysheid!

Maar — en nou noem Prediker 'n reeks dinge op, waardeur die voorkeur van die wysheid sy betekenis weer verloor.

Ten eerste dat een en dieselfde lot almal tref sowel die wyse as die dwase. Hy reken homself as 'n wyse, maar wat het dit hom gebaat as die lot van die dwaas ook hom tref? Dan is dit mos tevergeefs om wys te wees? Wat is dieselfde lot? Die vergetelheid waarin alles wegsink! Daar sal op die duur net so min gedagtenis wees van die wyse as van die dwaas, omdat in die dae wat kom, alles lankal vergeet is (1:11).

Is dit so?

Sekerlik is dit so!

Die mens — soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy; as die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie *en sy plek ken hom nie meer nie* (Ps. 103:15, 16). Tog het die Prediker maar een kant van die saak beet. Hy bekyk dinge vanuit sy sombere stemming en is daarom subjektief en eensydig in sy beskouings. Lynreg teenoor sy beskouing staan die van Ps. 112:6, die regverdige sal in ewige gedagtenis wees en Spreuke 10:7 maak 'n duidelike teenstelling: Die nagedagtenis van die regverdige is tot seën, maar die naam van die goddelose vergaan. In die Nuwe Testament word ons selfs opgewek om ons voorgangers wat die woord van God aan ons verkondig het, te gedenk (Hebr. 13:7). Maar Prediker maak geen onderskeid tussen regverdiges en goddeloses. In sy pessimisme skeer hy alle mense oor dieselfde kam. Daar-deur is wat hy sê *betreklik waar*. Vir die ander kant van die saak het hy geen oog nie. Of weet hy nie daarvan nie? Hy is geen bringer van blye boodskap nie maar 'n doemprediker. Hy sien die wêreld nie in verlossingslig nie en elkeen wat buiten die verlossings-lig leef, moet tog maar na hom luister. As die skoen jou pas, moet jy dit maar aantrek.

So is dit ook met die andere besware wat Prediker opnoem. Die wyse sterf mos net soos die dwaas! Dis ook weer waar! Wyse manne sterwe, sê Ps. 49:11, die dwaas en die onverstandige kom tesame om. Tog is daar wel verskil tussen hierdie psalmwoorde en Prediker se woorde. In Psalm 49 word hulle wat deur ryk geweldenaars verdruk word, getroos met die gedag-te dat die geweldenaars ook eendag dood gaan. Soos skape word hulle bestem vir die doderyk, soos skape wie se herder die dood is en — die opregtes heers oor hulle in die môre. Sulke gedagtes val buiten die gesigskring van die Prediker. Vir hom is doodgaan = doodgaan. En van 'n sterwe wat wins is (Filipp. 1:21) het die Prediker geen begrip gehad, maar dit mag ons nie verhinder om, as ons Prediker lees, sy woorde tog wel in ons oordenking te betrek.

In die eensydigheid van sy beskouings het Prediker die lewe gehaat en die werk wat onder die son d.w.s. op die aarde en slegs op aardse wyse gedoen word, gehaat. Alles is tog ydelheid.

Sy lewenswaardering slaan dus om in haat. Dit gaan met hom soos met Job wat ook gesê het "Ek verfoei my lewe" (7:16); "ek walg van my lewe" (10:1). En Job het daartoe meer rede gehad as Prediker! By hom is dit slegs frustrasie en tog druk dit hom net so diep terneer as die lyde Job terneergedruk het. Hoe groot is die geestelike armoede waartoe 'n mens verval by die beskouings van Prediker. As ons van dié armoede verskoon bly is dit nie omdat ons in en van ons self meer besit as Prediker nie. Hy leer ons ons self ken. Dan is dit omdat ons deel gekry het aan die nuwe dinge wat God geskep het, wat Prediker nie gesien het nie.

'n Volgende beswaar van Prediker teen die voorkeur wat die wysheid sou hê, is dat hy al sy arbeid wat hy onder die son met moeite verrig het, moet oorlaat aan 'n mens wat. na hom

kom. Uit sy woord-gebruik blyk nie veel waardering vir daardie mens nie. Hy ken hom nie. Dis 'n vreemde. Miskien is hy wel 'n dwaas, maar dwaas of nie, dié mens sal heers oor wat hy met moeite tot stand gebring het. Ook dit is ydelheid! Tevergeefs. So verval Prediker tot wan-hoop. Hy is dus met sy bepeinsings nie op die weg na die lewe nie. Hy sak al dieper weg, van haat na wanhoop. Die vrugte van sy moeite val in hande van 'n ander wat daarvoor niks gedoen het nie. Sou 'n mens dan nie alle moed verloor nie? "Hulle woel verniet; hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie". Ps. 39:7. Die Prediker klaag soos Job gekla het. Sy dae is smarte en sy bemoeienis is verdriet; self snags rus sy hart nie. So het Job ook gesê: nagte van moeite is vir my bestem. (7:3).

So kom Prediker weer uit by sy treurig refrein: Dit is dan ook tevergeefs. Job het homself daaruit omhooggeworstel. Prediker nie! Maar Job het met God geworstel; hy pleit by God (13:3). Prediker worstel met die dinge wat voor oë is.

GOD BESKIK NA SY GOEDDUNKE OOR ONS BESIT

Prediker 2:24 — 26

In vers 24 wyk ons Afrikaanse vertaling nog al sterk af van baie ander vertalings. Hulle vertaal: daar is niks beter vir 'n mens as om te eet en te drink en sy siel die goeie te laat geniet . . . Dit is 'n gedagte wat meer-maal deur die Prediker uitgespreek word, 3:22; 5:17; 8:15; 9:7, en nou wil hulle dit ook hier lees, al is daarvoor 'n kleine tekswysiging nodig. Ons Afrikaanse vertaling gee egter 'n korrekte vertaling van die oorspronklike teks (soos ook Volck, Aald en Nederl. Bijbelgenootsch.) Daardeer kom boonop 'n besondere gedagte van Prediker aan die lig naamlik dat dit nie in die mens kleef, d.w.s. dat die mens dit nie in sy eie mag het, dat hy eet en drink en sy siel die goeie laat geniet by sy moeitevolle arbeid nie Prediker sien in dat dit ook kom uit die hand van God. (Dit staan dan ook weer in 3:12, 13).

Oor die ingryping van God in die lewe van die mense het Prediker nog nie veel gesê nie. Hy het gesê (1:13) dat die menselewe 'n moeilike taak is en dat God dit aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. Erg dankbaar oor die bemoeienis van God met ons lewe skyn Prediker nie te wees nie! Tot die klagte van Prediker behoort ook dat 'n mens self niks het aan sy verworwe goed nie; hy moet dit oorgee aan andere wat daaraan geen moeite bestee het nie (vs. 21). Die nuwe gedagte in ons vers is dat 'n mens dit nie self in beheer het nie. Dit is God wat daarvoor beskik. Sonder Hom, buiten Hom om, kan 'n mens nie van sy goed geniet nie. En hoe beskik God daarvoor? Na sy goeie gedunke! Hy neem iets weg van die een om dit aan 'n ander te gee. God laat die aardse goedere van eienaar verwissel. Job het dit ook opgemerk. Hy sê: Die goddelose hoop silwer op soos stof en skaf klere aan soos modder — maar die regverdige trek dit aan en die onskuldige verdeel die silwer. Die spreukedigter het gesê: die vermoë van die sondaar word vir die regverdige weggebêre (13:22) en: wie sy goed vermeerder deur rente en woeker, maak bymekaar vir een wat hom oor die armes sal ontferm (28:8). In hierdie uitsprake kry die verwisseling van eie-naar 'n sedelike motief. Dit is 'n soort vergelding waarmee ons wel kan saamstem. Maar van so 'n sedelike motief maak Prediker in 2:24 - 26 maar baie swak gewag, swakker as wat ons uit die bewoording van ons teks sou kan aflei. Want wat is die maatstaf van God? Of 'n mens welgevallig is voor sy aangesig! Aan hom gee Hy vreugde. En die ander een? Dat is hy wat die welgevalle van God mis. Hier vertaal met sondaar. Nie onjuis nie. Hy wat die welgevalle van God mis is ook meestal 'n sondaar. Maar die Prediker maak die teen-stelling van wel of nie welgevalle by God hê. Om die humeur waarin Prediker dit sê weer te gee, sou ons kan sê: jy moet in sy goeie boek wees! En as dit nie die geval is nie dan gee hy jou die taak om bymekaar te maak en te versamel om dit dan te gee aan een wat welgevallig is voor die aangesig van God.

Hier erken Prediker dus ten volle die vrymag van God, meer as wat hy sedelike motivering opmerk. Dit skyn dat Prediker hieroor nie so baie bly is nie, want hy sê daarvan: Ook dit is tevergeefs en 'n gejaag na wind. Hierdie slotwoorde het 'n stereotiepe uitdrukking geword. Maar as Prediker die vrymag van God in vroomheid sou geëerbiedig het, dan sou hy daardie stereotiepe uitdrukking hier nie gebesig het nie. In sy wanhoopstemming doen hy dit wel. Hy sien in die gang van sake onder die son die magteloosheid van die mens en vanuit daardie gesigspunt lyk die lewe ook weer ydel, vergeefs.

UUR EN TYD

Prediker 3:1 — 15

ALLES het sy bepaalde uur . . .

Met hierdie gedeelte uit Prediker stem ons gemaklik in. "Alles op sy tyd!" Dit sê ons ook en meestal is dit dan 'n vermaning aan die adres van iemand wat iets onderneem op 'n ongepaste tyd. As die boer midde-in die oes sit, moet sy vrou nie neul dat hulle kus toe moet gaan. As 'n seun iets van sy pa wil vra moet hy dit doen op 'n gunstige oomblik en nie as sy pa 'n vreeslike kopseer het nie. Dit sou ontakties wees. In die sin stem ons geredelik met Prediker in. Maar het ons dan die bedoeling van Prediker reg gevat? Dat alles op sy tyd moet gebeur, vind ons nie so erg nie. Dit is mos goed! Maar Prediker vind dit nie so goed nie. Hy kla daaroor. As hy die lang reeks sake genoem het wat almal hulle tyd en uur het, dan sê hy: Watter voordeel het hy wat werk daardeur dat hy hom vermoei? Wat baat hom dit alles? Prediker uiter hierdie selfde klag wat hy reeds eerder uitgespreek het: Ydelheid! Alles tevergeefs! Gejaag na wind; geen voordeel onder die son nie! En weer sê hy, net soos in 1:13b, dat hy die taak gesien het wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. Die lewe onder die son is 'n kwelling; en God doen hom dit aan. Ons herinner weer aan Rom. 8:19, die skepping is nie gewillig aan die nietigheid onderworpe nie, maar ter-wille van hom wat dit onderwerp het.

Tot die omstandighede wat die lewe so treurig maak behoort nou ook dit dat alles sy bepaalde uur het en dat daar vir elke saak onder die hemel 'n tyd is. En waarom vind die Prediker dit so droefgeestig? Hy sien daarin dieselfde eentonigheid as wat hy gesien het in die natuur: die opeenvolging van die geslagte, die eindelose rondgang van die son en van die winde, die nuttelose uitloop van die riviere in 'n see wat nooit vol word nie, dinge wat so onuitspreeklik vermoeiend is. (hoofst. 1). So leef die mens met sy werk in 'n sirkelgang van opeenvolgende toestande en geleenthede. Die sirkelgang is ook ydelheid, tevergeefs.

By hoofstuk 1 het ons opgemerk dat die kyk op die dinge by Prediker eensydig is en subjektief. Dit is hier in hoofstuk 3 ook die geval. Dieselfde dinge kan ook anders bekyk word. Maar daarom is die kant wat Prediker sien, nie onjuis nie. Hy sien dieselfde nietigheid wat Paulus gesien het. Die nietigheid is inderdaad daar. Daar is allerlei dinge in die lewe waardeur die mense trag om dit te bowe te kom, hulle lewensmoed, hulle inspanning, hulle planne, hulle saamlewing met mekaar. Maar help dit werklik? Agter die rumoer daarvan hoor Paulus die gesug van die ganse skepping. Daarvan is verlossing alleen moontlik deur vernuwing van alle dinge deur God in Christus Jesus, 'n vernuwing waarvan Prediker nie geweet het nie! (1:9) Die werklikheid van ons menslike lewe leer ons tog deur Prediker ken en ons moet dit leer ken om daaruit verlos te kan word. Waaruit ken jy jou ellende?

In 'n reeks van veertien teenstellings teken Prediker die sirkelgang voor ons oë. Hy begin deur te sê: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe. Ons moet dit nie te individueel opvat nie, dit nie net op die enkele persoon laat slaan nie. Prediker skou die lange termyn. Hy bedoel hier dieselfde wat hy in 1:4 gesê het: die een geslag gaan en die ander geslag kom. Hierdie eerste teenstelling wat hy noem is duidelik een wat deur God bewerk word. Die mense doen dit nie vrywillig nie, nog om gebore te word, nog om te sterwe. Dit is beskikking van God. Die sirkelgang van lewe en dood is 'n dwang. Prediker sien die ganse wêreldloop as 'n opeenvolging van geboortes en sterf-tes. Dit is weer sy subjektiewe waarneming waardeur hy geen nut daarin kan sien nie. Daar is ook 'n ander waarneming moontlik: dat God sy volk lei van geslag tot geslag. Maar van die kant besien die Prediker dit nie. Hy weet wel van God maar praat nooit van die HERE nie. Hy weet ook nie van 'n volk van die HERE nie, hy sien net mense en orals mense. Hy sien niks as gebore word en sterwe, eeu na eeu. En dit gaan buite die wil van die mens om. God laat gebore word, God laat sterwe.

By die ander teenstellings is dit nie altyd ewe duidelik dat hulle onder die beskikking van

God staan nie. By sommige is dit selfs duister wat daarmee bedoel word. Dit is die geval met die teenstelling: klippe weggooi en klippe bymekaar maak. Hou dit verband met die bou van 'n huis of die aanleg van 'n wingerd (Jes. 5:2)? Daar is nog ander verklarings, o.a. ook op seksueel gebied (vgl. Job 31:10). As dit juis is loop die twee vershelfte van vs. 5 parallel, wat in die meeste ander teenstellings ook die geval is, miskien ook in vs. 7 as skeur ten minste beteken: klere skeur, as teken van rou en ook swyg dui op 'n houding in droewige tye (Am. 5:13).

By sommige teenstellings is dit duidelik dat hulle onder beskikking van God staan, met name die eerste en die laaste: oorlog en vrede. Prediker sien die wêreld-geskiedenis in sy tyd as 'n aaneenskakeling van oorloë. So is God se wêreldbestuur! Tog staan die ander teenstellings ook onder Gods beskikking, onder 'n dwingende gang van sake wat deur God bestuur word. Daar is 'n tyd om te ween en te lag. Maak 'n mens dit self uit of hy sal ween of lag? Wie sê nou ooit: nou gaan ek 'n keer ween? Of ween hy omdat sy lewenservaring hom noop om te ween? En hy lag alleen maar as sy lewensomstandighede, deur God gelei, aan hom rede gee om te lag. Hy is gebonde deur die gebeurtenisse met en om hom. En waarom sal hy vandag soek en môre verlore laat gaan, vandag bewaar en môre weggooi? Vanwaar die veranderlikheid? Vanwaar die veranderinge in die gedrag van mense volke? Die veranderinge in gevoelens en opvattinge? Dit staan onder die invloed van 'n onverklaarbare noodwendigheid in die gang van die lewe, onverklaarbaar, maar onder inwerking van God! In die verlede het die mense só gemaak, nou maak hulle anders. En dit geskied onder 'n onbegryplike dwang. Dit is die sirkelgang van geslag tot geslag en van eeu tot eeu wat Prediker laat kla oor die werk wat die mense vermoei, nutteloos vermoei, want die verandering is eentonig dieselfde. Daarom hoef ons ook nie te vra na een of ander sisteem in Prediker se opsomming nie. Hy som maar willekeurig op en spring van die hak op die tak; maar iets anders val op: die een keer gryp hy die lewe aan in sy opgang en bloei: gebore word, plant, soek, liefhê om dit dan in sy teenstelling te laat verloop; die ander keer gryp hy die lewe aan in sy neergang en teleurstelling: dood-maak, ween, skeur, swyg om dit dan in sy teenstelling te laat opkom: genees, huppel, spreek. So doen hy beurtelings en dit gee aan sy opsomming 'n op en neergaande golwende lyn soos halms op 'n koringland buig onder die wind en weer oprys, oprys en weer buig onder die wind. So sien hy op ver afstand en op lang termyn die mensegeslagte verbygaan. Natuurgang en geskiedenisgang — dit is alles ewe eentonig en droefgeestig. Dit bring hom tot die klag dat die taak wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel, sonder voordeel is.

Is dit eensydig? Droefgeestig? Swartgallig?

Ja, want jy kan dit ook anders besien. Tog is dit waar wat Prediker sien. Hy sien maar net "onder die son", die kaal, naakte lewe, versonke in die nietigheid wat Paulus ook gesien het, sonder die baie ander dinge soos goedheid en lankmoedigheid, leiding en sorg van God.

Ons is genadekinders. Maar dink u in dat die genade nie daar was nie. Dan is daar niks anders as wat Prediker beskryf. Dan leer u u ellende ken! En daarvan is verlossing alleen moontlik deur die nuwe dinge wat God maak!

Maar van God as 'n Herskepper maak Prediker geen gewag nie. Hy ken net die Skepper-God. En dit is dié God, die Skepper, wat die mense hou in die klem van die tyd. Hy self is alomteenwoordig d.w.s. sy bestaan is nie ingeknel in 'n bepaalde ruimte nie. Maar as Hy sy skepping in die aansyn roep, sit Hy dit in die vorme van plek en tyd. Sy skeppingswerk *is* om ruimte, plek te maak waar sy skepsele kan bly. Aan die ruimte is die tyd onafskeidelik verbind. Aande en oggende is die insnydings waardeur ons die tyd ervaar.

Van die twee bestaansvorme is die tyd wel die mees knellende vir die mense. In die ruimte kan jy jou beweeg; in die tyd nie. Die *plek* waar die dood dreig kan jy ontvlug, die *moment* van die dood nie. Die mens is gebonde aan die moment waarin hy staan. Hy kan geen sekonde agteruit beweeg, geen sekonde op die tyd vooruitloop nie. Selfs Jesus was in sy mensheid aan tyd gebind. Hoe dikwels sê Hy nie: My uur het nog nie gekom nie? Of: Die uur het gekom (Joh. 17:1)! Jesus het dit geweet deur sy eenheid met die Vader. Ons ken ons

ure nie. Ons kan geen moment vorentoe sien nie. Tog het Prediker hieroor nog iets om te sê. Hy bekyk die wêreld nou ook 'n keer van God se kant af. En dan sê hy: God het alles mooi gemaak op sy tyd. Die tyd is 'n binding, 'n knelling vir die mense. Tog het God dit mooi gemaak, maar Hy staan daar bo en die mens sit daar in; en tog weer so dat hy hom bewus is van die tyd. Oor die trekvoëls word ook gesê dat hulle hulle bepaalde tye ken; die swaweltjies neem die tye van hulle koms in ag (Jer. 8:7). Die tydsbesef van die mens is egter anders en staan op hoër plan. Dis by hom geen natuurdrif of instink nie, maar bewuste kennis, besef van tyd en die mens kan hom, al is dit ook alleen maar in gedagte en voorstellings, "verplaas" na verlede of na toekoms. Prediker druk dit uit deur te sê: Ook het Hy die-eeu in hulle (die mense se) hart gelê. Van hierdie uitdrukking word baie verklarings gegee. Reeds die vertaling van die oorspronklik met die woordjie "eeu" is nie seker nie. Maar ondanks die onsekerhede voel ons tog wel aan dat hier bedoel word, dat God die mens ook iets gegee het wat bo die tydknelling uitgaan. Sou die Prediker aan "die beeld Gods" gedink het? (Wildeb.) Prediker het met die woorde "God het alles mooi gemaak", verseil geraak in die sfeer van die skeppingsverhaal en kan daardeur ook aan die skepping van die mens na die beeld van God gedink het. Te meer kan dit die geval wees omdat hy tegelykertyd ook weer iets van die besondere gawe moet terugneem; daar is 'n beperking by. Die beeld van God is in die skepping van vandag immers ook nie meer ongeskonde nie? Die beperking wat hy noem is: sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end kan uitvind. God het alles mooi gemaak op sy tyd, maar om dit geheel en al, van begin tot end, te sien, te waardeer, dit kan mens tog nie. Hy besef dat daar in die tydgebeurtenisse wel iets hoërs skuil, maar dit bly vir hom verberg — *verberg*, dit is trouens ook 'n gedagte wat deur die woordjie wat met eeu vertaal is, uitgedruk word.

As Prediker dit so beskryf: 'n mooi skepping en mense met 'n vae besef daarvan sonder 'n klare insig, dan val hy terug op sy stelling van hoofstuk 2:24. Hy sien in (3:13) dat dit nie in die mens se eie mag staan om bly te wees en om dit lekker te hê in die lewe, want hy ken sy ure nie, die tyd oorval hom met sy gebeurtenisse. Om te kan eet en drink en die goeie te geniet by al sy moeitevolle arbeid, is 'n gawe van God. En God gee dit aan wie Hy wil.

So het Prediker in sy redenering weer by God uitgekom, net soos in 2:26. Toe het hy wat God doen van die mens se kant bekyk en gesê: vir die mens beteken dit niks as ydelheid en gejaag na wind. Maar hierdie keer bekyk hy die menslike wederwaardighede van die kant van God en sê: alles wat God doen sal vir ewig bestaan. Teenoor die wisselvalligheid en veranderlikheid en onberekenbaarheid van die menslike lewe staan die bestendigheid van die werk van God.

Hier word ons verras deur 'n keerpunt in die beskouings van Prediker Hy sien nou nie omlaag op die mense maar omhoog op God. Hy het oor God se mooi skepping gespreek. In sy gedagtegang gaan hy daarmee nou verder. Van die kant van die mens besien, gaan alles, sonnengang en windewending, die ervarings van die mense, in 'n eindelose stroom verlore in vergetelheid, nutteloos. Want die mens is te klein en te kortstondig om dit vas te hou. Maar God hou dit vas!

Dit is vir Hom 'n geslote geheel. Daar kan niks bygevoeg en daar kan niks van weggeneem word nie. Dit is 'n onveranderlik geheel. God soek weer op wat verbygegaan het, alles wat onder die son geskied. Daar gaan niks verlore! Wat weet die klein ratjie van die groot masjien af? En wat van homself? Maar die bouer van die masjien weet!

Wat 'n almagtigheid van God!

Sou ons so 'n God nie vrees nie? Maar dit is ook sy bedoeling, dat ons sou vrees voor sy aangesig.

Die omkeer in die beskouing van Prediker is dat hy sy blik afwend van die menslike ongestadigheid en ons die raad van God voor oë stel. Dit is nie tevergeefs nie. Dit is die patroon wat op verwesenliking uitloop.

Prediker predik hier die grootheid van God.

ONREG

Prediker 3:16 — 22

TOT nou toe het Prediker sy blik laat gaan oor die menselewe in die algemeen, oor die lewe onder die son in sy geheel en vasgestel dat dit 'n moeilike lewe is wat hulle deur God opgelê is. Op bepaalde misstande in die lewe het hy nie gewys nie. Dit gaan hy nou doen. Hy wys op misstande wat deur die mense self onder mekaar aangerig word.

As eerste noem hy onreg. Daarna, in hoofstuk 4, verdrukkinge.

Hy sê: Die plek van die gereg — daar was onreg en die plek van geregtigheid — daar was onreg.

Deur die herhaling maak hy sy uitspraak baie beslis. Juis op die plekke waar 'n mens reg en geregtigheid sou verwag en waar dit ook inderdaad behoort te wees, dus by owerhede en besture, by regbanke, by aansienlikes wat oor die lot van onderdane en ondergeskiktes beskik — juis daar word die reg ver-krag. Prediker konstateer dit. Protes of waarskuwing laat hy nie hoor nie. Dit is nie sy bedoeling nie; hy konstateer 'n feit om daaruit gevolgtrekkings te maak.

Inderdaad is onreg 'n algemene verskynsel tot in die wêreld van vandag toe; so was dit ook altyd in die verlede. Reeds van die oudste mensheid lees ons dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, dat die aarde verdorwe was voor die aangesig van God en vol geweld was (Gen. 6:5, 11). Nie *reg* nie, maar geweld het geheers. Daarom kan daar nie 'n bepaalde periode in die geskiedenis aangewys word nie waarop hierdie uitspraak van Prediker van toe-passing moet wees. Wel kan ons egter opmerk dat dit nie van toepassing is op die tyd en regering van Salomo nie, want hierdie koning was beroemd om sy wysheid en regsuitsprake. Dit is een van die redes waarom die boek Prediker nie deur Salomo geskryf kan wees nie.

Trouens — Salomo kan tog moeilik van sy eie beleid sê dat dit onreg was. Die skrywer, wat soos ons gesien het, homself voordoen in die gestalte van 'n ou en wyse koning, het veeleer die oog gehad op toestande onder die Persiese despote wat ons uit die geskiedenis van Ester so goed leer ken.

As Prediker die onreg noem, sê hy twee keer agtermekaar: "Ek het in my hart gesê" (vs. 17 en 18). Hieruit blyk dat verskillende gedagtes hom by die aanskouing van die onreg bestorm. Die een is God sal die regverdige en die goddelose oordeel, want daar is 'n tyd vir elke saak en vir elke werk. Hy verwag dus 'n oordeel van God waarin Hy wel sal regdoen. Dit moet kom, want daar is vir alles 'n tyd. In ons gedagte kan ons by die lys van 3:2-8 byvoeg: daar is 'n tyd van onreg en 'n tyd van reg. Die tye is egter by God bepaal. Op die oomblik sien Prediker net die onreg. Van 'n regspraak is nou niks te sien nie. Daar-om praat hy nie verder daarvan nie. Hy laat dié gedagte vaar en gee alle aandag aan die onreg. Dit bring hom op die ander gedagte: wat beteken die onreg? Sy antwoord is dat die onreg geskied terwille van die mense-kindere. Hulle het dit nodig. En waarom? Prediker noem twee dinge. Ten eerste: dat God hulle kan beproef. Ten tweede: dat hulle kan insien dat hulle in hulleself vee is. Ek dink dat ons hierdie twee doeleindes moet saamvoeg tot een: die toetsing moet uitwys dat hulle vee is. Prediker sien dus in die "beproof", in die toetsing van die mensekindere, 'n gebeurtenis waaruit moet blyk wat hulle eintlik is. Soos 'n mens 'n rotsblok of 'n aardkluit toets om te sien met watter steen- of grondsoort jy te doen het, so laat God die mense hulle eie gang gaan, sodat duidelik blyk wat hulle „in hulleself", eintlik is. Uit hulle gedrag blyk dan hulle aard en wese.

Die toetsing bestaan dan hierin dat God hulle maar onreg laat doen. En wat blyk daaruit dan? Ons sou as antwoord verwag so iets as hulle verdorwenheid. Die antwoord lui tog enigsins anders! Wat blyk hulle te wees? Vee! Veediere!

Dit is wel 'n krasse uitspraak!

Wel is daar 'n beperking by: "in hulleself". Daar is ook ander faktore wat van betekenis is vir hulle wesensbepaling, faktore van buite-af, maar dit laat Prediker buite beskouing. Prediker let, telkens, maar op een kant van die saak: in hulleself is hulle vee.

Dit is wel kras gesê. Tog is Prediker nie die enigste Bybelskrywer wat dit sê nie. In die Psalms vind ons ook sulke uitsprake: Die mens wat in aansien is en geen verstand het nie, is soos die diere wat vergaan (Ps. 49:21) en ook: Toe was ek dom en het niks geweet nie; ek was 'n dier by U. (Ps. 73:22). By hierdie uitsprake moet ons egter steeds in ag neem of hulle van alle mense geld en in watter opsig die mense gelyk is aan die diere. In Psalm 49 word gesprek van mense wat "in aansien" is, die grotes en die rykes (vs. 7), wat baie verbeelding het (vs. 12) maar geen verstand het nie. Van hulle word gesê dat hulle soos die diere is wat vergaan. Soos skape word hulle bestem vir die doderyk. Die digter gee daarvan 'n huiweringwekkende voorstelling as hy sê: "die dood is hulle herder". Maar hy sonder die opregtes uit. Die punt van ooreenkoms tussen die onverstandiges en die diere is dat hulle almal vergaan.

In Psalm 73 is die punt van ooreenkoms die domheid.

Agur sê in sy godspraak: Ja, ek is te dom om mens te wees en ek het geen menseverstand nie (Spr. 30:2).

Prediker maak egter geen onderskeid tussen mense onderling nie. Hy sê ook nie dat domheid die rede is waarom hulle veediere is. Hy skeer, soos hy in sy pessimistiese stemming altyd doen, alle mense oor dieselfde kam en sê kortweg dat hulle vee is. En in watter opsig is hulle dan soos veediere? Die punt van ooreenkoms is, net soos in Psalm 49, dat hulle almal sterwe, dit is almal se lot; soos die een sterwe, so sterwe ook die ander. Uiterlik gesien is dit ook so, mense en diere gaan dood. Of daar verskil is tussen die doodgaan van 'n dier en van 'n mens — daarvoor praat Prediker nie. Hy beklemtoon juis die ooreenkomstigheid deur te sê: almal het dieselfde asem. Dat die een sowel as die ander sterf, vloei dus voort uit hulle bestaanswyse.

Hierdie uitspraak is weer so kras dat ons geneig voel om daarteen te protesteer. Tog het Prediker meer reg om dit te sê as wat ons, mislei deur ons Afrikaanse Bybelvertaling kan dink.

Wat is die misleiding van ons Afrikaanse vertaling?

Dit: Op verskillende plekke in die skeppingsverhaal word gesê dat God *lewende wesens* maak. Dit word nie gesê by die skepping van die plante nie, ook nie by die skepping van die sterre nie, maar by die skepping van die diere; ons lees dit ten aansien van die visse, van die waterdiere (Gen. 1:20 en 21) en van die vee, die kruipende en die wilde diere op die aarde (vs. 24). In hoofst. 2:19 word ook die voëls by die lewende wesens ingesluit. Kyk ook by 9:10. Maar in Genesis 2:7, by die beskrywing van die skepping van die mens, sê ons vertaling, dat die mens so geword het tot 'n *lewende siel*. Dit bring ons op die gedagte: diere is lewende wesens maar mense is lewende siele! Maar in die oorspronklike teks staan altwee keer dieselfde uitdrukking, sowel met betrekking tot die diere as met betrekking tot die mense; en as die uitdrukking ten opsigte van die diere met "lewende wesens" vertaal is dan moet dit ten opsigte van die mense ook met "lewende wesens" vertaal word! Ek gee toe, ons sou ten opsigte van die mens 'n ander uitdrukking verwag. Maar die Heilige Skrif bied nou eenmaal in altwee gevalle dieselfde uitdrukking en daaraan mag deur willekeurige vertaling geen verandering aangebring word nie. Daar is verskil in die wyse waarop hulle geskape is; die aarde het die lewende wesens, die diere voortgebring (Gen. 1:24) en God het die mens geformeer uit die aarde (2:7). Maar almal is lewende wesens. En daarom het Prediker alle reg om te sê: hulle almal, mense en diere, het dieselfde asem. 'n Voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie. Ons kan in gedagte wel byvoeg: ja, dit is wel waar in hierdie genoemde opsig; maar daar is tog in ander opsigte wêl verskille. Maar die ander opsigte word deur Prediker nie in rekening gebring nie. Prediker is eensydig, verseker. Maar

sy eensydigheid is waar!

Prediker besluit sy konstatering dat die mense in hulleself vee is, met die refrein: alles is tevergeefs; dit is die spoor waarin sy gedagtegang loop.

Hy versterk hierdie uitspraak nog met vs. 20: Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

Tot hierdie uitspraak is Prediker heeltemal gereg-tig. God sê dit self: Die mens keer terug tot die aarde, want daaruit is hy geneem — want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer. (Gen. 3:19). Die terugkeer tot stof is 'n bevel van God! Hy laat die mense terugkeer tot stof en sê: Keer terug, o mensekinders! (Ps. 90:3). Ook hierin is die lot van die mense gelyk aan die lot van die diere. Die diere is uit die aarde (Gen. 2:19). die mense ook (Gen. 2:7).

Die redenering van Prediker is dus: die ongeregtigheid van die mense op die aarde dien dus om die mens te laat insien dat hy gelyk staan met veediere want die mens sterf soos die vee en keer tot stof terug. Die gedagtegang van die Prediker vra hier wel 'n goedwillige begrip van ons. Die kenmerk van die mense is onreg doen. Ongeregtigheid lê op sedelike gebied en dit is nie die terrein van die diere nie. Kenmerk van die diere is dat hulle doodgaan. Mense doen dit ook. Daarom moet die ongeregtigheid van die mense so ver gaan dat hulle mekaar ook dood maak! Hierdie gedagte moet ons opneem: hulle pleeg onreg en ontsien daarby geen menseleuens nie. Hierdie gedagte is nie onaanneemlik nie. Die onreg wat in vs. 16 beskryf word vind plaas op hoë vlak, daar waar die plek van die gereg is. Daar word doodvonnisse gevel, daar word mense beroof sodat hulle van honger en ellende moet omkom.

In die dierewêreld eet die groteres die kleineres op; daar geld die reg van die sterkste. Wat swak is kom om. Dit is die beeld van die dierewêreld. Dit is dus ook die beeld van die mensewêreld en hierdie beeld hou Prediker ons voor.

Nou kom by ons weer die vraag op: is dit nou reg van Prediker om hierdie beeld van die mense onder die son voor ons uit te stal? Is daar regtig geen verskil tussen mense en diere nie? Dit lyk asof Prediker self ook beswaar het teen sy eie voorstelling van sake, asof hy 'n oomblik die gedagte kry: so erg is dit nie. Hy weet van verskil tussen mense en diere, maar, so dink hy verder, dit help ons niks nie, want: Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde? In die dood, bedoel hy natuurlik. Die vraag sluit 'n ontkennde antwoord in: niemand bespeur dit. Dit is wel so. Prediker erken dit later as hy sê: . . . en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het (12:7). Maar in hoofstuk 3 laat hy dit buiten beskouing, omdat niemand dit weet nie. Ons het niks daaraan nie en weet alleen maar dat mense en diere doodgaan. So bly daar niks anders oor as die sombere beskouing dat mense is soos die diere — uit stof tot stof!

Weer kan ons opmerk dat wat Prediker sê wel *waar* is, maar dat hy tog een kant van die saak weer baie subjektief en eensydig pessimisties op die voorgrond stel. Ons weet meer, deur ander openbaring. Maar daarom mag ons wat Prediker sê nie tersyde skuif nie, want dan veronagsaam ons een kant van die veelsydige waarheid, wat God ons juis deur Prediker wil leer. Die eensydigheid van Prediker is ook waar. Ons wil graag ander fasette van die waarheid beklemtoon. Ons is "genadekinders" en daarom kan ons en mag ons dit doen. Maar ons mag die "Prediker-stadium" nie oorslaan nie. Prediker praat nie tot "genadekinders" nie. Hy praat ook nie van genade nie. Hy sê wat ons is, sonder genade-ervaring. En dit moet ons OOK weet en erken en aanvaar. Dit is ons kennis van ons ellende. Daaraan moet ons "ontdek" word. Hierdie "ontdek-word" aan jou self is die werk van die Heilige Gees, wat daarvoor die Prediker gebruik.

Schopenhauer het gesê: jy moet sewentig jaar wees om Prediker te verstaan. Ek wil sê: jy moet aan jou self ontdek wees om Prediker te verstaan. En om aan jou self ontdek te wees is nodig om die verlossing wat God gee in Christus te gaan begeer en te gaan soek. Die geloofskennis begin met ellendekennis. Van elke geloofservaring is ellendekennis die begin.

Alleen uit dié diepte kan ons opklim tot die kennis van die verlossing. Hierdie "aan-jou-self-ontdek-wees" word dikwels gemis juis by die sogenaamde "gevestigde" gelowiges, maar dan kom die hele verdere geloofsgebou skeef te staan, dan ontbreek 'n diep ingegrawe fondament. Daarom moet ons Prediker lees en aanvaar, in skuldbesef, met geboë hoofde en beskaamde aangesigte.

Na sy beskouing van vs. 16 - 21 kom Prediker tot 'n konklusie: So het ek dan gesien dat daar niks beters is as dat die mens hom verheug in sy werke nie, want dit is sy deel; want wie sal hom daartoe bring dat hy kan sien wat ná hom sal wees? (vs. 22).

Dit is nie 'n evangeliese konklusie nie. 'n Evangeliese uitspraak kry ons by Paulus, as hy oor die nietigheid waaraan ons onderworpe is, praat en ons wys op die aanneming tot kinders (Rom. 8). Maar dit val buite Prediker se bestek. Hy wêk nie op om verlossing te soek nie uit 'n toestand wat tog ellendig genoeg is. Hy gee 'n aardse oplossing: geniet maar wat jy het, sê hy, hoe weinig, hoe gebrekkig en hoe kortstondig dit dan ook maar is. Tenslotte kom dit ook uit die hand van God — kyk 2:24.

'n Skrale troos!

Tog volg hierop nog 'n belangrike uitspraak: Wie sal hom daartoe bring dat hy kan sien wat ná hom sal wees?

Daar sal dus ná hom iets wees! Daar is nog iets anders as wat Prediker te berde bring. Maar dit sien die mense nie. Dit moet vir hom bygebring word en wie sal dit doen? Hierdie vraag klink soos 'n kreet van verlange, van heimwee na iets beters; as 'n wens dat daar tog iemand sou opdaag om die mens daartoe te bring dat hy kan sien wat ná hom sal wees. Dié iemand moet 'n profeet wees, 'n evangelieverkondiger. Blykbaar kan Prediker dit nie self wees nie, maar hy sien na so iemand uit.

Hierdie klag vind ons meer dikwels in die Ou Testament. Dit is 'n klag vanuit duistere sielsnood, sonder vertrouwe op genade. So kla Eli oor sy seuns wat deugniete was: As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree (1 Sam. 2:25)? So kla ook Job in donker ure: Daar is geen skeidsregter tussen ons (God en Job) wat sy hand op ons twee kan lê nie (9:33). Hierdie klagte getuig van *Middelaarsbehoefte!*

Dieselfde klag van middelaarsbehoefte beluister ons ook in die woorde van Prediker: Wie sal die mens daartoe bring . . . Ook Prediker se gesigskring is maar donker en sy uitsig beperk. Job klim uit sy benoudheid op en weet van sy Getuie in die hemel, van sy Verlosser wat leef. En Paulus laat die skepping wat sug uitsien na die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God (Rom. 8). Maar by Prediker is geen glimp van hoop nie. Tog is die troosteloosheid wat hy beskryf bitter werklikheid. Ons kan dit nie omseil nie. Ons moet met hom die tunnel deur: die poort is eng en die weg is smal! Maar uit die duisternis van selfkennis, waartoe ons deur die woorde van die Prediker kan kom, moet ons langs die gedagtes van Job en Paulus opklim na die lig van die verlossing. Die godsopenbaring bevat meer as net die boek Prediker. En deur dit gelowig te aanvaar raak ons vry uit die onderwerping aan die nietigheid, vry van ons lewe wat, wat ons betref, ydelheid, nietigheid, vrugteloosheid, vergeefsheid is, vry tot die verlossing van ons liggaam, in die aanneming tot kinders.

VERDRUKKING

Prediker 4:1 — 4

As daar onreg gepleeg word, dan is daar mense wat dit doen en mense wat dit ondergaan. Laasgenoemdes is die verdruktes; op hulle val nou die aandag van Prediker. So is daar 'n noue verband tussen hierdie ver-se en die wat onmiddellik voorafgaan.

Prediker sê: hy het gesien al die verdrukkinge wat onder die son plaasvind. Dit was vreeslik om te sien. Hy sê: kyk daar was trane van verdruktes. Dit het hom diep getref. Die vloei van trane is aangrypend! Hulle getuig van smart en verdriet wat ondervind is.

Aan die verdrukkinge wy Prediker nou sy beskouings. Hy is nie die enigste bybelskrywer wat aandag het vir verdruktes. Jesaja roep uit:

Die regverdige kom om en daar is niemand wat
dit ter harte neem nie;
die vrome word weggeruk sonder dat iemand
daarop let.

Dat regverdiges en vromes verdruk word, beteken intussen nog nie dat alle verdruktes vromes is nie. Die onreg waarvan Prediker in die vorige verse gepraat het, sluit dit nie in nie. Goddeloses verdruk mekaar ook! Tog spreek veral die psalms oor *vertroosting* vir die verdruktes. Psalm 9 noem die oordeel wat in geregtigheid sal plaas vind en besluit daaruit: So is die HERE dan 'n rotsvesting vir die verdrukte. Psalm 10 sê dat die HERE *luister* om aan die wees en verdrukte reg te doen. Psalm 146 sê dat die HERE aan die verdruktes reg doen. Dit is telkens die HERE, die God van Jakob, Israel se eie God en Heer. Oor Hom praat Prediker nooit. Hy ken alleen maar GOD. En daarom reageer Prediker ook heeltemal anders as wat die Psalms doen. Prediker weet van geen vertroosting. Daar soek hy die oplossing van die verdruktes se probleem nie. Hy sê juis omgekeerd: Vir hulle was daar geen trooster nie. Hy herhaal dit: aan die kant van hulle verdrukters was mag, maar daar was vir hulle geen trooster nie. En is dit ook dikwels nie so nie? Ons sien dit ook wel. Maar dan roep ons des te harder tot God: Ag, as U maar die hemele wou skeur... Jes. 64:1. Maar ook dit doen Prediker nie. Hy bekla alleen maar die verdruktes. Hy kyk alleen maar omlaag en sê dat dit beter is om dood te wees as om in verdrukkinge te lewe. Nie omdat die lot van die dooies beter sou wees nie; daarvoor laat hy hom nie uit nie. Maar omdat die dooies hulle lewe van verdrukking agter die rug het. En nog beter is dit, sê hy, om glad nie te bestaan nie want dan weet jy niks van die verkeerde werk wat onder die son plaas vind, nie. Wie nie bestaan nie hoef geen trane te stort nie!

Prediker kan nie dink aan die moontlikheid om geduldig te wees en verdrukkinge te verdra nie, om op verlossing te hoop nie, om in verdrukkinge vertrous te word nie. Vir hom bestaan die enigste uitweg hierin, dat hy uit die ellendige lewe weg kom, om daaruit te gaan in die dood, ja, beter nog, om nooit deel aan die lewe te hê nie. Prediker is hier wel op die dieptepunt van sy teleurstelling oor die lewe.

Job het ook so diep in sy ellende weggesink. Hy wou ook dat hy nie gebore was nie, of dat hy by die geboorte gesterf het, of dat hy soos 'n misgeboorte nie sou bestaan het nie sonder om die lig te sien (Job. 3). Tog is daar verskil tussen Job en Prediker. Job stry met God. Wat dit betref hou hy aan die lewe vas. Hy is soos die gevange adelaar wat sy vlerke stukkend slaan teen die tralies van sy kooi. Prediker doen dit nie. Hy gee in. Hy sit wesenloos en kyk in die leegte. Wie so dink en spreek soos wat Prediker doen, het elke band met die lewe verloor, is sonder lewenskrag en lewenslus. Sy bestaan is uitsigloos.

Hierdie uitsprake van Prediker kan ons beskou as sy *waardebepaling* van die lewe. In die voorafgaande het hy gesoek na die *sin* van die lewe en gekonstateer dat dit net ydelheid is.

In hierdie verse bekyk hy die *waarde* van die lewe en konstateer dat dit nul is.

Is Prediker reg?

Natuurlik is hy reg. Maar weer, net soos vroeër ook, in 'n bepaalde opsig. Hy besien die dinge vanuit 'n bepaalde gesigshoek en vandaaruit besien is hy wel reg. Maar die lewe kan ook anders besien word! Sê Jesus nie dat daar blydskap is as 'n mens in die wêreld gebore is nie (Joh. 16:21)? Dit klink anders as die woorde van die Prediker. En dit sê Jesus wat die Seun van God was en vrywillig in die menselewe ingekom het om dit te red. Ja, om dit te red. En daarin lê tog ook weer 'n erkenning van die waarheid van die woorde van die Prediker. Die menselewe moet gered word uit nietigheid van verganklikheid en uit waardeloosheid. Sonder Jesus en sy reddingswerk het Prediker ge-lyk, Dit het Jesus óók duidelik gesê. 'n Menselewe kan só word dat dit vir die mens beter is dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see (Matth. 18:6).

Ons kan en mag deur die geloof die lewe besien in die lig van Jesus in wie die nuwe lewe is vir almal wat in Hom glo. Maar buiten Jesus is die lewe soos Prediker dit sien. Omdat ons nou meer weet deur die geloof in Jesus, mag ons Prediker nie verbyloop en sê: ek hou my maar by Jesus. Nee, om by Jesus te kan uitkom moet ons by Prediker begin, want wat hy sê is ook waar: ons lewe uit ons self is niks werd nie en wie iets in homself soek as steun vir lewensgeluk is nie reg om Jesus te volg nie. Jesus sê: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en my volg (Matth. 16:24, Mrk. 8:34, Luk. 9:23). Hy is die lewe!

Jouself verloën!

En wát verloën jy dan nog?

Iets wat tog niks werd is nie!

Prediker het sy beskouing van die menselewe begin met 'n klag oor die onreg waarvan verdrukkinge die gevolge is. Die oorsaak lê dan by hulle wat aansien en mag het en juis die reg moes handhaaf. Hy bekla die verdruktes wat geen trooster het nie. Hy eindig sy beskouing deur 'n blik te werp op al die moeitevolle arbeid en al die bekwaamheid by die werk. Dan sien hy dat daar in die werksame wêreld 'n verkeerde sfeer heers. Naywer van die een teenoor die ander is daar die dryfveer. Die een is afgunstig op die ander. Daar is geen harmonie nie!

God het die skepping in onderlinge harmonie geskape. Dit is die liefde! Maar sonder die liefde, sonder die harmonie maar met botsings van belange, word die skepping ontredder en ontwig; die eenheid verbrokkel deur selfsug. Daarom besluit Prediker: ook dit, naamlik die mens se arbeidsaamheid, is tevergeefs en 'n gejaag na wind.

Dit is sy laaste woord, sy laaste gedagte. Die ver-gesig van Moses, die man van God, wat dieselfde ellende as wat Prediker sien, ook wel gesien het, maar snak na die goedertierenheid van die HERE en sy lieflikheid (Ps. 90) —dit ken Prediker nie en ja, sonder die heerlikheid van die HERE oor ons, dan is daar geen bevestiging van die werk van ons hande oor ons nie.

Paulus voeg by allerlei dinge wat hy sê, by "in die Here". Maar Prediker sien die lewe, en dinge "in hulleself". Dan is die uitsig donker!

ARBEID EN RUS

Prediker 4:1 — 4

As ons van 4:4 af verder lees bemerk ons 'n sekere verandering van inhoud en styl. Die verse 5 en 6 lyk baie na spreekwoorde of spreuke. Daarna volg wel weer 'n opsomming van "vergeefshede" of ydelhede, maar die vervolg is vol van afwisseling.

Dit lyk asof Prediker met sy wêreld- en mensbeskouing in 4:4 tot 'n afsluiting gekom het. Daarna gee hy dan nog baie beskouings oor verskillende dinge en toestande. Gedeeltes van die boek, veral in die tweede helfte, is spreuke, kleine versamelinge van spreuke, van dieselfde aard as in die boek Spreuke. Hy gee verder raadgewings op allerlei gebiede, godsdienstig (4:17 ens.) en politiek (8:2 ens.), raadgewings vir die gedrag in omgang en samelewing (7:16 ens.). Hierby kom die *vrou* ook aan die beurt! (7:26).

Ons kan probeer om in hierdie ryke verskeidenheid 'n deurlopende verband te ontdek. Maar dit gaan moeilik. As ons dink dat ons 'n bepaalde lyn gevind het dan breek die Prediker onverwags weer daar uit los. Dit is die vraag of daar so 'n deurlopende verband is, en as dit nie daar is nie, dan mag ons die boek nie in so 'n dwangbuis wring nie.

Die uitsprake van die Prediker is soms soseer verskillend van mekaar, dat ons dink dat ons hom op teenstrydighede moet betrap. Tot nog toe (4:4) was hy swaarmoedig, maar hy kan ook blymoedig wees, soos bv. in 4:9, waar hy nie besluit met "alles tevergeefs" nie. Hieruit blyk sy wisselende stemmings en gemoedstoestande. Op die subjektiewe eensydigheid van sy beskouings het ons hierbo reeds gewys. Prediker het op verskillende tye en in verskillende omstandighede en stemmings na die pen gegryp en neergeskryf wat sy bevinding was. Die stukke is dan later saamgevoeg, deur homself of deur 'n "redakteur" wat een van sy leerlinge was. Maar hoe verskillend van aard die stukke ook mag wees — ons proe tog telkens dieselfde spreker, dieselfde denker wat skryf om uiting te" gee aan sy dikwels beswaarde hart. Hy lug sy gemoed oor die swarigheid en moeilikhede van die lewe. Ons moet as lesers maar stuk vir stuk beskou en oordink. Dan kan ons miskien verbindingslyne ontdek: die logika van Prediker is sy gevoelens!

Ons moet ons nie voorstel dat Prediker een dag die pen ter hand geneem het en gaan sit het om die boek Prediker te skrywe nie. Daarvoor is hy te veel 'n digter. Vorm en styl van sy geskrif getuig van die digterlikheid van hierdie wyse. 'n Westerse maatstaf volgens die eise, wat ons stel aan 'n boek of 'n verhandeling mag hier nie aangelê word nie. Hy skryf deur inspirasie, deur lewensbeskoulike inspirasie, gelei deur die Heilige Gees.

In sy eensydigheid lê hy nadruk op fasette van waarheid en werklikheid wat ons soms vergeet maar wat tog onmisbaar is vir 'n regte insig in die verhouding tussen God en mens.

Die twee spreuke van vs. 5 en 6 is "arbeidspreuke", spreuke oor die arbeid. Hulle beskryf twee uiterstes en stel hulle teenoor mekaar: die luiaard en die swoeger. Al twee is verkeerd. Wat is dan goed? Rus! Die ledigheid van die luiaard is geen rus nie. Sy lewe is- hol en leeg. Hy vou die hande. Hy is 'n dwaas. Hy eet sy eie vlees op. Hy teer op sy besit. Maar rus is iets positiefs; dit volg op arbeid en gee voldoening. Rus is 'n Ou-Testamenties ideaal: naamlik dat elkeen sit onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom (Mi 4:4). Maar die bome moet eers geplant en versorg wees! Van die rus spreek Prediker ook in 'n teenstelling: een handvol rus is beter as altwee vuiste vol moeite en gejaag na wind. 'n Handvol is minder as twee vuiste vol! Die swoeger kry nooit rus nie maar 'n weinig rus na gedane arbeid is beter as voortdurende geswoeg.

Die ideaal van rus is beliggaam in die Sabbat en verwerklik in Christus Jesus. Hy roep na Hom toe al-mal wat vermoeid en belas is en Hy sal rus gee. Dié vermoeidhede en belasthede is gejaag na wind. Die straf van Adam: in die sweet van jou aangesig sal jy brood eet, is deur Jesus van ons weggeneem.

Omdat die voorafgaande vers handel oor die naywer by die arbeid kan daar tog 'n gedagteverband lê tussen hierdie "vergeefsheid" en die arbeidsbeskouing in hierdie twee spreuke.

TWEE IS BETER AS EEN

Prediker 4:7 — 12

WEER val die oog van die Prediker op iets wat hy as 'n vergeefse moeite onder die son moet brandmerk. Dit lê ook op die terrein van die arbeid. In sover is daar ver-band met wat voorafgaan.

Wat sien Prediker? 'n Man wat hard werk maar alleny is. Hy het geen tweede man by hom nie, ook geen seun of broer nie. Die bedoeling van Prediker is dus nie dat die man geen vrou het nie — die gedagte *van Genesis 2:18* — *maar* dat hy niemand het wat hom help by die daaglikse werk, of dit nou handel of landbou of wat ook al is. Omdat hy alles alleen doen, kom hy ook nooit klaar nie. Daar is geen einde aan sy moeite-volle arbeid en sy oë kry ook nie genoeg van rykdom nie. Dit beteken dat hy rykdom beoog; daarna sien hy uit maar hy verkry nie wat hy begeer nie. Sy geswoeg is dus ook nog nutteloos. Dit is die lot van die alleenstaner: 'n vergeefse moeite! Plotseling gaan die Prediker oor in die eerste persoon en spreek hy oor homself en sê: Vir wie tog vermoei *ek my*. Hy stel homself in die plek van die alleenstaande werker. Hy skets sy inspanning met die woorde: "en laat *my* siel gebrek ly aan die goeie". By die harde werk ontsê hy hom self alles wat enige verkwikking sou verskaf; alle rus en ontspanning bly agterweë. Dit is altyddeur maar werk en werk. So teken hy die moeitevolle arbeid waaraan geen einde kom nie. Tegelykertyd kom in hierdie voortgaande tekening nog 'n belangrike trek na vore, want hy vra: Vir wie tog vermoei ek my? Vir wie? Uit hierdie vraag blyk wat vir 'n man Prediker op die oog het.

Sommige verklaarders dink dat Prediker hier praat van 'n selfsugtig of hebsugtige mens (Wildeb.) of van 'n gierigaard (Barton). In daardie geval is die alleenstander 'n man wat elke medewerker uit sy bedrywigheid uitsluit, selfs seun en broer, sodat hy alle wins self kan behou en niks as beloning vir bewese dienste hoof af te staan nie. Die teks gee egter meer die in-druk dat Prediker 'n man bedoel wie se lot dit nou een-maal is om alleny te staan. Hy besit gewoonweg geen seun of broer nie. Sy antwoord op die vraag "Vir wie?" is dan ook: Vir niemand nie. Niemand het iets aan my werk, aan my resultate nie, al bly dit dan ook benede verwagting.

As prediker homself stel in die plek van die alleenstaner dan voel hy 'n gemis; nie soseer dat hy alleen staan in die werk maar meer dat hy alleen staan in die genieting van die vrug op sy werk. Dit is sy grootste eensaamheid! Dan lê Prediker in sy voorstelling van die alleenstaande man iets van 'n sosiale gedagte. Hy kan 'n eventuele sukses met niemand deel nie. Die gedagte aan gierigheid of hebsug pas in hierdie voorstelling nie. Prediker teken hier die alleenstaande mens en sy gemis aan hulp, meelewe en deelgenootskap. Om so alleen te wees is 'n verkeerde saak, sê hy. Tot die volle lewens-uiting behoort sosiale gemeenskap.

Eenmaal met hierdie gedagte besig, brei hy ver-der daarop uit. "Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid (vs. 9). Hier spreek hy selfs van 'n goeie beloning. Prediker word optimisties! En in teespoed kan hulle mekaar help. As hulle val kan die een sy maat optel. Maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel. Dat twee beter is as een geld ook om warm te word. As twee bymekaar lê, kry hulle warm. Ewemin as in vs. 8 het Prediker hier die oog op die saamwees van 'n man en 'n vrou. Hy dink veeleer aan reisigers wat onder die blote hemel moet oornag. Hulle het geen ander komberse as hulle oorkleed nie en dit is nie genoeg nie. Dan lê hulle bymekaar. Daaraan het ook Jesus gedink as hy sê: "twee op een bed" (Luk. 17:34). Die primitiewe mense het selfs warmte gesoek deur in die nag teen sy rydier aan te leun.

Nog 'n voorbeeld is die van 'n roofoorval: twee man kan die rower weerstaan. Met hierdie voorbeelde uit die praktyk toon Prediker aan dat twee beter is as een. Hy besluit met: 'n driedubbele lyn word nie gou verbreek nie — 'n uitdrukking wat spreekwoordelik geword het.

'n Bepaalde religieuse bedoeling moet ons in hierdie woorde van Prediker nie soek nie.
Slegs 'n sosiale.

EERS 'HOSANNA' DAN 'KRUISIG HOM'

Prediker 4:13 — 16

PREDIKER het in sy redenering in die skema van vergelykings, met die terme "beter as", gekom tot "twee is beter as een" vs. 7. Hy gaan daarmee voort maar met 'n heeltemal ander onderwerp. Hy sê: Beter is 'n behoefteige maar wyse jongman as 'n ou maar dwase koning wat nie meer weet om hom te laat waarsku nie. Op 'n ander plek, 10:16, sê Prediker: Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is, maar in ons verband en die vergelyking wat hier gemaak word, verdien die jongman die voorkeur. (Dit is trouens beter om in 10:16 met *jongeling* te vertaal. In ons teks staan juis "kind"; dit is hier met jongman vertaal).

Die vergelyking van vs. 13 kan heeltemal in algemene sin, as 'n fiksie, 'n verdigsel van die skrywer opgevat word. Hy stel teenoor mekaar 'n jongman en 'n ou koning. As mens let op die eerbied wat ouderdom in die Ou Testament steeds geniet, is die teenstelling skerp. Die woord wat met jongman vertaal is (eintlik "kind"), word in die Ou Testament gebruik vir mense wat in sommige gevalle reeds ongeveer veertig jaar oud is (1 Kon. 12:8). Die jong seuns wat met Daniël was word ook met dié naam ("kinders") aangedui (Dan. 1:4). Die jongman uit ons teks was geen kind meer in ons betekenis van die woord nie want hy het al in die gevangenis gesit. Die vertaling met "jongman" is dus heeltemal reg.

Die teenstelling word verder so uitgewerk dat die jongman "behoefteig" was. Dit wil sê dat hy van lae afkoms was. Maar hy was wys, hy het 'n goeie insig in die lewe gehad. Die ou koning was egter dwaas, sonder 'n goeie insig in die lewe. Sy dwaasheid bestaan hierin dat hy nie meer weet om hom te laat waarsku nie. So gaan dit dikwels met ou mense. Hulle raak vas in die ou spore, luister nie na raadgewings en waarskuwings nie en het geen begrip vir die behoeftes van veranderde tye nie.

Prediker laat dit egter nie by 'n abstrakte fiksie nie maar werk die vergelyking of teenstelling van vs. 13 verder uit met konkrete trekke. Hy doen dit ten opsigte van die jongman. Oor die ou koning hoor ons verder niks nie.

Prediker gaan in vs. 14 aldus verder: Hy het uit die gevangenis uitgegaan om koning te word. Hy! in ons vertaling staan: Daardie een. Die vertalers sê dus tegelykertyd maar wie die "hy" is, naamlik "daardie een", dit is dan die jongman. Verder sê Prediker: hoewel hy as 'n arme in sy koninkryk gebore was Sy koninkryk! In ons vertaling staan: in die koninkryk van die ander, naamlik van die ou koning. Die vertalers het hier weer 'n verklaring in hul vertaling opgeneem. Ons kan met die verklaring van die vertalers wel instem. Tog mag vertalers sulke verklarings eintlik nie inlas nie. Al is dit waar dat mens nie kan vertaal nie sonder om die teks te begryp nie, moet die verklaring aan die eksegeet oorgelaat word en die vertaling hom so na moontlik by die teks aansluit.

Daar is naamlik ook 'n ander verklaring van "hy het uit die gevangenis uitgegaan" en van "sy koninkryk" moontlik. Hierdie verklaring neem "hy" onpersoonlik op, aldus: iemand kan vanuit die gevangenis koning word ook al is hy in sy koninkryk arm gebore (Galling). Wie met hierdie verklaring sou instem raak, by prediking byvoorbeeld, in moeilikheid met ons vertaling en moet dan sê dat ons vertaling nie heeltemal reg is nie. Dit is 'n minder gewenste toestand.

By die bogenoemde verklaring is vs. 14 'n voortsetting van die fiksie uit vs. 13. Soos gesê, stem ons saam met die verklaring wat in ons vertaling ingelas is.

Die jongman kom dus uit die gevangenis. Hoe hy daarin gekom het, word nie gesê nie. Miskien omdat hy hom vernet het teen die gang van sake onder die ou koning se beleid. Trouens, hoe hy uit die gevangenis gekom het, word ook nie gesê nie, maar hy kom daaruit om koning te word. Hy het ontsnap of is bevry deur teenstanders van die ou koning.

Op sy weg na die koningskap het die jongman groot byval gevind. Hy het groot aanhang

gekry. Prediker sê: Ek het gesien hoe al die lewendes wat onder die son wandel (hierdie oordrywing is 'n stylvorm) aan die kant van die jongman was. Die jongman word dan ver-der aangedui as "die tweede wat in sy plek sou staan" of, soos ons vertaling lui: wat sy opvolger sou word. Die woorde "die tweede" klink effens vreemd in die sin. Dit sal wel nie beteken "die tweede in die ryk" (Hertzb.) of die troonopvolger "wat sy opvolger sou word" nie. Uit die verband blyk niks van regte op die troon wat die jong man sou hê nie. Hy is mos "behoef-tig", van lae afkoms. Prediker stel in sy vergelyking die ou koning as eerste en die jongman as tweede in die situasie wat hy skilder.

Met "al die lewendes wat onder die son wandel" bedoel Prediker nie maar net mense wat op die aarde leef nie, maar volgens sy woordgebruik, weens hul entoemasie, driftig bewegende mense. Hierdie voorstelling word nog versterk deur vs. 16 "daar was geen einde aan al die mense, (weer die stylvorm van oordrywing, 'n hiperbool), aan almal aan wie se hoof hy gestaan het nie." Die woorde laat 'n mens dink aan 'n triomfantlike optog uit die gevangenis na die troon. Die jongman was die gevierde leier van die skares. Hy was in sy Hosanna-stadium! Maar nou kom die skielike om-keer! Die roem van die jongman is nie duursaam nie. Die nageslag, die mense wat later geleef het, was nie langer geesdriftig oor hom nie. Hul blydschap het ver-doof. Die volksguns is dan verby. Op die Hosanna's het "kruisig hom" gevolg.

Die woorde van ons teks: tog *sal* die nageslag hulle nie oor hom verbly nie" laat Prediker 'n voorspelling uitspreek. Die jongman hoef nie te dink dat sy eervolle posisie lank sal duur nie (Wildeboer). Die meeste verklaarders sê egter: die nageslag *het* hom nie oor hom verbly nie. (Gems Bart. Hertzb. Galling, Aald en ook N.B.G. se vertaling). So opgevat gee Prediker 'n historiese bevinding weer. Die verskil in die vertalings vloei voort uit die moeilikheid om aan die oorspronklike werkwoordsvorm sy juiste tydsfeer toe te ken. Inderdaad is altwee vertalings: hulle *sal* hulle nie verbly nie" en "hulle *het* hul nie verbly nie" moontlik.

In altwee gevalle beskryf Prediker die wisselvalligheid en kortstondigheid van die volksguns en hy noem dit ook "ydeldheid", tevergeefs en gejaag na wind.

As Jesus die verandering van die volksguns ook ondervind dan moet ons dit in die lig van Prediker beskou as ydelheid en vergeefsheid. Jesus het hierin die nietigheid van die ganse skepping ook ondervind as deel van sy straflyde tot ons versoening.

Omdat die tekening van die jongman sulke konkrete trekke bevat, ontstaan die vraag of Prediker miskien die oog het op 'n bepaalde gebeurtenis, hetsy in die verlede of in sy eie tyd. Daar is so baie veronderstellings gemaak dat die onsekerheid omtrent hierdie saak duidelik opval. Een van die veronderstellings wat op die verlede betrekking het, wil ons noem, naamlik dat Prediker aan Josef gedink het. Ons vind hierdie mening reeds in die ou Joodse geskrifte (Midrasj) en dit word ook nog in moderne kommentare verdedig (Hertzb.) Die woorde "hy het uit die gevangenis uitgegaan" werk suggestief in hierdie rigting. Ook was Josef as droomuitlêer wys. Hy was ook jonk. Hoe oud die Farao was weet ons nie. Ook is Josef deur die strate gelei op die tweede rytuig van Farao. Maar die punt waarop dit aankom is dit, dat Josef later die volksguns sou verloor het. Maar daarvan lees ons tog nie. Wel het Josef ingrypende maatreëls geneem sodat onder meer die land Farao se eiendom geword het en die volk, wat saadkoring van Josef gekry het, 'n vyfde deel van hulle oes aan Farao moes afstaan. Maar die volk was blykbaar nie ontevrede nie want hulle sê: U het ons lewe gered en hulle wil die dienaars van Farao wees. Ten slotte: Josef het nooit na die koningskap gestreef nie.

Omdat Prediker sê: Ek het gesien (vs. 15) dink ander uitlêers aan 'n gebeurtenis uit Prediker se eie tyd. Hulle noem allerlei feite uit die woelige tye van die opvolgers van Alexander die Grote. Maar niks klop presies nie.

Mens kan die pogings om 'n passende historiese gebeurtenis te vind, gerus laat vaar. Die bedoeling van Prediker is sonder so 'n historiese identifisering ook volkome duidelik.

TEMPELGANG

Prediker 4:17 — 5:6

DIE Prediker is nie altyd ewe pessimisties nie en sluit nie elke gedagte af met "vergeefs" en "gejaag na wind" nie. In 4:9 het hy gewag gemaak van "'n goeie beloning" op arbeid! In hierdie normale stemming praat hy in hierdie verse ook gewoon oor dinge uit die daaglikse lewe. Hy bly egter baie ernstig en beveel 'n besonne en deeglike lewenshouding aan.

Die vorm waarin hy praat is hier ook anders as in wat voorafgaan. Hy praat nou in die vorm van 'n toespraak en spreek die mense aan met "jy" en "jou".

Die onderwerp wat in hierdie nuwe vorm ter sprake kom, is ook nuut: die godsdiens.

Prediker stel die geval dat "jy" na die huis van God gaan. Met "huis van God" bedoel hy die tempel. Meestal word die tempel "huis van die HERE" genoem, maar tog ook dikwels "huis van God". Dit is kenmerkend dat Prediker hierdie benaming kies; hy gebruik die naam HERE nooit.

Hy wek nie op om na die huis van God te gaan nie, maar sê: *ás jy gaan*. In daardie geval, gee ag op jou voet, bedink goed waarheen jy dan gaan en doen dit met erns en bedagsaamheid.

Soos so dikwels maak Prediker hier weer 'n teen-stelling in die skema "beter as". Die "eerste, wat "die betere" is, is nader kom en hoor. Dit is die houding van die waarlik godvrugtige tempelganger. "Naderkom" is 'n religieuse term vir deelname aan die erediens. Die hoofsaak wat 'n mens daarby moet doen is om te *hoor*. Hy moet daar ook wel iets doen, offer byvoorbeeld. Maar om te hoor is volgens Prediker die hoofsaak. Om te hoor, werklik te hoor, geskied met toewyding en oorgawe, in die besef dat wat jy hoor van hoër hand afkom en jou lewensinsig, jou geloofsinsig op 'n hoër plan kan bring. Dat die gemeente 'n "horende" gemeente is, beteken nog nie dat sy 'n passiewe gemeente is, soos dikwels beweer word nie. Dat die gemeente moet hoor beteken wel dat hy wat "nader-kom" geen *gelyke* deelgenoot aan die erediens is van Hom tot wie hy nader nie.

Maar wát kry die tempelganger te hore? Van die stam van Levi word gesê: Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet (Deut. 33:10). Ons kan hier dus dink aan priesterlike onderrig. Maleagi sê ook: Die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskare (2:7). Tog (Del) was die priesteramp geen leeramp in die sin van verkondiging nie; prediking was selfs geen bestanddeel van die tempeldiens nie. Dit word eers later, na die ballingskap, bestanddeel van die sinagogediens. Die predikers van die Ou Testament was die profete! Tog was daar in die tempel wel iets wat aangehoor moes word: gebede, oplegging van seën, psalmgesang en voorlesing van skrifgedeeltes.

Die ander deel van die teenstelling is: "as dat dwase 'n slagoffer bring". Om slagoffers te bring behoort ook tot die tempeldiens. Prediker keur die bring van offers nie af nie. Wat hy afkeur is dat dwase dit doen, want hulle doen dit nie reg nie. En waarom nie? Hulle het geen verstand nie! En dit het tot gevolg dat hulle kwaad doen, naamlik in en met en deur hulle offermaniere. Hulle weet nie hoe en wanneer 'n offer vir God welbehaaglik is nie. Die verskil is nie geleë in uiterlike rituele gebruike en handeling nie maar in die gesindheid van die hart. Die oudste voorbeeld daarvan is die offerandes van Kain en Abel. Die uit-spraak van Prediker in hierdie verband is volkome in ooreenstemming met verskillende uitsprake van die profete wat duidelik sê wanneer 'n offer God nie kan behaag nie. Jesaja noem die offers van sy tydgenote skynheilig, omdat hul daaglikse lewe daarmee nie strook nie. In plaas van offers moet hulle ophou om kwaad te doen en goed doen, reg doen aan wese en weduwees (Jes. 1:11 -17). Jeremia sê dat God sê: Ek het met julle vaders toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek van offers nie, maar dit het Ek hulle beveel: luister na my stem,

dan sal Ek vir julle 'n God wees. — Maar hulle het geen gehoor gegee nie (7:21 - 24). Op dieselfde wyse spreek ook Prediker van "hoor". Hosea sê dat God sê: Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers. (6:6). Amos sê dat die HERE sê: In julle offers het Ek geen welbehae nie maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. (5:21-27).

Prediker was stellig bekend gewees met hierdie profetiese uitsprake en allerlei verkeerdhede waardeur die offerandes onaangenaam is vir God en wat deur die profete opgenoem word, vat hy saam in "kwaad doen". Hulle het geen verstand nie, hulle besef nie wat God wil hê nie, hulle "hoor" nie.

Opmerklik is dat Prediker hulle *dwase* noem. Profete spreek meer van regverdiges en goddeloses. Maar Prediker is 'n "wysheidsman" en daarom gebruik hy die onderskeiding: wyses en dwase.

Om te offer lyk belangriker as net om te hoor. Maar die uiterlike skyn is nie beslissend nie. Hoor met 'n toegewyde hart is beter as offermaniere waaraan die ware gesindheid van die hart ontbreek.

Vervolgens vermaan die Prediker dat jy nie haas-tig met jou mond moet wees nie. Dit herinner aan Psalm 141:3 "stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe". Agter jou mond werk jou hart, daarom gaan hy verder met: laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie. Weens hierdie laaste woorde het Prediker die oog op die gebed, hoewel hy sy vermaning ook in die algemeen kan bedoel. Maar in Psalm 141 gaan dit ook om die gebed (kyk vs. 2). Prediker bespreek dus drie onderwerpe in verband met tempelgang: die offer (4:17), die gebed (5:1 en 2) en die gelofte (vs. 3-6).

Jesus sal later ook waarsku teen ydele herhaling van woorde in die gebed (Matth. 6:7) want, so sê Hy, jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. Prediker het egter 'n ander motief; hy sê: want God is in die hemel, en jy op die aarde. Hy wys dus op die groot afstand tussen God en ons. Dit is kenmerkend vir Prediker se Godsbegrip. Hoewel die Ou Testament dikwels genoeg verklaar dat "*die HERE* is naby almal wat Hom aanroep" (Ps 145:18), dat hy Sion in die handpalms gegraveer het" (Jes. 49:16) en op hulle hulp geskreeu antwoord met "Hier is Ek!" (Jes. 58:9, om maar enkele voorbeelde te noem), lê Prediker nadruk op die ander kant van die saak, op die groot afstand tussen *God* (!) en die mense. Daarom moet jou woorde min wees. Wie dit nie in ag neem nie word deur Prediker weer *dwaas* genoem. Hy sê: Soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde. Hy verklaar die droom uit drukte. Dit is nie drukke arbeid nie, want soet is die slaap van die arbeider, van wie vermoed is van sy werk (5:11), maar dit is die kwellende veelheid van bekommernisse op een dag. So kom die gepraat van die dwaas deur baie woorde! Maar Prediker bedoel met "die gepraat van die dwaas" *dwaaspraterij*, en dit ontstaan deur te veel en baie te praat. Hoe meer jy praat, des te meer kans om onsin te sê, ook in die gebed!

Die derde godsdienstige handeling waarvoor Prediker hier handel is die gelofte. Ook hier moedig hy nie aan om 'n gelofte te doen nie. Hy hou hom neutraal, maar hy sê weer "as", net soos in 4:17, as jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie. Mens moet dit gou doen! En wie dit nie doen, die trouelose en bedrieglike man, word weer *dwaas* genoem.

Prediker praat verder in sy geliefde skema "beter as" en sê: Dis beter dat jy nie belowe nie, as dat jy belowe en nie betaal nie. Prediker sê hier presies die-selfde as wat in Deuteronomium 23:21 - 23 staan. Daar word ook nadruk gelê op wat jou *mond* in so 'n geval doen: hou, wat jy met jou mond gespreek het. So sê ook Prediker dat jy met jou mond sondeskuld op jou liggaam kan laai; letterlik: jou vlees kan laat sondig. Met "vlees" word die hele persoon bedoel. Mens laat sy vlees sondig d.w.s. verval tot sonde, as hy nie doen wat hy (met sy mond) gespreek het nie. Daardie sonde kan hy nie lig van hom afskuif nie! Prediker maak gewag van 'n gesant. Ons vertaling het daarby gevoeg: van God. Die

woordbreker kan nie voor die gesant sê nie: Dit was 'n vergissing nie. So maklik kom hy daar nie af nie. Die wet maak onderskeid tussen sondes in swakheid gedoen en moedswillige sondes (Num. 15:27 en 30). In die wet staan "swakheid", in ons vertaling, in die boek Prediker staan "vergissing", maar in die oorspronklike teks staan in altwee gevalle dieselfde woord. Dit is dus duidelik dat Prediker hier aan die wet dink. Die wet skryf voor dat as iemand in swakheid (vergissing) sondig hy 'n jaaroud-bokooi as sondoffer moet bring. 'n Gelofte hou meestal meer in as 'n jong ooi!

Nou stel Prediker die geval dat die gesant optree, waarskynlik in die tempel. Hy is ongetwyfeld 'n tempel-dienaar voor wie die tempelganger sy belofte afgelê het. In Maleagi 2:7 word gesê dat die priester 'n boodskapper is van die HERE van die leë skare. Prediker bedoel met gesant waarskynlik ook 'n priester. Die priester eis dan inlossing van die gelofte. As die persoon dan sê: dit was 'n vergissing, kom hy met 'n jong bokooi van die saak af. Maar die streng Prediker laat nie toe dat sulke misbruik van die wet gemaak word nie. Hy dreig met die toorn van God wat in sy toorn die werk van jou hande sal verwoes. Dit is die werk vir die welslae waarvan die man sy gelofte gedoen het!

Ten slotte spreek Prediker nog sy ergernis uit oor die baie nietige woorde wat hy hoor. Hulle is daar in menigte, sê hy. Al die ligsinnigheid getuig van gebrek aan godsvrug; daarom besluit hy met: Vrees God! Wie God vrees, sal op sy woorde let en nie haastig met sy mond wees nie.

UITBUITING

Prediker 5:7,8

PREDIKER het reeds eerder oor verdrukings gepraat (4:1-4); nou doen hy dit weer en spesiaal oor ver-drukking van die arme. Hulle is die mense wat geen besittings het nie, wie se lone te gering is vir hulle lewensonderhoud, mense wat deur siektes en gebreke werkloos is, wat ly onder misoeste en volksrampe. Hulle word verdruk, met minagting behandel, hulpeloos in die steek gelaat en uit die samelewing uitgesluit. Prediker noem hierdie verband ook berowing van reg en geregtigheid. Reg en geregtigheid is die terme vir sosiale regverdigheid. Hulle het ewe goed as ander mense daar reg op maar dit word hulle onthou. Hulle is magteloos, maar na hulle klagte word nie geluister nie, "want aan die kant van hulle verdrukters is mag" (4:1).

Wat Prediker hier noem is ook reeds deur die profete aan die volk van hulle dae verwyt. Die behoeftiges, sê Amos, word vertrap (8:4) en Jesaja sê: die regsake van weduwees en wese word nie behartig nie (1:23). Dat mense mekaar onregverdig behandel is 'n groot kwaad in die oë van die HERE. Maar daaroor praat Prediker nie. Hy protesteer nie; hy konstateer slegs en asof hy die mense wil aanraai om maar in die toestand te berus, sê hy: verwonder jou nie oor hierdie saak nie, want so gaan dit maar orals in alle lae van die maatskappy; nie net by julle, arm mense nie, maar 'n hoër een loer op die hoër en die hoëres weer op hulle. Dit het Prediker ook gesien in die maatskappy van sy dae. Ons moet hier maar dink aan die regerings-vorm in die Persiese ryk. 'n Voorbeeld daarvan lees ons in die boek Daniël, waar Darius die Meder landvoogde aanstel en oor hulle ministers. Natuurlik het die landvoogde ook weer hulle ondergeskiktes gehad in gewestes en stede en dorpe. So is daar orals hooggeplaastes, "hoës", en 'n hoër een loer op hulle d.w.s. hy kyk toe of daar nie 'n kans is om voordeel uit hulle te behaal. Op hulle beurt word hulle ook 30 behandel deur diegene wat weer bo hulle staan. Die taak van die amptenare is tog hoofsaaklik om belastings in te samel. Nou probeer hulle almal om voordeel te bekom en die laagste amptenare buit dan weer "die gewone mense" uit. Dáár word die uitbuiting die pynlikste gevoel!

Prediker spreek geen waarderingsoordeel uit oor die bestaande toestande nie, maar laat tog deurskemer dat dit anders kan wees; so neem ons ten minste die laaste vers op: 'n voordeel vir 'n land onder alles is dit: 'n koning wat aan die landbou diensbaar word. Hierdie laaste woorde klink ietwat vreemd, maar dit mag ons die vertalers nie verkwalik nie, want die oorspronklike woorde is ook vreemd. Deur verklaarders is daaraan al baie gedokter. Ons verklaar hulle so dat Prediker die voorkeur sou heg aan 'n agrariese staat bo 'n amptenarestaat. Daar weet die koning niks van sy volk af nie! Maar 'n "boere-koning" staan dig by sy mense.

Die boek Prediker word in die Nuwe Testament nooit aangehaal nie. Wel vind ons soms uitdrukkings in die Nuwe Testament wat sterk aan Prediker herinner. Soos Prediker hier sê: verwonder jou nie oor die saak nie — so sê Petrus: Geliefdes, verbaas julle nie ... en dan bedoel hy ook vervolgings — asof iets vreemds oor julle kom nie. Die woorde van Petrus neig ook wel enigsins na 'n raadgewing tot berusting, maar omdat hy vervolging ter wille van Christus bedoel, kan hy sy geliefdes bemoedig.

So 'n beskouing ken Prediker nie. Hy weet niks om te bemoedig nie, hy dink alleen maar met 'n bietjie heimwee aan 'n eenvoudige boerestaat, wat in sy tyd tot die verlede behoort

SKADUKANTE VAN DIE RYKDOM

Prediker 5:9 — 6:9

OM jousef te verryk — dit is die strewe van die mense, so het Prediker opgemerk (vs. 8). Hieruit vloei sy volgende gedagte as vanself voort: aan die strewe kom nooit 'n einde nie; die geldskraeper is nooit tevrede nie. Om ryk te wees gee geen bevrediging nie. Ook dit is dan tevergeefs!

Prediker noem vervolgens nog meer teleurstellings van rykdom.

10. Wie ryk is kry baie vriende wat van sy rykdom wil profiteer. Spottend merk Prediker op dat die enig-ste genot van sy rykdom vir hom is, dat hy mag toesien hoe andere sy goed verteer.

11. Die oorversadiging van die rykaard laat hom nie toe om te slaap nie, maar die arbeider, die man wat moet werk vir sy brood en in die aand moeg is, hy kan lekker slaap — of hy min en of hy baie eet; deur sy vermoeidheid is sy slaap gesond.

12. Prediker sien nog 'n ander lelike kant van die rykdom. Hy omskryf dit as "rykdom wat deur sy besit-ter bewaar word tot sy eie ongeluk". Hy sê: dit is 'n smartlike onheil wat ek onder die son gesien het.

In sy beskrywing daarvan trek die woorde "tot sy eie ongeluk" wel die meeste aandag. Hierdie woorde beteken dat die man se ongeluk voortkom uit sy rykdom, verband hou met sy rykdom, dat die ongeluk hom nie sou getref het nie, as hy nie ryk nie maar arm sou gewees het. Maar ons moet ook let op die woord „bewaar”. Die man wat hier deur Prediker ons voor oë geskilder word, is 'n man wat sy rykdom vas-hou. Des te bitterder is dit wanneer juis die so krampagtige bewaarde rykdom oorsaak word van sy ongeluk.

Prediker stel die geval dat die rykdom verlore gaan deur 'n ongeval. Die hemelvuur tref sy skure! Sy swaarbelaaide skip met skatte van verre kuste vergaan in 'n storm! Rowers oorval sy karavaan met kosbare goedere. So word hy in een nag arm. En as hy 'n seun het dan is die jongman wat in weelde grootgeword het, ook sonder besittings.

Dit is inderdaad 'n smartlike onheil!

Wat Prediker verder sê, laat 'n vraag opkom. Hy sê, vs. 14 soos hy uit die skoot van sy moeder uitgegaan het, gaan hy naak weer heen soos hy gekom het. Maar nou vra ons: "dit is tog met alle mense die geval?" Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. (1 Tim. 6:7). Job het dit ook erken as 'n vanselfsprekende saak. Dit is tog nie net met rykes en spesiaal met rykes wat arm geword het, die geval nie? Dit is so. Maar ten eerste is hierdie algemene waarheid wel besonder sterk sprekend in so 'n geval as in ons teksverband genoem word. En ten tweede maak Prediker in vs. 17 'n vergelyking met 'n ander geval naamlik met 'n ryke (wat natuurlik ook naak heengaan), maar wat sy rykdom nie *bewaar* maar *geniet* het. So maak hy 'n teenstelling tussen twee rykaards. Al twee het hulle moeitevolle arbeid moes doen; dit sê hy sowel van die een (vs. 14) as van die ander (vs. 17). Maar die een wat sy rykdom bewaar, eet sy lewe lank in duisternis, in sombere en wrewelige gemoedstemming; hy het baie ergernis as sake nie voorspoedig genoeg na sy sin verloop nie; daarby sy lyding en toorn; hy ly onder die gemelikheid waarmee hy hom vermoei, wat intussen tog maar vir wind is! Daarby kom nog sy "toorn", hy word onhebbelik jeens sy omgewing en sy werksmense.

In teenstelling hiermee teken Prediker nou 'n ander ryk man. Meestal sien hy net onheil maar nou roep hy uit: Kyk, wat ek as 'n goeie ding gesien het, wat voortreflik is! Hy het dus ook oog vir die lig! En dit is dat iemand eet en drink en die goeie geniet vir al sy arbeid waarmee hy hom vermoei onder die son gedurende die getal van sy lewensdae wat God hom gee. Daar is baie trekke van ooreenkoms tussen die twee rykaards: altwee eet,

lewenslang, en moes moeitevolle arbeid doen, maar die verskil is dat die tweede daarby die goeie geniet. Hy het hom nie vermoei vir wind nie! En hoekom? Prediker sê: want dit is sy deel. Miskien kan beter vertaal word met: wanneer dit sy deel is. (Aald). Om van jou rykdom te kan geniet is mos 'n gawe van God. 'n Mens het dit nie in sy mag nie. In 2:24 is dit duidelik gesê. Prediker ken God en erken sy bestuur oor alle dinge. As God aan iemand dié voorreg skenk, dan leef hy nie in duisternis en ergernis en lyding en toorn nie, want hy dink nie aan sy lewensdae wat maar kort is en aan die feit dat hy niks kan saamneem nie in die dood, want God laat hom besig wees met die vreugde van sy hart. Die man geniet die lewe en gaan daarin heeltemal op.

Ons kan vra of dit nie 'n oppervlakkige beskouing en 'n aardsgesinde standpunt van Prediker is nie. As Prediker homself loswikkkel uit sy pessimisme dan bly hy tog nog hang in stoflike en tydelike genot!

Ons mag hierby nie oor die hoof sien dat Prediker tog God erken as die Gewer. God is dit wat dit die man vergun, ook om hom besig te laat wees met die vreugde van sy hart. Aan oorgeestelikheid maak Prediker hom nie skuldig nie! En ons hoef dit ook nie te doen nie. As God ons aardse weldade gee mag ons ons daarin ook verheug. Wees in alles dankbaar!

6:1, 2. Hier is wel 'n nuwe hoofstuk maar geen nuwe begin nie. Prediker keer (na 5:17 -19) weer terug na sy opsomming van die skadukante van die rykdom. Hy teken 'n ryke soos hy hom ook in 5:17 -19 geteken het en nog mooier as daar, maar met hierdie verskil dat God hom nie in staat stel om van sy goedere te geniet nie. Prediker noem dit 'n onheil wat "swaar op die mensdom druk" of, soos ook vertaal kan word, "wat dikwels by die mense aangetref word". (Aald.) In altwee gevalle is dit God wat wel of nie in staat stel om van die rykdom te geniet. Die bestuur van God word deur Prediker steeds erken. Die voorgestelde geval is nog erger omdat nie die ryke self nie maar 'n vreemde van die goedere geniet; 'n vreemde, dit wil sê, iemand wat nie tot die gesin van die ryke behoort nie, geen erfgenaam dus. Dit is vir 'n Israeliet wie se tradisie dit is om die besittinge in eie familie of geslag te hou, besonder hard.

Hoe God dit bewerk word nie gesê nie. Prediker stel ook maar 'n algemene geval. Maar hy het voor-beelde daarvan gesien — in sy tyd waarin amptenare op mekaar loer (5:7). Ook in 2:21, 26 het hy hierdie geval genoem en toe ook gesê dat God hierin handel na sy welbehae.

Prediker het dit aangekondig as 'n onheil; hy eindig met te sê dat dit vergeefse moeite is en 'n bitter lyding.

In vs. 3 skilder hy, met trekke van oordrywing, 'n ander geval. 'n Man het honderd kinders, so stel Prediker voor. Dan het die man ook baie vrouens en dan moet hy ook 'n ryk man wees, anders kan hy so baie vroue met hulle kinders nie huisves en versorg nie. Dit word as 'n groot voorreg beskou om baie kinders te hê. Die digter van Psalm 127 vergelyk seuns met pyle in die hand van 'n held. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het: hy kan sy vyand weer-staan! Nou maak Prediker die getal baie hoog: honderd! Dit doen hy om sy voorstelling sterker te laat spreek. Dié man is baie bevoorreg! 'n Ander voorbeeld van sy bevoorregting is dat hy lank leef. Met twee uitdrukkings sê Prediker dit: hy leef baie jare, en die dae van sy jare is baie. Die langdurigheid van sy lewe word hiermee sterk uitgedruk. Ook dit is by die Israeliete 'n groot voorreg. Die belofte by die vyfde gebod is juis die van verlenging van die dae.

Dit is die twee begeerlike dinge: nageslag en 'n lank lewe. En dit het die man oor wie Prediker nou praat. Maar nou kom die teenstelling: sy siel kry nie genoeg van die goeie nie, dit wil sê: hy bly onbevredigd. In die verdere uitwerking van sy voorstelling, vs. 6, sê Prediker: en hy *geniet* nie die goeie nie; in hierdie woorde blyk sy bedoeling duideliker. Dit is naamlik dat hy die lewensideaal sien in *genieting* van die goeie; nie in die besit alleen, maar in die genot daarvan. As die man dit nie het nie dan — en nou werk Prediker weer met die skema "beter as" — dan is 'n misgeboorte beter as hy! Sy lewe is een groot mislukking!

Die mislukking van sy lewe word deur Prediker nog verder uitgebeeld met: en hy het ook nie

'n begrafnis nie. Dit is 'n groot skande. Asaf kla dat die lyke van die inwoners van Jerusalem onbegrawe lê as spys vir die voëls van die hemel en vir die wilde diere van die land (Ps. 79:2). En as Job in verweer teen sy vriende beweer dat dit met kwaaddoeners goed gaan, bewys hy dit met te sê: Hy word na die graf gebring; hulle sorg vir sy graf-heuwel. Sag lê op hom die kluite van die dal . . .

Dat die man met honderd kinders nie 'n begrafnis het nie bewys dat daar in sy lewe iets fout gegaan het, dat daar rampe was, waardeur hy 'n smadelike lewens-einde gehad het.

Oor die misgeboorte wei Prediker breed uit; ook dit doen hy om sy voorstelling sterker te laat spreek.

'n Misgeboorte kóm in nietigheid; dit is 'n vergeefsheid. In duisternis gaan dit heen, want dit word "weggestop", soos Job sê (3:16). Met duisternis word die naam daarvan bedek, prakties kry die nie 'n naam nie en in die naam kom eers die bestaan tot uiting. Ook het dit die son (Job sê: die lig) nie gesien of geken nie, generlei ervaring belewe nie. As nou 'n misgeboorte beter is as die lewe van die man wat nie genoeg kry van die goeie, dan beteken dit dat sy lewe minder is as niks.

So het Prediker in 4:1 - 4 die lewe van die ver-druktes gewaardeer. In daardie verband het hy niks oor die lot van die dooies gesê nie en hulle alleen maar geprys omdat hulle die lewe van verdrukkings agter die rug het. In hierdie verband sê hy wel iets oor die lot van die misgeboorte: Dit het meer rus as hy, as die ongelukkige rykaard. Rus is 'n begeerlike toestand. 'n Weinig rus is beter as vuiste vol moeite en gejaag na wind, het Prediker reeds eerder (4:6) gesê.

Letterlik geneem ken Prediker dus rus toe aan die misgeboorte. En waar word die rus gevind? Dit kan ons aflei uit wat volg. In vs. 6 gee Prediker 'n nog meer oordrewe voorstelling met die woorde: al lewe hy ook tweemaal duisend jaar (Aald. vat dit op as twee keer 'n lewe van duisend jaar deurmaak) maar hy geniet die goeie nie, wat dan? Prediker sê dit nie met soveel woorde nie maar onderbreek sy gedagtegang met die vraag: gaan nie alles na een en dieselfde plek nie? Dit is 'n retoriese vraag wat bevestigend beantwoord moet word: alles gaan na een en dieselfde plek: die stof! So het hy reeds gesê in 3:20.

Wie dogmaties te werk wil gaan kan vanuit die agtergrond van christelike beskouings uit hierdie teks baie put insake die lewe na die dood, byvoorbeeld dat daar verskillende grade van rus is, selfs ook dat die misgeboorte in die dood 'n eksistensie het wat rus kan geniet! (Jammer dat Prediker nie vermeld "in welke maand van die embryo" die existensie aanwesig is nie!). Om soveel uit hierdie woorde van Prediker te haal, lyk my nie juis, om die eenvoudige rede dat Prediker bogenoemde agtergrond nie geken het nie. Hy bedoel met rus niks anders as uitgesluit bly van bekommernisse en moeite en lyding en toorn (5:16). Boonop loop die vergelyking wat Prediker maak, nie oor dooies nie maar oor 'n ongelukkige rykaard in sy lewe en 'n misgeboorte wat gelyk staan met dood-wees.

Die lewensideaal van Prediker is om te geniet van die goeie. Dat dit 'n gawe van God is, sê hy hier nie weer nie. Dit het hy in 5:17 -19 gesê. Dit is 'n baie nugter lewensideaal, en aardsetint. 'n Mens kan sy lewensideaal ook meer geestelikgerig sien. Prediker is hier weer eensydig, maar in sy eensydigheid sien hy weer iets raak wat ons in oorgeestelikheid soms vergeet naamlik dat ons aardse welvaart tog as 'n gawe van God mag geniet!

Vs. 7. Die moeitevolle arbeid waarvan Prediker reeds gesê het (2:11) dat dit vergeefs is en gejaag na wind, is tog ook noodsaaklik, want dit is alles vir die mond, vir die instandhouding van sy lewe. In sover dien die arbeid wel 'n goeie doel, maar die fout van die kant van die mens is weer dat die begeerte nie bevredig word nie. Prediker wys hier weer net soos in 5:9 op die grenslose begeerte. Dit is 'n algemene verskynsel, sowel by die wyse as by die dwaas. Die wyse het in hierdie opsig geen voorkeur bo die dwaas nie. Vs. 8 gaan dan verder: watter voorkeur die arme wat weet om hom te beweeg onder die lewendes. In hierdie sinsdeel is die woord "voorkeur" deur die vertalers ingevoeg. Dit is wel tereg so gedoen, maar hierdie woord moes dan kursief gedruk gewees het. Die sin van vs. 8 is ook in

die oorspronklike taal nogal moeilik en verskillende vertalings, soms met veranderings in die teks, word voorgedra. Die invoeging van "voorkeur" in ons vertaling is egter heeltemal gewettig. Aan die slot moet dan ook weer bygedink word "bo die dwaas". Met "die arme wat weet om hom te beweeg onder die lewendes", of "in die lewe", word ook gesinspeel op die wyse. Prediker stel dit meermaal so voor dat die wyse arm kan wees en die arm man wys. Hy het dit gedoen in 4:13 en hy doen dit weer in 9:15. Die wyse weet om hom te gedra in die lewe, ook as hy arm is. Hy weet om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorfloed te hê sowel as om gebrek te ly. Die dwaas egter ken geen beheersing van homself nie en leef onbeteuel. Maar wat help dit, beteken die vraag oor die voorkeur; almal het dieselfde begeerigheid. Prediker noem dit "die geswerf van die begeerte". Hy teken met hierdie uitdrukking hoe die gedagtes van 'n mens altyd rondswaef om iets begeerliks te soek. In sy "beter as skema" sê hy dan: die aanskouing met die oë is beter as die geswerf van die begeerte. Ons sê dit met die spreekwoord: een voël in die hand is beter as tien in die lug (Hertz. bl. 117). Prediker kom hier weer uit by die gedagte wat hy al eerder uitgespreek het (2:24), dat wat 'n mens in sy besit het (as 'n van God gegewe goed) beter is as wat mense begeer en met moeitevolle inspanning nastreef. Want dit is maar tevergeefs en 'n gejaag na wind.

Ons moet hier nie met minagting spreek van "moraalprediking" nie, want al is moraalprediking al-leen nie die volle heilsprediking nie, dit behoort tog daarby. Hebreërs 12:5 stem heeltemal met Prediker ooreen: Wees tevrede met wat julle het. Verder staan dáár ook nog: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Hierdie lewensagtergrond word deur Prediker nie genoem nie!

WYSE LEWENSGEDRAG I

Prediker 6:10 — 7:6

In 6:10 begin 'n nuwe gedeelte wat hoofsaaklik raadgewings vir die lewensgedrag van die mens bevat.

Die beginverse van hierdie gedeelte, die slotverse van hoofstuk 6, handel oor die mens en sy posisie teen-oor God.

In die eerste woorde "Wat hy ook is" is ten eerste die woordjie *ook* nie heeltemal verantwoord. Verder vra ons, wie is "hy", wat so oningelei hier voorop staan. Dit blyk uit die slot van die sin: dit is *die mens*, of 'n *mens*. Die betekenis van die begin van vs. 10 is dus: wat die mens is. Met weglating van "dit is" volg dan (ons kan 'n gedagtestreep plaas) dat hy mens is. As dit so gesê word ("wat die mens is, is dit dat hy mens is") klink dit naïef en is die spanning uit die sin weg. Daarom stiler Prediker hier soos dit nou hier staan. Dat hy oor wie Prediker nou gaan praat mens is, is geen waarheid wat hy ontdek het nie, maar sy naam is reeds (lankal) genoem. Die uitdrukking: die naam noem, is 'n egte Semitiese uitdrukking, waarmee die bestaan van iets aangedui word. As 'n ou Babiloniese digter wil sê dat hemel en aarde nog *nie* bestaan nie, dan sê hy:

Toe daarbo die hemel nie genoem was nie en die aarde benede nie
'n naam gehad het nie. . .

In Jesaja 40 word die uitdrukking "by die naam roep" ook gebruik om skeppingswerk aan te dui:

Slaan julle oë op in die hoogte en kyk!
Wie het hierdie dinge geskape?
Hy laat hulle leërskaars uittrek volgens getal,
Hy roep hulle almal by die naam,
vanweë die grootheid van kragte
en omdat Hy sterk van vermoë is. (vs. 26).

Deur naamgewing verkry wat nog nie is nie, die moontlikheid van werklikheid (Galling). Naam en saak staan met mekaar in 'n nuwe verbinding (Hertzberg). In die noeming van die naam lê die bepaling van die lot opgesluit (Gems.). "Lankal is sy naam genoem" is dus 'n betekenisvolle uitdrukking. Die bestaan van die mens is geen toevalligheid nie, maar rus in 'n beslis-sing. Van wie die beslissing uitgegaan het word nie direk gesê nie maar blyk uit die gevolg. Deur die naamgewing en die beslissing wat daarmee geneem is, is bekend dat hy, oor wie Prediker hier praat, mens is. Omdat ons teks ons verplaas in die sfeer van die skeppingswerke van God is die woord "mens" ook te verstaan in die sin waarin dit in die skeppingsverhaal gebruik word: Die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde (beter: Die HERE God het die mens as iets stofliks uit die aarde geformeer) en hom mens genoem (Gen. 2:7; 5:2); dat hy uit die aarde geneem is, het God met nadruk herhaal by die straf-aankondiging (3:19). Die naam mens, adam, hou verband met die woord vir aardbodem: adama. Die mens is dus 'n "aardekind".

Hierdie beginverse van die gedeelte oor die mens en hoe hy hom moet gedra is dus baie belangrik. Dit spreek van sy oorsprong en wese. Dit is uitgangspunt en grondslag van wat verder gesê word.

In ou-semitiese bewoording sê Prediker hier wat God self gesê het met die woorde: "Laat Ons mense maak"; wat Hy in besondere sin van Jeremia sê: Voor-dat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken: (Jer. 1:5) wat met betrekking tot sy herskeppingswerk ook gegeld het: wie Hy vantevore geken het, die het Hy ook vantevore verordineer . .

Die *Voorbeskikking* lê soos 'n vleuel van God oor die mense uitgebrei. Die mens, die aardekind, kan daarteen niks doen nie; hy kan nie in die gerig gaan met Hom wat sterker as hy is nie. Met hierdie woorde sin-speel Prediker op Hom van Wie die naam-noeming, die voorbeskikking uitgaan. Dit is God. Hy dui Hom aan as Diegene wat sterker is as die mens, omdat Hy sy Maker, sy Skepper is. Hy is *die Sterkere* (as hy). Prediker gebruik hier 'n woord wat nêrens elders in die Hebreeuse Ou Testament voorkom nie (wel in die jongere Aramese gedeeltes). Die mens is teen God nie opgewasse nie. Hy kan dan ook nie met Hom in die gerig gaan nie. Job het dit wel geprobeer. Hy het een keer gesê: Maar ék sal met die Almagtige spreek en ek verlang om te pleit by God (13:3). Maar Elihu het hom vermaan en vir hom gesê dat dit nie reg was nie, want God is groter as 'n mens (33:12). Hiermee stem Prediker presies ooreen. Jesaja leer dit ook: Wee hom wat met sy formeerder twis; en in die Nuwe Testament sê Paulus dit ook: Maar tog o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Prediker erken absoluut die grootheid van God en sy vry-magtige wilsbeskikking. Die mens kan deur met God te spreek niks bereik nie. Inteendeel, hoe meer woorde, des te meer vermeerder hulle nietigheid. Job het dit ondervind. Die mens het daarvan geen voordeel. Om God teen te spreek sou jy alles moet weet, ook die toekoms, die hele lewensplan: die verloop en einde van jou lewe, die lotgevalle van jou nageslag, die omstandig-hede waarin dit alles sou plaasvind. Maar dit is juis wat die mens nie weet nie (3:22) en God wel. Daarom kan die mens oor die gebeurlikhede nie oordeel nie. Die mens kan die werk van God van begin tot end mos nie uitvind nie (3:11). Hy bring die getal dae van sy nietige lewe soos 'n skaduwee deur — of, soos die Griekse vertaling lui: *in 'n skaduwee*. Dit is 'n merk-waardige en oorwegingswaardige variasie van die teks: omdat die mens die toekoms nie weet nie, leef hy *in 'n skaduwee*. So is die siening van Prediker. Dat die volk wat in duisternis wandel, 'n groot lig sien, neem hy in sy beskouing nie op nie (Jes. 9:1).

7:1. Nadat Prediker in 6:10 -12 die grondslag van sy mensbeskouing gelê het, gee hy verskillende raadgewings oor 'n wyse lewensgedrag. Hy begin dan met: 'n Goeie naam is beter as goeie olie. In sy grondslagleggende inleiding is aan die *naam* van 'n mens groot betekenis gegee — "sy naam is lankal genoem" — Vir sy verdere beskouings neem Prediker nou die naam as uitgangspunt. Hy maak, weer in die "beter-as-skema", 'n vergelyking tussen naam en olie, soos dit ook in Hoogl. 1: 3 gedoen word: u naam is soos salf (olie). Met olie word olyfolie bedoel, 'n edel Palestyn-se produk, wat vir baie doeleindes gebruik is: om lampe, die kandelaar te laat brand, om fyn brood te bak, om wonde te behandel, om, na die bad, die liggaam te versorg en die vel sag en mooi te maak (Rut 3:3). Die uit die olywe geperste olie is na gelang van die gebruikdoel meer of minder fyn bewerk (Lev. 24:2 noem "suiwer, uitgestamppte olyf-olie") en ook met speserye tot baie soorte salwe, parfuums en kosmetieke waarvan nardus wel die kosbaarste was, gemeng. In ons teks word olie dan ook genoem weens die uitnemendheid en kosbaarheid van sy eienskappe. Maar, sê Prediker, 'n goeie naam is beter. 'n Goeie naam is die openbare mening wat jou medemense omtrent jou koester, tydens jou lewe maar ook na jou dood! Die goeie naam word deur die negende gebod beskerm! In die oorspronklike Hebreeuse teks lyk die woorde vir *naam* en *olie* baie na mekaar sodat 'n klankspel ontstaan, wat ons kan probeer naboots deur te sê: *beter 'n goeie gerug as 'n lekker geur*. Hierdie bewoording is ook daarom van pas, omdat die salwe nie alleen tot nuttige doeleindes soos liggaamsversorging gebruik is nie, maar ook gedien het tot verfyning van jou voor-koms (2 Sam. 12:20; Ps. 45:8; Hoogl. 1:3) en vervolgens artikels van luukse en weelderigheid geword het in frivole geselskappe soos "die gerustes in Sion en die sorglose op die berg van Samaria" (Am. 6:6), 'n ligsinnige leefwyse wat juis in die verse wat op ons teks volg, afgekeur word 'n Goeie naam het sedelike en geestelike waarde en is daarom beter as die stoflike aangenaamhede van salf olie.

Die tweede helfte van 7. 1, "en die sterfdag beter as die geboortedag," skyn maar sleg te pas by die eerste helfte. Dit pas beter by die vervolg waarin die klaaghuis as die betere geprys word. Tog is die twee vers-helftes nadruklik deur "en" aan mekaar verbind. Die eerste uitspraak is bedoel as aanloop en bevestiging van die volgende. Dat 'n goeie naam beter is as goeie olie sal elke verstandige mens erken, maar dat die sterf-dag beter is as die

geboortedag sal nie so maklik aan-vaar word nie. Maar, wil Prediker beklemtoon, dit is tog ewe goed waar as wat die eerste spreuk waar is. So sien ons teweens dat Prediker nie wil gaan handel oor goeie naam en goeie olie nie, maar oor sterfdag en geboortedag. Dit is sy onderwerp in die volgende verse.

Ons moet dus as seker aanneem dat die sterfdag beter is as die geboortedag. Maar waarom? Bedoel Prediker dit in absolute sin of weer betreklik? In absolute sin het hy dit wel bedoel in 4:2. En straks, vs. 8, sê hy: die einde van 'n saak is beter as sy begin. By die geboorte staan die mens voor 'n onseker toekoms, maar op die sterfdag word die rekening afgesluit en kan die resultaat vasgestel word. Maar dit kan negatief wees en dus nie beter as 'n hoopvolle begin. Prediker praat in die vervolg oor klaaghuis en huis van maaltye en daar kom *lewende* mense en vir hulle is die klaaghuis beter as die feesmaal. Hy bedoel dus die ervaring en ondervinding wat mens opdoen by die twee verskil-lende geleenthede. 'n Sterfdag bring tot nadenke. Die sterfdag is die einde van alle mense en die lewende kan dit ter harte neem. As ons by "'n huis van maaltyd" mag dink aan die maaltyd by die besnydenis (Levy by Hertzberg) of spening (Gen. 21:8b) van 'n kind, loop vs. 2a en lb presies parallel. Prediker wek op tot lewens-erns. Met die oordrywing wat aan hom eie is, vervolg Prediker dan ook: Om verdrietig te wees is beter as om te lag. By verdriet kyk die gesig droewig, maar die hart is met beter gedagtes en gevoelens vervul as by blydschap. Na menige Friese begrafnis het ek hoor sê: "dit was 'n mooi begrafnis" en dit was nie met betrekking tot uiterlik vertoon nie maar op die stigtelike besprekinge. Dit was vroom mense wat dit dan gesê het. Die gang na die klaaghuis bring u in aanmerking met die erns van die lewe.

Kan hierdie beskouing van Prediker in ooreen-stemming gebring word met sy opmerkings oor lewens-genieting (2:24) en lewensvreugde (3:22)? Ja, want daar spreek hy oor besadigde vreugde in die guns van God (Paulus sou sê: "in die Here") maar hier oor die vrolikheid van dwase mense. Dit is beter om te luister na die bestraffing van 'n wyse as dat 'n mens luister na die lied van die dwase. Jesaja teken vir ons so 'n dwaas gedoente soos volg: kyk, daar is vreugde en vrolikheid, beeste word doodgemaak en skape geslag, vleis geëet en wyn gedrink, met die woorde: Laat ons eet en drink, want môre sterf ons (22:13). Prediker vergelyk die gelag van die dwaas by die geknetter van doringtakke onder 'n pot: baie geknetter maar dit maak die pot nie warm nie (vgl. Ps. 58:10). Deur "dit is dan ook tevergeefs" sluit Prediker hierdie gedeelte af. (vs. 6).

WYSE LEWENSGEDRAG II

Prediker 7:7 — 14

DIE afpersing waarvan ons hier lees word met dieselfde woord aangedui waarmee in 4:1 die verdrukkinge genoem word, dáár egter met betrekking tot hulle wat verdruk word, hier tot die handeling self en hulle wat dit doen. Van die afpersing word ook gepraat in 5:7. Die afpersing maak 'n wyse dwaas. (Vir voorbeelde van "dwaas maak" — kyk Jes. 44:25 en Job 12:17). Die afperser raak so besete van sy hebsug dat hy hom gedra soos 'n dwaas. Selfs 'n wyse kan hiertoe verval. Só verderflik is die invloed van geldgierigheid. In aansluiting by die eerste helfte van hierdie vers sê Prediker verder: 'n geskenk bederwe die hart. Dit word ook in die wette van Israel gesê (Ex. 23:8), veral met die oog op die regspraak (Deut. 16:19). Wie 'n geskenk aanneem kan nie meer onbevange oor 'n saak oordeel nie.

Vs. 8. Waarom is die einde van 'n saak beter as sy begin? Volgens Spr. 5:4 (die vreemde vrou) en 23:32 (die wyn) is die einde juis slegter! Prediker bedoel dit in dieselfde sin as in 7:1b naamlik om die saak te beoordeel.

Dit kan pas gedoen word aan die einde van 'n saak en om die einde van 'n saak af te wag moet jy lank-moedig, geduldig wees en nie hoogmoedig nie d.w.s. uit die hoogte oordeel asof jy alles terstond reg kan bekyk. Daarom volg in Vs. 9. Wees nie haastig in jou gees om jou te vererg nie. Deur haastigheid van gees vererg jy jou; en ergernis, jou boos oor iets maak, rus in die boesem van die dwaas, want dit is sy geaardheid. Hierdie verkeerde geestesgesteldheid is in vs. 8 'n eienskap van die hoogmoedige, in vs. 9 van die dwaas. Hoog-moed is mos dwaasheid! Jakobus sê: wees gou om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word (1:19).

Vs. 10. Die man wat sê: Hoe kom dit dat die vorige dae beter was as die teenswoordige, stel dié vraag ook omdat hy hom vererg, hetsy oor die gang van sake in sy persoonlike lewe, hetsy oor die loop van die dinge in die algemeen. Ons kom hier in aanraking met die "laudator temporis acti", met "die lofsanger op die verlede" soos die Latynse digter Horatius hom genoem het. Hy is in die eerste plek kortsigtig, want hy sien nie die ligsye van die hede nie en nie die donker kante van die verlede nie (Wildeb.). Maar die vraag "hoe kom dit" bewys tweedens, dat hy ook nie "lankmoedig" (vs. 8) is in sy beskouings nie. (Die "hoe-kom-vrae" word in vs. 13 en 14 veroordeel). Horatius het in sy gevluelede woord hierdie tipe mans "querulus" d.w.s. vitterig genoem, 'n woord wat nie altyd aangehaal word nie. Om so vitterig en uit die hoogte te oordeel vloei, sê Prediker, nie voort uit wysheid nie. Ergernis rus mos in die boesem van die dwase! (vs. 9).

Vs. 11 en 12. Wysheid en rykdom is altwee groot gawes vir die mense en gee 'n beskutting, 'n beskerming aan die lewe. Wysheid is egter die vernaamste, want rykdom kan verkeerd gebruik word en dan maak dit nie gelukkig nie, maar wysheid hou die besitter daarvan in die lewe; omdat hy wys is leef hy verstandig en met beleid. Die wysheid is "'n lewensboom" (Spr. 3:18).

Vs. 13 en 14. Prediker het gesê dat hooghartige kritiek, dat die vraag "hoe kom dit. . .", nie voortvloei uit wysheid nie (vs. 10). Nadat hy daarna eers oor die wysheid uitgewei het (11, 12), kom hy terug op die "hoe-kom-vrae" om te sê waarom of hulle verkeerd is. Die eerste uitdrukking waarop ons in hierdie verse wil let is: "wat Hy krom gemaak het". Dat God iets krom maak, lees ons ook in Ps. 146:9; die weg van die goddelose maak Hy krom. Dit is dus 'n gerigsdaad van God. In 1: 15 het ons die woorde "wat krom is" ook so opgevat dat dinge krom is ten gevolge van die leuen, van die sonde, wat alles ontwig. Ook dit is 'n gerig van God.

Die retoriese vraag: wie kan reguit maak . . . beteken dat niemand, geen mens dit kan doen nie (vgl. 1:15). En dit is nou die rede waarom ons die werk van God moet *aanskou*. Hierdie woord "aanskou" het hier 'n ernstige betekenis. Dit beteken nie somaar net *kyk* nie; dit staan

in teenstelling met die beterweterige waarneming van die "lofsanger op die verlede" (vs. 10). Prediker bedoel: Aanskou die werk van God met bedagsame eerbied, want in sy werke toon Hy sy gerigte en sy goedheid. Ja, ook sy goedheid, so erken Prediker, want God gee ook dae van voorspoed in jou lewe. Wees dan goedsmoeds en bly! Maar as daar dae van onheil kom, bedink dan: ook hierdie het God gemaak net soos die dag van voorspoed; dit is ook die werk van God. En waarom moet ons ons so gedra en nie murmureer nie? Daarom dat die mens na sy dood niks meer sal ontdek nie.

In ons Bybel staan in hierdie sinsnede die woord dood skuins gedruk. Dit dui aan dat die vertalers hierdie woord ingevoeg het omdat hulle gemeen het om hierdie uitdrukking so te moet verduidelik. Maar omdat ons meen dat dit nie die regte uitdrukking is nie, laat ons die woord dood liewers weg. Ook die woordjie meer wat eintlik ook skuins gedruk moes gewees het, omdat dit in die oorspronklike teks nie voorkom nie. Ook sal is 'n uitvloeisel van die opvatting van die vertalers. Ons vertaling van die laaste woorde van vs. 14 lui dan: daarom dat die mens na hom (of na dit) niks ontdek nie.

Die woord wat hier met *na* vertaal is, lui eintlik *agter*.

As die Oosterling hom oriënteer gaan hy met sy gesig na die Ooste staan. Dit noem hy die "voorkant". Daar sien hy die dinge wat is, wat gebeur het, maar agter hom, dit is die toekoms. Die uitdrukking van vs. 14c beteken dus kortweg: omdat die mens die toekoms, die afloop van die dinge nie ontdek, nie ken nie. En daarom kan 'n mens oor wat hy sien nie oordeel nie. Dit kan pas gedoen word as die dinge ten einde geloop het. Dit is dieselfde gedagte wat Prediker in vs. 8 ook al uitgespreek het: die einde is beter as die begin, omdat jy dan pas die saak kan beoordeel.

Ten slotte wil ons opmerk dat Prediker in hierdie verband nie so pessimisties is nie; hy erken dat daar dae van voorspoed is en wil dan dat ons die goedsmoeds sal ervaar. Wel bly hy ernstig in sy lewensbeskouing en erken hy onomwonde die bestuur van God oor alle dinge.

NIE AL TE REGVERDIG

Prediker 7:15 — 18

DAAR is wel enigsins verband tussen wat voorafgaan in die verse 13 en 14 en tussen wat nou volg in vs. 15 ens. God maak vir die mense dae van voorspoed en dae van onheil. Daar is baie variasie in die lewe van die mense. Dit is alles God se werk. Ons kan daarvoor nie oordeel nie. Ook is die voorspoed en onheil nie só onder die mense verdeel as ons sou verwag nie. Dit het Prediker opgemerk. Alles d.w.s. allerlei dinge en toestande het hy gesien in die dae van sy nietigheid. Alles is mos ydelheid, nietigheid! Prediker self leef daar ook in; hy het ook deel aan die nietigheid waarvan hy gedurig die naarheid beskryf. Die nietigheid beperk sy blik maar hy sien die dinge nou eenkeer soos dit in sy omstandighede moontlik is. En wat het hy dan gesien? Daar is 'n regverdige wat ondanks sy regverdigheid omkom, en daar is 'n goddelose wat ondanks sy goddeloosheid lank lewe. Hierdie twee dinge bedoel Prediker met *alles* wat hy gesien het. En hierdie twee dinge is heeltemal in stryd met die gangbare mening, 'n mening wat intussen op uitsprake van die Ou Testament, aan Prediker wel bekend, gegrond is.

Jesaja moet verkondig dat dit met die regverdige goed sal gaan, maar sleg met die goddelose (3:10, 11). Hierdie "goed gaan" bestaan vernaamlik in 'n lang lewe. Die wet beloof dit by die vyfde gebod; kyk ook Ps. 91:16, Spr. 3:2, 16. Die goddelose daarenteen bring hulle dae nie tot op die helfte nie (Ps. 55:24). Maar nou sien Prediker dat dit nie altyd so gaan nie! En hy wys daarop. Hy is die kritikus wat durf sê dat die praktyk nie altyd klop met die leer nie. Ons vind dit ook in die boek Job. Daar blyk duidelik hoe die leer uitgebou was tot 'n vergeldingsleer, waaraan ook God hom sou verbind. Die uitgangspunt is dat straf volg op sonde en daaruit word die gevolgtrekking gemaak dat die rampe van Job bewyse is van sy sonde. Vir hulle vergeldingsleer beroep die vriende hulle op "die vorige geslag" en op "hulle vaders". So Bildad, 8:8; en op "wat die wyse manne verkondig sonder om iets te verberg, van hulle vaders af oorgelewer". So Elifas, 15:18. Volgens die tradisionele opvatting sê Bildad dat die verwagting van die goddelose vergaan (8: 13), dat hulle verwagting is — uitblasing van die laaste asem (11:20). En Sofar sê dat die gejubel van die goddelose kort van duur is (20:5). Maar Job bring daarteen in: Waarom bly die goddelose lewe, word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag? (21:7).

Ons hou ons nou besig met die boek Prediker en vra watter houding neem Prediker aan in hierdie konflik tussen leer en praktyk? Ons kry die antwoord op hierdie vraag in vs. 16 en 17. Daar sien ons dat hy nie so heftig reageer as wat Job doen nie. Job is 'n vegter, Prediker neig meer tot berusting. Hy sê: Wees nie alte regverdig . . . Wees nie alte goddeloos nie. Sy bedoeling is wel duidelik. Hy wil sê: bewaar jou vir uiterstes! Hou die gulde middelweg! Maar die uitdrukkings *alte* regverdig en *alte* goddeloos klink ons tog vreemd in die ore. Kan jy ooit *te* regverdig wees? Regverdig is regverdig! Dit is tog 'n absoluut begrip. Daarin is tog geen gradasie nie? En wat alte goddeloos betref — is "gewoon" goddeloos nie reeds erg genoeg nie?

In die eerste plek kan ons opmerk dat die vertaling met "alte" wel ietwat kras is. Andere vertalings lui: "oordrewe", "buitengewoon", "bomatig", (Aald, Hertzbl., Barton). Maar dit neem die bogenoemde besware tog nie heeltemal weg nie. Is regverdig nie 'n absolute begrip nie? Ja, by God, maar nie by mense in die dae van hulle nietigheid nie. Die betreklikheid van regverdigheid blyk m uitdrukkings soos van Habakuk (1:13) dat die goddelose hom verslind wat regverdiger is as hy. Buitengewone regverdigheid kan veral voorkom by die beoordeling van ander man se dade en dit is hier juis in die geding as gekonstateer word dat regverdiges omkom.

Verder verbind Prediker hier die begrippe regverdig en wys met mekaar; en goddeloos met dwaas. Dit is 'n gewone verbinding in sy beskouings. Wat "wys wees" betref sê hy: hou jou nie buitengewoon wys nie, stel jou nie aan asof jy die wysheid in pag het nie. Die wysheid

ontbreek ons om oor ander mense te oordeel. Die vraag wat Prediker hierby stel: Waarom sou jy jouself te gronde rig? sluit in dat jy dan jouself te gronde rig d.w.s. dat jy dan jou eie lewe bederf deurdat jy sien dat dinge nie gaan soos jy dink dat hulle moet gaan nie. Dit gee maar ergernis (vs. 9).

Wat betref "wees nie buitengewoon goddeloos" — hierdie woorde het betrekking op die lewensgedrag. Ons is almal sondare in die nietige lewe en moet dit nie opsetlik erger maak nie. Dit kan tot gevolg hê dat jy sterwe voor jou tyd, op 'n tydstip waarop 'n mens gewoonlik nog nie sterf nie bv. deur 'n ramp of 'n ongeval of 'n siekte of een of ander Godsoordeel. Uit hierdie woorde blyk dat Prediker die vergeldings-gedagte tog nie verwerp nie.

Prediker gee dus twee raadgewings en dring daarop aan om altwee op te volg. Dan ontkom jy "aan dit alles" naamlik aan die twee gevolge: jouself te gronde rig én voor jou tyd sterwe. Wanneer Prediker nou af-sluit deur te sê: want die wat God vrees ontkom aan dit alles, gee hy daarmee te kenne dat om nie buitengewoon wys en nie buitengewoon te sondig nie, kenmerke is van 'n godvrugtige lewenshouding.

DIE WYSHEID NAGESTREEF

Prediker 7:19 — 24

HIERDIE verse is duidelik wat hulle inhoud betref; die moeilikheid skuil in die volgorde, in hulle onderlinge verband. Baie skrifverklaarders soek die oplossing in verwisseling van verse; of hulle beweer dat bekende spreuke deur Prediker self of deur sy leerlinge ingevoeg is. Sulke oplossings berus egter op gissings. Boon-op is hulle ook nie bevredigend nie. Dit is beter om eie logika maar 'n bietjie tersyde te stel — hou jou nie buitengewoon wys nie! — en om te probeer om Prediker op sy, inderdaad enigszins kronkelende gedagte-gang, te volg. Die hele hoofstuk deur is hy besig om oor wysheid te praat. Sy wysgerige hoof is vol gedagtes. Hy maak daarvan geen wetenskaplike referaat nie, maar skryf hulle die een na die ander op.

Vers 19 begin met 'n lofprysing op die wysheid. In die vorige vers het hy 'n wyse en besadigde optrede toe-geskryf aan hulle wat God vrees. Tussen die "vrese Gods" en wysheid is daar volgens die Ou-Testamentiese wysheid 'n noue verband. Hoe dikwels sê die Ou Testament nie dat die vrees van die HERE die beginsel van die wysheid is nie (Spr. 1:7; 9:10. Ps. 111:10. Job 28:28 e.a.)? Van godsvrug na wysheid, van vs. 18 na vs. 19, is dus nie 'n groot stap nie. Prediker sê: Die wysheid versterk die wyse meer as tien maghebbers wat in die stad is. Hiermee sê hy dat geestelike krag, morele krag meer beteken as fisieke krag. Hy sê dit later weer, 9:16 en 18, "wysheid is beter as heldekrag, as oor-logswapens. Hier noem hy maghebbers, heersers, "sultans", waaraan die woord wat hy gebruik laat dink. Die getal "tien" is willekeurig. 'n ronde getal. "n stuk of tien". (Vergelyk Gen. 31: 7; Num. 14:22; Job 3).

Hierdie lofprysing op die wysheid laat Prediker ongetwyfeld volg op die (slegs skynbare) diskwalifikasie van die wysheid: dat dit in eiewysheid kan ontaard (vs. 10). Hy moet elke misverstand wegneem deur nou weer van die ware godvrugtige wysheid te spreek. As ons dit so opvat kry die moeilike woordjie "want", waarmee vs. 20 begin, ook meer betekenis. Die woorde "regverdige mens" is miskien 'n (ironiese) terugslag op "maghebbers" uit vs. 19. Hulle meen wel goed te doen, dog slaan die bal ook soms mis. Origens is hier-die woorde ook reeds deur (die egte!) Salomo gebruik in sy groot gebed (1 Kon. 8:46).

In vs. 21 beweeg Prediker hom weer op die lyn van vs. 16 naamlik om nie met oordrywing te handel nie. Hy het nou die praterij van die mense op die oog. Jy sal dan oor jou self lelike dinge hoor! Hy neem as voor-beeld vloek. Om mekaar uit te vloek is tot vandag toe 'n Oosterse ondeug en klein seuntjies ken reeds al die skelwoorde (Hertzsb.). Maar, sê Prediker, maak jou nie boos nie, want jou eie hart, ons sou sê "jou gewete", weet ook van baie gevalle dat jy self ook ander gevloek het. Ken uself en oordeel mild!

In vs. 23 gaan Prediker voort om oor die wysheid te spreek, en kom hy tot skokkende konklusies!

Hy sê: Dit alles het ek met wysheid op die proef gestel. Met "dit alles" bedoel Prediker wat voorafgaan. Hy gee 'n samevatting van wat hy tot dusver ondersoek het. Ons moet verband aanneem tussen hierdie vers en 1:3. Daar sê Prediker waar hy sy hart op gerig het, wat sy lewenstaak as wyse is. Hier sê hy dat hy dit gedoen het. Eweas in 1:13 kan in plek van "met wysheid", beter vertaal word deur; "die wysheid". Dan is die wysheid nie middel nie maar voorwerp, doel van sy ondersoek, hier en in 1:13. Daar staan trouens in die teks ook duidelik: "die wysheid", nie "wysheid" nie. Ons kan dan vertaal: in alle opsigte het ek die wysheid beproef.

Sy doel druk hy uit met die woorde: Ek wil wys word, of: ek wou (beslis) wys word, d.w.s. wysheid verkry, insig kry in die wese van werklikheid. En nou volg die eerste skokkende konklusie: maar dit het ver van my gebly. Hy kon sy doel selfs nie *byna* bereik nie. Want wat bestaan, is ver en baie diep. Wat bestaan, d.w.s. die werklikheid; in 1:13 staan "wat gebeur".

Prediker sê: Wie kan dit begryp? Eintlik: wie kan dit vind? So sê ook die loflied op die wysheid in die boek Job: Maar die wysheid — waar word dit gevind? (Hoof-stuk 28). Wat veraf is en diep geleë is, kan moeilik ondersoek word. Die diepte is die plek waar die Oosterling die plek van die wysheid sien. Die "onpeilbare hart" in psalm 64:7 heet in Hebreeus ook die *diepe* hart. So kla die Prediker dan: die wysheid is onbereikbaar, te ver en te diep. Hy kan daarby nie kom nie.

By hierdie teleurstelling kom Prediker uit, omdat hy sy blik beperk tot die dinge wat "onder die son is", omdat hy alles "aards" beskou. En dan kan 'n mens nie ver sien nie!

In die skepping van God loop naas die waarheid van God se Woord die leuen van die duiwel: "dit is nie so nie" en in die herskepping loop naas die verkondiging van die nuwe lewe wat in Christus Jesus is, die leuen: sy dissipels het Hom gesterf. "Die leuen verdonker die waarheid. Maar daar is tog lig, wat Prediker blykbaar nie gesien het nie, hoewel dit reeds deur Moses gesê is — en Paulus het dit later herhaal: Die gebod, die woord is nie ver nie; dit behoef nie uit die hemel, uit die hoogte, of van oorkant die see, uit die afgrond, uit die diepte gehaal te word nie; naby is die woord, in jou mond en in jou hart. (Deut. 30:11 -14; Rom. 10:6 -9). Die waarheid, die wysheid is in Christus Jesus. Vir wie Hom ken is lewe en wêreld nie so donker nie!

VROUE

Prediker 7:25 — 8:1

In vs. 25 hef Prediker opnuut aan; hy het weer opnuut ondersoek gaan doen; want hy wou weet en uitkom by wysheid, by 'n slotsom. Die tekswoord wat met slotsom vertaal is, kom alleen by Prediker voor, hier en straks in vs. 27 en verder in 9:10, waar dit met "oorleg" vertaal is. Dit is dus wel 'n merkwaardige woord, afgelei van 'n woordstam wat "reken" beteken. Dit beteken dus die uitkoms van oorwegings, die *bevinding* waarby 'n ondersoeker uitkom.

In die tweede helfte van vs. 25 omskryf Prediker sy doel nader: om so die goddeloosheid as dwaasheid en die dwaasheid as onverstandigheid te leer ken. So vertaal die nuwe Nederlandse vertaling ook ongeveer. Die woordjie "as" kán wel reg wees maar of dit die bedoeling van die teks juis weergee is nie seker nie. Om goddeloosheid as dwaasheid te bestempel het wel sin (Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Ps. 53:2). Maar dwaasheid as onverstandigheid — die Nederlandse vertaling keer die woorde om: onverstand as verdwaasdheid — is nie so sinvol nie. Die teks bied vier verskillende woorde. Ons Afrikaanse vertaling gebruik "dwaasheid" twee keer. Die ou Statevertaling gebruik wel vier woorde: "de goddeloosheid der zothed en de dwaasheid der onzinnigheden" maar om hulle so twee by twee aan mekaar verbonde te maak is tog nie juis. Die vier woorde kan ook langs mekaar as die voorwerp van die ondersoek geneem word (Hertzsb.). In elk geval kan uit die opeenstapeling van woorde afgelei word dat Prediker, nou dat hy die wysheid nie kan bemeester nie, dan maar die dwaasheid aan die kaak wil stel. En dan kom hy inderdaad op iets af, iets wat bitterder is as die dood. Die dood is bitter (1 Sam. 15:32), maar nog bitterder is die vrou — nie elke vrou nie; hoe sou Prediker dan kan sê, 9:9, Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet? Hy bedoel die vrou wat strikke is, haar hart nette, haar hande boeie. Dit is die vreemde vrou, d.w.s. die vrou wat nie jou eie is nie en daarom is sy strikke; sy is 'n valstrik. Haar hart, haar heimlike bedoeling, is nette; haar hande boeie. Wat Prediker bedoel sien ons duidelik in 'n vrou soos Delila! In die boek Spreuke word dikwels teen die vreemde vrou gewaarsku (5; 6:24; 7:5 en v.) Die bevinding van Prediker is nie net dat dié vrou daar is maar erger nog dat 'n man nie deur eie kloekheid aan haar verderflike invloed kan ontkom nie. Alleen hy wat goed is voor die aangesig van God, sal van haar vryraak. Hy mag daarin 'n bewys sien van die genade van God jeens hom (Wildeb.). Dit is dieselfde gedagte as wat ons in 2:26 gelees het Maar die sondaar word deur haar gevang. Dit sê Spr. 22:14b ook.

In vs. 27 kry ons 'n samevatting van die ondersoek. Dit is wel deur Prediker self opgestel maar blykens die woorde "sê die Prediker" (vgl. 1:2 en 12:8) is dit deur iemand anders — een van sy leerlinge of volgeling? — uit sy mond opgevang. Die samevatting klink nogal bewoë. Herhaaldelik word die woord *gevind* gebruik, wel ses keer. Hy sê beurtelings wat hy wel en wat hy nie gevind het nie. Sy metode was: "een by een" d.w.s. noukeurig besondere dinge saam te voeg. Sy doel was, soos hy reeds in vs. 25 gesê het, om 'n slot-som te soek en te vind; 'n slotsom is 'n *bevinding*, die resultaat van die ondersoek. Wat het hy nou gevind en wat nie? In opgewonde woorde sê hy: wat ek nie gevind het nie. maar lank gesoek het, — en dan sê hy eers wat hy wel gevind het, een mens uit duisend, maar, en dit ten slotte met nadruk: 'n vrou het ek onder soveel nie gevind nie. Natuurlik was daar wel vrouens maar nie een wat die naam van vrou in edele sin werd was nie. In die sin moet ook die woord *mens* opgevat word. Dit is nie nodig om dit as "man" te vertaal nie (so Barton). Onder duisend, 'n groot ronde getal, was daar maar een die naam mens werd en die een was nie 'n vrou nie. Hoewel Prediker in vs. 26 die vreemde, die slegte vrou bedoel, spreek hy in sy "slotsom" oor die vrou "in die algemeen". Die vrou, 'n vrou, kan aan Prediker se eise van voortreflikheid nie beantwoord nie! Daardeur word hierdie woorde minder aangenaam vir die vrou in die algemeen. Gelukkig sê die Skrif ook ander dinge van die vrou. Ons verwys alleen maar na Spreuke 31. Sy pessimisme laat Prediker weer só praat as wat hy hier doen. Maar die pessimisme spruit intussen tog voort uit sy bevinding. By sy ondersoek van die lewe en wat daarin gebeur, het hy baie slegtighede ontdek en gesien dat daar dikwels, of

altyd!, die werskaffery van vrouens agter steek. Ons dink byvoorbeeld aan Rebekka en die bedrog van Jakob. Tog mag ons hieruit nie aflei dat die vrou goddeloser is as die man nie. Maar die vroue wat so baie suggestiewe eienskappe het, oefen groot invloed uit op mans en hulle doen dan goddelose dinge! As die goddeloosheid in die sewende gesig van Sagaria as 'n *persoon* moet voorgestel word is dit om hierdie rede 'n vrou; nie 'n man maar 'n vrou in die efa. Die toppunt bereik hierdie voorstellingswyse in die beeldspraak uit Openbaring 17 van "die groot hoer wat op baie waters sit".

Die gedagte van sommige verklaarders (Barton, Wildeb.) dat Prediker persoonlik ervarings met slegte vrouens opgedoen het is m.i. nie aanneemlik nie. Eer-der spreek hy uit ervaring as hy sê: "hy wat goed is voor die aangesig van God, sal van haar vryraak (vs. 26).

In vs. 29 word nog 'n bevinding van Prediker genoem: Kyk, sê hy, dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het. Hier gryp hy weer terug op die berig uit Genesis. Maar, sê hy, hulle, dit is die mense, het baie slim planne gesoek. Dit het God self ook al-reeds gesien: dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was. Kyk Gen. 6:5; ook in daardie verband staan vrouens op die agtergrond!

In die oorspronklike teks tref ons weer 'n woordspeling aan. Die "slotsom" en die "slim planne" is woorde wat van dieselfde woordstam gevorm is. Teen-oor die ernstige *bevinding* van Prediker staan die *uitvindings* van die mense.

8:1. Aangesien in 8:2 ongetwyfeld 'n nuwe stuk begin, moet ons vs. 1 nog saamneem met hoofstuk 7.

Wie is soos die wyse? Uit die tweede vraag: wie weet die verklaring van die dinge? blyk, dat 'n wyse iemand is wat die verklaring van die dinge weet. Wie is dit nou, wat dit weet? Na wat voorafgaan klink die vraag enigszins hopeloos. Die antwoord op hierdie retoriese vraag moet wees "niemand". Maar so moedeloos wil Prediker nie eindig nie. Hy het nou wel nie gevind, wat hy gesoek het nie. Maar dit beteken nog nie dat die wysheid bankrot is nie. Daarom eindig hy in vs. 1b met 'n uitspraak wat sekerlik 'n spreekwoord uit sy dae is en lof spreek van die wysheid:

Die wysheid van 'n mens verhelder sy gesig en die hardheid van sy gesig word daardeur verander.

Hierdie spreekwoord gee Prediker moed. Hy gee die stryd nie op nie. Hy sal nog weer van hom laat hoor.

GEHOORSAAMHEID AAN DIE KONING

Prediker 8:2 — 8

In hierdie nuwe gedeelte betree Prediker die terrein van die politiek. Hy beveel om gehoorsaam te wees aan die bevel van die koning. Hoewel die volk Israel van sy dae nie 'n eie koning gehad het nie maar onderwerp was aan die wêreldmagte van sy tyd, beveel hy tog dat sy volksgenote aan die vreemde heerser gehoorsaam moet wees. As ons op hierdie omstandigheid let kry die bevel tot gehoorsaamheid indringender betekenis. Dat die volk aan sy eie volkskoning gehoorsaam moet wees, is 'n vanselfsprekende saak. Wat jou houding jeens 'n vreemde heerser moet wees is 'n moeiliker vraag. Prediker sê, sonder een beperking, neem die bevel van die koning in ag. Hy het daarvoor ook 'n rede: en wel terwille van die eed by God. Die gehoorsaamheid aan die koning het ook 'n religieuse kant.

Van die eed by God bied die geskiedenis genoeg voorbeelde. Koning Dawid het met die oudstes van Israel 'n verbond gesluit voor die aangesig van die HERE, en hulle het Dawid as koning oor Israel gesalf (2 Sam. 5:3; 1 Kron. 11:3). Die priester Jozababed het die verbond gesluit tussen die HERE en die koning en die volk . . . ook tussen die koning en die volk (2 Kon. 11:17; 2 Kron. 23:16). Trouens — die salwing op sigself (Saul, Salomo, Joas, Hasael, Jehu, Joahas) was 'n teken van die verbondenheid van die koning aan God. Maar nie alleen binne die grense van die volks-bestaan van Israel nie, ook onder vreemde oorheersers is die eed by God afgelê. Nebukadnésar het Sedekia by God laat sweer (2 Kron. 36:13; Eseg. 17:13). Ver-breking van so 'n eed word deur die profeet afgekeur (Eseg. 17:13-16).

Ook Paulus, wat nie in 'n eie vrye land geleef het nie, maar burger was van 'n imperium wat sy vaderland onderwerp het, het gesê: Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, en hy het daarvoor soortgelyke motivering gehad: die owerheid is 'n instelling van God. (Rom. 13:1, 2).

Origens motiveer Prediker sy raad om gehoorsaam te wees aan die koning deur te wys op sy mag: alles wat hy wil, doen hy. Hy is 'n despoot! Dit sou doelloos wees om jou teen hom te versit. Verset sou 'n slegte saak wees waarmee jy jou nie moet in laat nie. Daarop het Prediker reeds die oog gerig as hy sê: Haas jou nie om van hom af weg te gaan nie. Oorduidelik is hierdie woorde nie. Verskillende verklarings word voorgedra. Ek dink, "haas jou nie" beteken hier dat jy jou besinning nie moet verloor nie en van die koning af weggaan as daar êrens opstandige beroering is. Laat jou daar-mee nie in nie, sluit jou daarby nie aan nie. In hierdie woorde van Prediker skemer wel iets deur omtrent die politieke toestande van sy tyd: die koning moet altyd op sy hoede wees vir rebellie. Maar Prediker is nie rebelsgesind nie. Hy waarsku daarteen want die woord van die koning is magtig en wie kan vir hom sê: Wat doen u?

In teenstelling met opstandige neigings noem hy die onderhouding van die gebod, naamlik van die koning. Dit is die gehoorsaamheid aan die bevel van die koning waartoe hy, vs. 2, aanbeveel het. Hy sê: Hy wat die gebod onderhou sal geen kwaad ondervind nie. In dieselfde gees sê Paulus: die owerhede is geen voor-werp van vrees by die goeie dae nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang (weer Rom. 13).

Kan die koning dan, kan die owerhede dan maar maak soos hulle wil? Doen hulle nooit iets verkeerd nie?

Dit is die ander kant van die saak! En daaroor het die Prediker — en Paulus — iets om te sê.

Die Prediker vestig die aandag van sy lesers op die gerig. Hy bedoel die gerig van God. Daarvan is hy hom terdeë bewus. In 3:17 het hy daarvan ook reeds gepraat. Daar is vir alles 'n tyd, sê hy in daardie hoofstuk. En dit sê hy hier weer. Daar is ook 'n tyd van

regterlike beslissings. Dit kan nie uitbly nie, want die boosheid van die mens druk swaar op hom. Die sondelas word groot, word vol, soos die HERE dit self noem in Gen. 15:16. Prediker druk hom versigtig uit; hy sê, in die algemeen, die boosheid van *die mens*, maar dit sluit ook die despotiese konings in! Hy moet egter versigtig wees in die tyd van vreemde heerskappy waarin hy leef!

Daardie onontkombare gerig sal die hart van die wyse belewe, sê Prediker. "Die hart van die wyse" is die teenstelling van die man wat hom sou haas om van die koning af weg te gaan. Die wyse is geduldig en wag die tye af. God verander die tye en die geleenthede (Dan. 2:21). Wel is die toekoms onbekend. Hy, of liever niemand weet wat sal wees nie (vgl. 6:12). Maar een ding is seker: die gerig kom! En dit is onkeerbaar. So min as jy die wind kan teë hou, so min as iemand mag het oor die dood, so min as jy in oorlogstyd aan die oorlogsomstandighede kan ontkom — ewemin sal jy die gerig vryspring! Die goddeloosheid sal hom wat dit begaan, nie red nie. Die goddelose meen dit wel in sy stoutmoedigheid en magswellus. Hulle sê: Ons het 'n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek — maar dit is waan en inbeelding. (Jes. 28:14 ens.).

In die slotverse van hierdie gedeelte blyk dat Prediker wel die tirannieke despote in die gedagte gehad het.

Op dieselfde wyse wys Paulus ook op die verantwoordelikheid van die owerheid as hy sê dat hy 'n dienaar van God is. Bo hom staan God!

DIE OORDEEL WAT EEN KEER KOM

Prediker 8:9 — 17

PREDIKER het in die wêreld van sy dae, 'n wêreld van magte en heerskappye, steun en troos gevind in die oortuiging dat eenmaal die gerig kom. So het digters en profete voor hom altyd verkondig. Dit was 'n tyd waarin die een mens heers oor die ander tot sy ongeluk — naamlik tot ongeluk vir hom wat oorheers word. Hy het in die tyd goed rondgekyk, sy hart, sy aandag gerig op elke werk wat onder die son gedoen word en dan sien hy dat alles wat gebeur nie in ooreenstemming is met sy verwagting dat daar gerig sal kom nie. Hy het dié klag al eerder geuit — 7:15. As daar wel gerig, vergelding, sowel van goed as van kwaad sou wees, dan sou die lewe onder die son sinvol wees. Maar nou vind hy die lewe sinloos. Drie keer sê hy dit in hierdie verse: dit is nietigheid, ydelheid (10, 14).

Wat het Prediker dan opgemerk? Die goddelose word begrawe! Is dit dan so mooi? Ja, Prediker het mos gesê dat die einde van 'n saak beter is as die begin. As 'n man nie 'n goeie begrafnis kry nie (6:3) is dit 'n smaad en bewys van sy lewensmislukking. Maar 'n goeie begrafnis is 'n mooi afsluiting van sy lewe. En dit kry die goddelose nou! Dieselfde verwyf het Job ook al gemaak: hy word na sy graf gebring, en hulle sorg vir sy grafheuwel. Dat Prediker dit ook só bedoel, blyk uit die volgende woorde: die goddelose "gaan in"; in die rus, voeg ons vertaling ter verklaring by en dit is ook heeltemal reg. En, sê Prediker, hulle wat reg gehandel het, die regverdiges, moes uit die heilige plek weg-gaan. Die heilige plek word vervolgens die stad genoem. In die stad is die regverdiges vergeet. In die dae van Nehemia is Jerusalem die heilige stad genoem. (Neh. 11:1). Die goddelose ontvang dus roem en eer tot in die dood en die regverdiges moet die veld ontruim. As dit so gaan, sê Prediker, dan is dit nietigheid, ydelheid.

Daar is nóg 'n gevolg van die uitbly van die gerig. Prediker laat die gedagte aan gerig nie vaar nie maar stel vas dat dit *nie gou* voltrek word nie. Daarom is die hart van die mensekinders in hulle, vol om kwaad te doen. Daar kom mos tog geen gerig nie, so dink hulle. In die dae van Maleagi het hulle ook in die trant gepraat. Hulle het die God van die reg uitgedaag en geterg (2:17) en gesê: nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry. (3:15). Mense wat so praat word deur Petrus — want hulle was daar ook in sy dae — spotters genoem! 2 Petr. 3:3-9. Intussen, so stel Prediker vas, doen 'n sondaar honderdmaal d.w.s. baie keer, kwaad en tog leef hy lank.

Ondanks hierdie feite uit die daaglikse lewe vol-hard Prediker in sy geloof in die geregtigheid. Dit sál goed gaan met die wat God vrees, omdat hulle voor sy aangesig vrees en dit sal nie goed gaan met die goddelose en sy dae wat soos 'n skaduwee is, sal hy nie ver-leng nie — hy sal dit nie lank maak nie — omdat hy voor die aangesig van God nie vrees nie.

Ook Maleagi en Petrus wat ons so pas in hierdie verband genoem het, val terug op die gerig wat stellig kom: Maleagi maak melding van die gedenkboek wat daar geskryf is voor die aangesig van die HERE; en Petrus sê: Die dag van die HERE sal kom. Al noem Prediker hierdie feite nie, hy sê tog positief: ek *weet* dat dit goed sal gaan met die wat God vrees en dat dit nie goed sal gaan met die goddelose nie. Maar wanneer? Een keer seker!

Prediker kla God nie aan, maar konstateer dat dit op die aarde onsinnig toegaan. Nietigheid is dit sê hy, en som dan nog een keer op, hoe dit gebeur dat daar regverdiges is met wie dit gaan volgens die dae van die goddelose en dat daar goddelose is met wie dit gaan volgens die dae van die regverdiges. Skerper kan dit wel nie gesê word nie!

Maar hoe moet 'n mens onder so 'n toestand nou lewe?

Prediker antwoord op hierdie vraag deur te sê dat hy die vreugde prys. Maar is daar dan vreugde? In so 'n slegte wêreld? Ja, tog, en Prediker sien dit goed in. Die vreugde is hierin

geleë dat jy die dinge wat geniet kan word, ook regtig geniet naamlik eet en drink en verheug wees. Maar ook hierin dat dit jou *mag* begelei by jou moeitevolle arbeid. En dit is nie in jou eie mag nie, God moet dit gee, soos hy reeds eerder gesê het (2:26). Daarom skryf hy: dat dit hom mag begelei! (Kyk ook 5: 18).

Maar om dit te geniet moet 'n mens nie probeer uitvors wat God bedoel met wat hy op die aarde doen nie. 'n Mens kan homself daarin so verdiep dat hy daar nagte van wakker lê. Maar die mens kan tog nie uit-vind wat God met alles beoog nie.

Mense doen dit hardnekkig, wysgere en denkers, geleerdes en wyses. Hulle vermoei hulle om te soek; soms dink hulle dat hulle 'n verklaring het maar tog kan hulle niks uitvind aangaande God se werke nie. Daarom, hou jou nie buitengewoon wys nie, 7:16. Dit is beter om die lewe te geniet as om dit te bepeins (Wildeb. bl. 152).

EEN EN DIESELFDE LOT VIR ALMAL

Prediker 9:1 — 10

In die voorafgaande hoofstuk het Prediker hom vasgeloop teen die donker muur van die onbegryplikheid van die werk van God (vs. 17). Hy bedoel veral dit dat dit met goddelose mense goed gaan en met regverdige juis andersom. Dit is nietigheid, sê hy. Dit is hierdeur dat die lewe onder die son ydelheid, vrugtelosheid is. Dit behoort ook nie so te wees nie! Hy weet, sê Prediker, dat dit *goed* sal gaan met die wat God vrees. Hy kan dit inderdaad weet, want voor hom was daar genoeg openbaring, deur digters en profete, wat hom dit geleer het. Maar nou moet Prediker opmerk dat God nie handel volgens sy eie reëls nie. Ons moet hom daar-in eensdeels wel gelyk gee, maar dan sê ons daarby (wat ons ook uit die Skrifte geleer het!) dat God sy eie reëls nie volg op dié manier waarop ons dink dat dit gedoen moet word nie; dat Hy dit nie sigbaar vir ons doen nie, ten minste nie altyd nie en nie terstond nie. Maar dit sê Prediker daar nie by nie. Hy stel die saak weer algemeen. Dit is weer sy eensydigheid wat ons al eerder opgemerk het. Dat God nie handel volgens sy eie reëls nie, is iets wat hy nie verstaan nie; hy noem dit nietigheid, ydelheid.

Tog het hy in die duisternis van onbegryplikheid 'n vashouplek; daarvan spreek hy nou in hoofstuk 9. Hy het ter harte geneem, dat die regverdige en die wyse manne en hulle daede in die hand van God is. Die duisternis waarop hy stuit is geen verwarring nie al sien ons die drade nie; God hou hulle in sy hand. Prediker erken steeds die albeskikkingsreg van God! Hier-die beskikking van God gaan baie ver; nie net oor die lewenslot van regverdige en wyses nie maar ook oor hulle daede. As voorbeeld noem Prediker liefde en haat. Dit is die twee uiterstes van die menslike gevoelens. Die opsomming van die twee uiterstes omvat die hele gevoelslewe. Dit is geheel in die hand van God. Prediker sê daarby, volgens ons vertaling, die mens weet niks van wat hom voorlê nie. Letterlik staan hier: die mens weet niks van wat *voor sy aangesig* is nie. Hierdie Semitiese uitdrukking moet ons met oosterse begrip verstaan. Die Oosterling oriënteer met die aangesig na die Ooste; dan is agter hom die Weste (die Westelike see heet in die Statevertaling "de Achterste zee") (Deut. 11:24 e.a.); die Weste, wat hy agter hom het moet nog "kom" — die Ooste, wat voor hom lê, het hy reeds belewe. Prediker sê dus dat die mens niks weet van wat hy reeds belewe het of gedoen het nie. Hy het gehandel soos hy in die hand van God moes doen.

Dit is weer 'n waarheid waarnaas ons die ander-een van die menslike verantwoordelikheid vir sy daede sou stel, maar dit doen Prediker weer nie! Hy praat net van die albeskikkende mag van God waardeur die mense, selfs regverdige en wyse mense sonder om dit te besef 'n afgebakende pad moet loop. Blykbaar beskou hy dit nie as 'n voorreg nie!

Hiermee is die Prediker nog nie aan die einde van sy sombere beskouings nie. Hy het hom vasgeloop teen die donker muur van die onbegryplikheid van die werk van God en sit nou regtig diep in die duisternis. Hy weet niks nie, soos alle wyses. Ja, tog een ding, maar daardeur word sy uitsig nog donkerder. "Alles is gelyk vir almal", gelyk vir die oog van hulle wat niks weet nie (vs. 1). Een en dieselfde lot is daar vir almal, (vs. 2), en hierdie lot, so sê hy in vs. 3, is die dood. (Kyk 2:14; 3:19). Dit is wat ons weet: die dood is die einde van elkeen se lewe. En dan noem Prediker in 'n paar teen-stellings verskillende soorte mense op, wat almal sterf. Eers noem hy die regverdige en die goddelose en tipeer hulle verder as die reine en die onreine. Hierdie ver-skil het betrekking op die reinheidswette in die godsdiens van Israel. Ons vind hulle veral in Levitikus (hoofst. 11 e.v.). Prediker het dan sy oog gerig op mense wat hulle wêl en mense wat hulle nie aan dié wette steur nie. Die tweede verskil het ook betrekking op die vorms van die godsdiens: hy wat offer en hy wat nie offer nie Baie offers was voorgeskryf, sommige was vrywillig. Prediker voeg hier aan toe: die goeie ewegoed as die sondaar. Die geestesgesteldheid by die offerhandeling kan baie verskillend wees. Om wel te offer is nie altyd goed nie — dink aan Saul en die woord van Samuel (1, 15 vs. 22, 23); en soms is om nie te offer beter as om vergeefs vuur op die altaar

van die HERE aan te steek. (Mal. 1:10). Maar hoe verskillend ook geoffer word — vir alle offeraars is daar een en dieselfde lot, die dood.

'n Derde verskil is die tussen hom wat sweer en hom wat bang is vir 'n eed. Volgens die analogie van die reeks a/ reines b/ offeraars c/ "sweerdere" moet onder hulle wat sweer mense verstaan word wat hulle aan godsdienstige gebruike hou; en onder hulle wat bang is vir 'n eed, mense wat afkerig is van 'n eed. Inderdaad is om te sweer 'n bewys van erkenning van die almag en alwetendheid van God. As voorbeelde noem ons slegs Abraham (Gen. 14:24), Jakob (Gen. 47:29). Kyk ook Dan. 12:7, Jes. 65:16, Ps. 63:12. Die Kategismus noem dit "Godsalig by die Naam van God 'n eed sweer". Dit is 'n godsdienstige daad waar-om dit ook verbied is om by die afgode te sweer (Jer. 5:7; 12:16). By eedswering kan die geestesgesteldheid ewe verskillend wees as by offering. Die uitdrukking "bang vir 'n eed" kan beteken dat mens heilige skroom het vir die eed, maar in die analogie van die reeks pas beter: weens slegte gewete nie durf sweer nie (Gems.) Moontlik was daar ook mense in Israel wat uit ongelowigheid sowel van offering as van eedswering afkerig was. Dan was daar in die tyd van Prediker volksgenote wat "vrysinnige" opvattinge gehuldig het en in die gesindheid kultiese gebruike nagelaat het. Hoe dit ook al mag wees — in elk geval bedoel Prediker dat almal dieselfde lot tegemoet gaan — die dood!

Dat dieselfde lot almal tref, naamlik die dood, is wel waar. Abraham het gesterwe, Esau het gesterwe, Dawid het gesterwe, Saul ook. Almal sterf. Tog is die uitspraak van Prediker wel erg nivellerend asof van die dood niks anders gesê kan word as dit dat dood dood is. Maar vir nuansering het Prediker geen aandag nie; dit pas nie in sy sombere stemming nie.

Maar wat die ergste is het hy nog nie eens genoem nie. Hy lei dit in deur te sê: Dit is 'n verkeerde ding by alles wat plaasvind onder die son. (vs. 3). Wat is dan daardie verkeerde ding? Nie net dat een en die-selfde lot almal tref nie maar dat daarby kom dat die hart van die mensekinders ook vol boosheid is en dat dwaasheid in hulle harte is gedurende hulle lewe. Prediker sien hierdie dinge in een vlak: geen lewenslot in ooreenstemming met lewenswandel nie, eerder juis andersom; die doodslot oor almal, en die mensehart vol boosheid en dwaasheid. Met die dood voor oë leef die mense verder dwaas en boos. Ongestoord gaan hulle hulle gang. Prediker noem dit 'n verkeerde ding

Dit is ook 'n verkeerde ding. En wie, soos Prediker, net dit wil sien en geen oog het vir een of ander perspektief — van gerig of genade van God se kant, van besinning of bekering van die mens se kant nie, maar alles besien uit die gesigshoek "onder die son", dus alleen die uitwendige, sigbare kant in aanmerking neem, het geen ander uitsig as wat Prediker self ook uitspreek: daarna gaan dit na die dooies toe. Ook dit is 'n bitter en siniese manier om oor die dood te praat, maar daarin bring Prediker ten slotte al sy misnoeë en teleurstelling oor die dinge onder die son tot uit-drukking. Dis al nietigheid.

As Prediker in sy beskouing by die dood uitkom, dan is hy nog nie klaar met sy swartbeeld nie, maar gaan hy die dood teken in al sy aakligheid. Allereers is die dood sonder hoop. Wie deur sy poorte binnegaan kan alle hoop laat vaar! By die lewendes is daar hoop, hoop op verandering. Die tye kan verander — soos die wyses van Babel volgens Nebukadnésar gedink het (Dan. 2:8, 9). Dit is dan tog die waarde hoe gering ook van die lewe. Die lewe is beter as die dood. 'n Lewendige hond is beter as 'n dooie leeu. 'n Hond is in die Ooste 'n veragte dier; 'n leeu dwing respek af deur sy krag en gebrul. Maar as hy dood is, is dit alles verby. Dan beteken 'n lewende hond meer as hy. Maar selfs daardie geringe waarde van die lewe, daardie skraal hoop, is verby as jy na die dooies toe gaan. En om onder die dooies te wees beteken om glad niks te weet nie, glad niks te hê nie, geen loon, niks te kan verwag nie; en hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle is leweloos en leef ook nie voort in die herinnering nie (1:11).

Dat Prediker hier enige waarde toeken aan die lewe bo die dood moet ons nie in stryd ag met sy uitspraak in 4:2 nie, waar hy die dooies gelukkig prys bo die lewendes. Sy uitsprake kan nie altyd in absolute sin geneem word nie, maar in aanpassing aan insidentele bedoeling en stemming.

Die bestaan van die dooies is hol en leeg. Menslike gevoelens, soos haat en liefde, naywer, wat in die lewenstyd gewoel en gestry het, het lankal (totaal) verdwyn. Die lewe onder die son gaan voort, maar wie eenmaal by die dooies aangeland het, het daaraan geen deel meer.

Uit bestaande blyk watter voorstelling Prediker het van dood-wees.

Vir wie met Skrif en Evangelie bekend is, al is dit maar net wat die Ou Testament openbaar, rys die vraag hoe sulke gedagtes soos wat Prediker hier uitspreek, in "die Woord van God" kon opgeneem word. Ons is geneig om te sê: dit is tog nie so nie, soos Prediker dit stel? Maar dan maak ons 'n vergissing, want dit is wêl so! Prediker is reg. Die kant van die saak wat hy vooropstel, bestaan inderdaad. Maar ons vergeet dit omdat ons so vertrouwd is met die openbaring van ver-lossing en genade. Omdat ons "genadekinders" is en uitgehef bo die ellende van die natuurlike, sondige, nietige lewe. Ons vergeet hoe ellendig dit was. Die ellendigheid daarvan sou ons in al die donker kleure waarin Prediker dit teken, ondervind as daar geen genade was nie en *sal* ons ondervind as ons die genade nie deur die geloof aanvaar nie.

Tot ons geloofslawe behoort ook kennis van ons ellende. Dit is die agtergrond van ons heilskennis en dié agtergrond word deur Prediker gesien en beskryf en aan ons voorgehou. Ons moet dit in alle erns neem. Des te meer sal ons die heil, waarvan Prediker niks sê nie, aanvaar met dank aan God vir sy genade.

In vs. 7 kom Prediker tot 'n konklusie en na sy sombere beskouings is dit 'n verrassende konklusie. Hy sê: Gaan dan heen, eet jou brood met vreugde, en drink jou wyn met 'n vrolike hart. Dit is asof hy wil sê: mymer nie oor die verkeerde dinge wat ek opgesom het nie, maar geniet wat die hede oplewer. Oor die lewensgenieting het hy ook al gepraat in 2:24 en 5:18. Alle mense is geen wysgere soos hy nie. Hy kom deur sy bepeinsing van die onbegryplike en verkeerde dinge onder die son by sieledonkerheid uit. Hy wil sy mede-mense van die somberheid weghou. Met die bedoeling het hy ook reeds gesê (7:16): Wees nie alte regverdig en hou jou nie buitengewoon wys nie, deur alles te beoordeel en te veroordeel, want dan kom jy voor probleme te staan waarvoor jy tog geen oplossing weet nie.

Tog is hierdie konklusie van Prediker anders as 'n ligvaardige raad soos "laat ons eet en drink want môre sterf ons". Hy sê daarby: "want God het lankal (= vroeër) behae in jou werke! Hierdie woorde kan ook vertaal word: *wanneer* God behae het . . . (Hierdie opmerking het ons ook gemaak by 3:22 en 5:17; Aald.) As ons so vertaal is sy raad voorwaardelik: as God in sy welbehae 'n mens voorspoed gegee het en hy dus brood en wyn hét. dan kan hy die gawes van God ook met vreugde en 'n vrolike hart geniet. Die basis vir hierdie opvatting het ons gekry in 2:24 - 26. As die konklusie van Prediker so verstaan word, geskied die lewensgenieting in erkenning van die goedheid van God! Die genieting kan dan ook maar volop en vryuit geneem word met allerlei vorme van feestelikheid, die klere wit en die hoof gesalf met olie (Ps. 23:5). Wit of blink klere is feesklere! Tot die lewensvreugde behoort ook die erotiese vreugde. Ons vertaling sê: Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet. Eintlik staan daar: met 'n vrou wat jy liefhet, maar ook hierdie uitdrukking beteken nie "met enige vrou"; liefde is nodig vir egte genieting. Oor die wrange vrugte van onwettige omgang met vroue het Prediker in 7:26 harde woorde gesê en uit wat hy daar verder oor die vrou sê blyk dat 'n vrou wat jy liefhet of wat jy kán liefhê 'n seldsaamheid moet wees. Daarom voeg hy ook hier weer by: as (nie *want* maar as, soos in vs. 7) dit jou deel is aan jou lewe en arbeid. Deur die woorde "al jou nietige dae" sit Prediker ook hierdie kant van die lewe in die lys van ydelheid en nietigheid.

Die sombere beskouings van Prediker — dat almal doodgaan — kan 'n mens moedeloos maak. Dit wil hy blykbaar tog nie. Daarom gee hy twee teenmiddels; die eerste is die lewensgenieting, die tweede volg nou, in vs. 10, 'n aansporing tot arbeidsaamheid: Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag. Wees daarom opmerkzaam en nie traag of slap nie. Om met die hande gevou te sit is dwaas, 4:5.

Hoe sou dit gepas wees om na die aansporing tot arbeidsaamheid met Moses (Ps. 90) te sê: bevestig die werk van ons hande. Dit is karakteristiek vir Prediker dat hy dit nou juis nie sê nie. Hy kyk nie omhoog, maar omlaag, na die dooies waarheen almal gaan en sê hoe dinge dáár lyk: daar is geen werk of oorleg (= slotsom, 7:25, 27) of kennis of wysheid nie. Dit is weer een van die trekke waarmee die doderyk beskryf word.

Prediker soek dit aan hierdie kant van die graf — hoewel daar nie veel te vinde is nie.

TYD EN LOTGEVAL

Prediker 9:11, 12

In vs. 11 keer Prediker terug tot sy omgewing en in sy swartgalligheid sien hy nog meer ongerymdhede in die onsalige bestaan onder die son. 'n Lang reeks noem hy op. Die eerste is: die wedloop is nie vir die vinniges nie. Prediker druk hom baie kort uit maar ons voel terstond aan. watter teenstelling in hierdie kort uitdrukking opgesluit lê. Die wedloop is die atletiese besigheid waarin geywer word om die vinnigste te wees. Met die woord wedloop bedoel Prediker alles wat met hierdie aktiwiteit in verband staan, die mense, die reëls, tot die stadion aan toe. Is dit nou nie die terrein waar vinnigheid heers en beslis, waar vinniges die toon aangee nie? Dit is tog logies? Wedloop en vinniges behoort by mekaar Almal reken so! Maar Prediker sê: die wedloop is nie vir die vinniges nie! Op hierdie terrein heers ook ander dinge, invloede en gebeurtenisse wat ons daar nie verwag nie. Daardeur word 'n reëlmatige voortgang en afloop in die war gestuur.

So gaan dit ook op die gebied van die oorlog. Dit is die terrein van die helde. Dis tog hulle wat moet seëvier in die slag? Maar dit is nie so nie; die oorlog is nie vir die helde nie; ander faktore gryp in!

Eweso is die brood — 'n versekerde posisie — nie vir die wyse nie, en rykdom nie vir die slimmes nie en guns nie vir die verstandiges nie.

Hoekom gaan alles so anders as wat te verwagte was? Tyd en lotgeval tref hulle almal! Daar is ander faktore as menslike kapasiteite wat na meriete beloon moet word; daar gebeur iets buiten die gewone dinge om waardeur die gewone gang van sake onderbreek word. Prediker noem dit tyd en lotgeval, momentele toevalligheid, iets wat "by geval" (Luk. 10:31) gebeur. Wel val dit onder die besturende hand van God, maar dit sê Prediker daar nie by nie. Hierdie onverwagte lotswendinge maak die lewe onder die son onseker. Daardeur is die vinnigste nie altyd oorwinnaar in die wedloop nie. Menslike krag en vernuf gee nie die deurslag nie!

Nie alleen die wêrke van die mense word hierdeur getref, ook die mense self. Die mens ken ook sy eie tyd nie. Hulle is nie beter as visse en voëls nie wat gevang word in nette; soos hulle word die mensekinders verstriek in die tyd van onheil as dit hulle skielik oor-val. Die ongewisheid van die lewe belaag die mens van dag tot dag. (Wie dink as hy dit lees nie aan die woorde van Jesus "en nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie"?)

WYSHEID IS BETER AS GEWELD

Prediker 9:13 — 18

ENIGSINS triomfantlik klink die aanhef van die verhaaltjie wat nou volg oor die stadjie wat deur 'n magtige koning beleër word — maar 'n arm wyse man het die stadjie deur sy wysheid gered. Opgetoë roep Prediker uit: Ook het ek dit as wysheid gesien onder die son, dus in hierdie samelewing vol onredelikheid; en, sê hy, dit was groot vir my (Afrik. vert. in my oog); dit het op hom 'n diep indruk gemaak. Hy het dit 'n belangrike bewys van die waarde van die wysheid gevind. Hy vertel: daar was 'n klein stadjie en min manne daar-in, en 'n groot koning het daarteen gekom en dit om-singel en groot beleëringswerke daarteen gebou. In die stadjie was 'n arm wyse man, die het die stad deur sy wysheid gered. Hoe hy dit gedoen het vertel Prediker nie. Die mense het dit wel geweet! Om te vra aan wat-ter voorval in sy dae Prediker gedink het, het geen sin nie. Hy moes, so het ons reeds vroeër opgemerk, met politieke uitlatings versigtig wees. In die optrede van die wyse man sien Prediker 'n bewys van die deugdelikheid van die wysheid.

Maar nou moet ons eers iets opmerk oor die ver-taling van vs. 15b. Sommige eksegete vertaal anders as wat in ons Afrikaanse vertaling staan. Hulle (Hertzbl. Gall. Aald) vertaal: dié sou die stad deur sy wysheid kon verlos het. Die volgende woorde: maar geen mens het aan daardie arm man gedink nie, beteken dan dat die mense sy hulp nie ingeroep het. Die strekking van die verhaaltjie word dan heeltemal anders, hoewel nie onaanneemlik nie. Die strekking word dan dit dat die wysheid wat sonder ophef optree, agter gestel word by, wat vs. 17 noem, die geskreeu van 'n heerser onder die dwase. Die betekenis van die woorde van Prediker "dit was groot in my oog" word dan ook anders. Want wat is dan groot? Die dwaasheid van die mense wat nie daaraan dink om die wyse man wat mos maar arm en eenvoudig is, te raadpleeg nie. Die voorbeeld wat in die verhaaltjie opgesluit lê is by hierdie opvatting egter wel minder oortuigend. Meer oortuigend is die (ook meer voor die hand lêende) vertaling in ons Bybel. Daarom hou ons ons maar daarby (Barton, Wildeb. Gems). "Geen mens het aan daardie arm man gedink nie" beteken dan dat hy gou vergeet is. Ook dit is "groots", iets verskriklik in die oog van Prediker. Ewe-goed as om hom nie te raadpleeg nie. Maar dit is nie iets groots op die gebied van wysheid nie, maar van dwaasheid. Prediker het die ding wat so 'n indruk op hom gemaak het *as wysheid* (vs. 13) gesien! Die slot-woorde van vs. 16 "wysheid is beter as heldekrag" pas hierby goed aan. So ook vs. 18, Wysheid is beter as oor-logswapens. So besluit Prediker hier tog tot lof aan die wysheid. Maar — dit is die domper op sy triomf — die wysheid van die arme word verag. Een sondaar bederf baie goeie dinge. Word met die sondaar (dwaas) die skreeuende heerser onder die dwase bedoel? Sommige verklaarders dink hierby aan die bevelhebber van die stadjie, maar die slotverse van hoofstuk 9 kan ook 'n meer algemene strekking hê.

VERSKILLENDE SPREUKE

Prediker 10:1 — 11

ONS kom nou by 'n aantal spreuke soos ons die ook vind in die boek Spreuke, spreuke van praktiese lewens-wysheid op verskillende lewensterreine. Prediker is hier nie die pessimis soos ons hom ken uit die eerste hoofstukke nie. Uitroepe soos "alles tevergeefs" kom in hierdie hoofstuk nie voor nie. Wel sien hy skerp vir hoe baie gevare 'n mens op sy hoede moet wees; daar-teen waarsku hy dan.

Die eerste spreuk "dooie vlieë laat die salf van die apteker stink" kom ooreen met die slot van hoofstuk 9: een sondaar bederf baie goeie dinge. Die ooreenkomstigheid spreek nog sterker by die lesing "een dooie vlieg", soos die ou statevertaling lui.

Die spreuk is ontleen aan die beroep van die salf-menger oor wie ons lees in die wette oor die heilige salfolie (Ex. 30:25 e.a.). Hy beoefen 'n fyn kuns; maar as daar 'n vlieg in sy mengsel kom gaan die vlieg dood en bederf dit die salf. Dooie vlieë is maar veragtelike goed, maar hulle doen groot kwaad!

Die bedoeling van die spreuk is dat 'n verstandig ontwerpte plan tog verwerplik word as 'n onderdeeljie daarvan dwaas is (Gall.). Die toepassing van Prediker self is: 'n bietjie dwaasheid wat deur 'n wyse, geëerde man begaan is, is so groot dat hy nie meer as wys beskou word nie en hy sy eer verloor.

Die spreuk van vs. 2 lui in die oorspronklike teks: Die hart van 'n wyse (is) tot of na sy regterkant, maar die hart van 'n dwaas (is) tot of na sy linkerkant. Die woordjie hart het hier weer 'n breë betekenis: verstand, gedagtes, gevoelens, die wil van 'n mens (kyk 7:7). Die regterhand is die sinnebeeld van geluk en voor-spoed; dit is die plek van eer (1 Kon. 2:19); wie die HERE aan sy regterhand het, sal nie wankel nie (Ps. 16:8). Die verbindingswoordjie "is" wat in die oorspronklike teks ontbreek, sal ons moet opvat in die sin van: gerig tot, geneig na. Die bedoeling van die spreuk is dat die spontane handeling by die wyse in die goeie rigting gaan. By die dwaas is dit juis andersom. Hy doen om so te sê "as vanself" die verkeerde ding. Die neiging is by hom so sterk dat 'n mens (vs. 3) so maar aan sy handel en wandel kan sien dat hy geen verstand het nie. Deur sy optrede "sê" hy, toon hy, aan elkeen dat hy 'n dwaas is.

In vs. 4 gee Prediker 'n goeie raad aan mense wat moet leef onder 'n despotiese bewind. Die toorn van die heerser kan teen jou opkom, tereg of ten onregte; wat dan gedoen? Hy het al eerder gesê: die woord van die koning is magtig (8:4). Hierdie gedagte staan ook hier op die agtergrond. Die raad wat hy gee is negatief: "verlaat nie jou pos nie". Die toorn tref dus 'n ampte-naar. Die betekenis van sy negatiewe raad moet ons aflei uit die rede wat hy opgee: want bedaarheid voor-kom groot foute. Om jou pos te verlaat is dus 'n reaksie wat teengesteld is aan bedaarheid en ook 'n reaksie waaruit groot foute voortkom d.w.s. waardeur die situasie net erger word. Bedaarheid, besadigheid sluit ook in om die dade van die heerser nie al te krities te beoordeel *nie* — "wees nie alte regverdig . . ." 7:16. Laat die woedeuitbarsting oor jou heengaan! 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af! (Spr. 15:1). Die bewoording van die tweede helfte van vs. 4 is enigszins gewronge, miskien om 'n woordspeling te maak. Ons probeer om die woordspeling weer te gee deur te ver-taal: Bly van jou pos nie weg nie — bedaarheid laat foute wegbly.

In die volgende verse gee Prediker 'n voorbeeld van die willekeur waarmee heersers soms regeer. Hy noem dit 'n dwaling wat van die maghebber uitgaan. ..'n Dwaling" — dit is sag gesê. Intussen noem hy dit 'n verkeerdheid. Dit bestaan in sy onberekenbare behandeling van sy onderdane: die dwaasheid (— die dwase) word hoog verhef en die rykes d.w.s. die aansienlikes wat deurgaans die hoë poste beklee, moet in die vernedering sit. 'n Oosterse despoot kan sommer iemand "groot maak" bo al die vorste (Haman). Prediker staaf sy bewering uit sy ervaring: Ek het slawe te perd gesien (asof hulle vorste is) en vorste wat

soos slawe op die grond loop, dus te voet gaan.

In vs. 8 en 9 noem Prediker gevare op wat aan bepaal-de werksaamhede verbonde is.

Wie 'n kuil moet grawe kan daarin val.

Wie 'n muur afbreek kan deur 'n slang gebyt word (Slange skuil in barste en skeure in mure, Am. 5:19).

Wie klippe uitbreek kan hom daarmee seermaak (Salomo het klippe laat uitbreek vir die fundamente van die tempel, I Kon. 5:17).

Wie hout kloue kan daardeur in gevaar kom ('n Voorbeeld daarvan word genoem in Deut. 19:5: die yster glip van die steel en tref iemand dodelik).

Dit lê mees voor die hand om hierdie spreuke op te vat as waarskuwings om versigtig te wees by gevaarlike werksaamhede. Wel vind Hertzbl. dit banaal, maar sy opvatting dat Prediker hier redeneer in die lyn van "alles tevergeefs", ook die dinge wat 'n mens nodig of nuttig ag om gedoen te word, vind deur geen enkele woord steun in die teks.

Vs. 10. Die stelling waarmee vs. 10 begin is wel duidelik: as iemand versuim om sy byl skerp te maak moet hy harder met hom slaan. Die toepassing klink vreemd: maar wysheid is voordelig om iets te laat beantwoord. Die oorspronklike teks bied niks van "beantwoord", veeleer iets in die sin van sukses of welslae. Die gedagte is dan "die voordeel van welslae is wysheid" d.w.s. is geleë in wysheid. Dit is dom om jou byl nie eers te slyp voordat jy met die werk begin nie. Wie wys is slyp eers sy byl; dit gee die voordeel dat jy jou hout met welslae kan kap. 'n Mens kry die vermoede dat ons Afrikaanse vertaling met "om iets te laat beantwoord" bedoel: om iets te laat beantwoord *aan sy doel!* Sou hierdie drie woordjies in die proses van proef-lees uitgeval het?

11. Slangbeswering is ook 'n saak wat op tyd moet geskied. Die beswering beoog om te bewerk dat die slang nie sal byt nie. As die slang dus reeds gebyt het, dan is die beswering te laat. Die besweerder is 'n man wat deur op 'n bepaalde manier vleierend of met lokkende stembuiging met slang te praat, kan bewerk dat hulle nie byt nie. In Psalm 58:6 word van hom gesê dat hy ervare is om met towerspreuke om te gaan. In ons teks heet die besweerder letterlik "die baas van die tong". Alle slang is nie vir beswering vatbaar nie (Jer. 8:17) of weet om hulle aan die invloed daarvan te onttrek (Ps. 58:6).

DIE SKADELIKHEID VAN DIE DWAASHEID

Prediker 10:12 — 15

In die verse 12-15 wei Prediker weer verder uit oor die gebrekkigheid van die dwaasheid. Hy begin met 'n lofprijsing van die wysheid "die woorde uit die mond van 'n wyse is aangenaam"; maar dan kom die teenstelling: "maar die lippe van 'n dwaas verslind homself". Dit is wel sterk gesê. Miskien dink Prediker nog aan die amptenaar uit vs. 4; as hy nie bedoord en wys antwoord nie, maar brutaal, bewerk hy sy eie ondergang (Wildeb).

Die woorde van die dwaas is van begin tot einde dwaasheid en daardie dwaasheid is nie iets onskuldigs nie maar nog skadelik ook. Tog praat hy baie (vs. 14) en dit terwyl die toekoms onbekend is. Dit is ook al gesê in 6:12b en 8:7. Ons weet nie hoe sake sal ver-loop nie; dit noop tot versigtigheid in jou uitsprake — maar die dwaas praat oor alles asof hy die wysheid in pag het. Die inspanning, die geswoeg, van die dwase maak moeg; eienaardig klink die motivering: omdat hy nie (eens) weet om na die stad te gaan. Ons vat dit op as 'n vasstaande uitdrukking om iemand se domheid aan te dui soos ons sê: hy weet nie waar die klepel hang nie. Daardeur maak sy sinlose gepraat jou moeg. Teen die veelheid van woorde het Prediker ook al in 6:11 gewaarsku.

DIE 'KIND-KONING'

Prediker 10:16 — 20

In die laaste verse van hoofst. 10 kom Prediker weer terug by toestande in die staatslewe en regerings. (Kyk vs. 4—7). Hy maak 'n teenstelling tussen 'n land wat se koning 'n kind is en 'n land wat se koning 'n edele is. In bewoënheid oor die erns van sy stelling spreek hy die lande toe: "Wee jou, o land" en "Gelukkig is jy, o land". Miskien het hy sulke lande in sy tyd geken. Die woord wat met *'n kind* vertaal is kan ook jongman en ook kneg beteken. Weens die teenstelling kind-edele kan ons hier dink aan 'n man van geringe afkoms wat koning geword het. Soms gaan daar mos slawe te perd! (vs. 7). In elk geval bedoel Prediker 'n man wat nie opgewasse is vir sy taak as vors nie en deur verkeerde manne in sy hofhouding gelei word. 'n Edele is deur sy agtergrond en vorming beter vir die taak om koning te wees bereken.

Verder teken Prediker die toestand in die paleis as die koning "'n kind" is. Die vorste, die hofamptenare, die "ministers" hou in die môre vroeg maaltyd. (Kyk Jes. 5:11). Hulle begin die dag feestelik en vrolik son-der om hulle te bekommer om die staatsake wat afgehandel behoort te word. Maar as die koning 'n edele is hou die vorste maaltyd op die regte tyd, soos dit inpas in die werkdag en dan nie om daar 'n drinkparty van te maak nie maar "soos manne"; letterlik staan hier in manlike krag; of: om manlike krag te verkry. Die maaltyd dien nie tot genotsug nie maar om sterk te wees vir die taak.

Die spreuk oor die balkwerk sluit hierby onmiddellik aan. Die balkwerk van 'n gebou is beeldspraak vir die staatsinrigting en die instellings waarop dit berus. As die balkwerk nie versorg word nie, as die bewoners daarvoor te lui is en nie deurtastend optree nie (4:5), versak die dak en lek die huis. So gaan dit ook met die "staatsgebou"!

Vs. 19 teken lewendig die onverantwoordelike gedrag van die "kind-koning" en sy vorste. Hulle leef net vir hulle plesier (Prediker vind dit onsinnig, 2:2). Die wyn maak die lewe vrolik en — die geld verskaf alles! Sulke regeerders hét ook altyd geld! En waar kom dit vandaan? Deur onderdrukking en afpersing, soos Prediker dit in 5:7 al beskryf het.

'n Mens, 'n wyse man, kan hom baie vererg as hy so 'n gang van sake aanskou. Maar, wees versigtig, sê Prediker. Lug jou verontwaardiging nie. Vloek nie die koning en die rykes, dit is die aansienlikes wat met die koning saamspeel, selfs in jou gedagte of in jou slaap-kamer nie want: "die mure het ore". Orals is ongemerk verklikkers wat 'n wit voetjie by die regering soek! Dit is asof voëltjies 'n woord oorbring!

BROOD OP DIE WATER

Prediker 11:1 — 8

HIER begin Prediker met 'n uitdrukking wat ook in ander Semitiese literatuur voorkom (Del) nl. "Werp jou brood uit op die water". Die sleutel om hierdie uitdrukking te verstaan is die betekenis van die woord *brood*. Dié betekenis is nie beperk tot brood in die sin van die mees gewone voedsel nie, maar strek verder en omvat alles wat tot lewensonderhoud nodig is; in die sin gebruik ons ook die woord brood (bv. hy verdien goed sy brood, of, die een se dood is 'n ander se brood.) Brood beteken dan ook al wat nodig is vir die instandhouding van die lewe: 'n man se winkel, sy fabriek is sy brood. Brood beteken dan jou werk en werksmateriaal, jou bedryf, jou geld, jou inspanning en vernuf, jou nering.

Met "werp uit" bedoel die uitdrukking nie agteloos weggooi nie; die oorspronklike woord beteken eerder "send", "uitstuur" en dit geskied met 'n bepaalde doel

Ook *water* kán 'n meer algemene betekenis hê nl. jou omgewing en lewensomstandighede, die wêreld waarin jy leef (soos ons sê: "deur diep waters gaan" en "die kop bo water hou").

Van die uitdrukking word verskillende verklarings gegee. Daar is 'n "agrariese" verklaring wat aldus lui: werp jou saad op vogtige grond, naby water en jy sal 'n ryk oes hê. Selfs dink 'n enkele verklaarder (Grätz, by Del. en Barton) aan manlike saad en verwekking van kinders. Maar brood is geen saad nie en veral die laasgenoemde verklaring is te gedurf.

Daar is nog twee verklarings wat meer die oorweging werd is. Die een is dat Prediker hier aanspoor tot milddadigheid en vrygewigheid met jou aardse goed (brood) onder jou medemens (water). (Wildeb.) Nogal treffend vergelyk Barton wat hierdie verklaring ook aanvaar, die uitdrukking met die woorde van Jesus:

Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon (Luk. 16:9). Die ander verklaring wat "water" meer letterlik op en dink aan 'n handelsvloot wat soms jare onderweg is (I Kon. 10:22) maar na verloop van baie dae met ryk buit terugkom. Die bedoeling van die uitdrukking is dan om aan te spoor tot ondernemingsgees (DI. Gems.) Aan hierdie verklaring gee ons die voorkeur: die handelaar moet nie suinig wees met die uitrusting van sy vloot nie maar alles ingooi wat vir die tog bevorderlik kan wees; hy moet sy "brood" op die water uitwerp. Wie op die onkoste besuinig kan geen baat van sy onderneming verwag nie. (Aald).

Intussen is die keuse tussen hierdie twee verklarings nie so hoog nodig nie as die opvatting van Herz. en Gall. reg is, dat Prediker meer en eintlik iets anders bedoel as 'n aansporing tot ondernemingsdurf (of milddadigheid). Hulle sien 'n onmiddellike verband tussen vs. 1 en 2, 'n verband van teenstelling. "Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt". "Sewe ja ook agt" is 'n voorbeeld van die sogenaamde getalspreuk, waarvan die Skrif baie voorbeelde bied. So sê Elifas vir Job: "In ses benoudhede sal Hy jou red, ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie (Job 5:19). (Kyk o.a. ook Mi 5:4; Am, 1:3, 6, 9, 11, 13; 2:1, 4, 6). Hierdie getalspreuke dien om die begrip *talryk, verskeie, baie* uit te druk. Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt beteken dan dieselfde as ons uitdrukking: moenie al jou eiers in een mandjie sit nie. Vs. 2 begin dan met 'n vermaning tot versigtigheid, wat min of meer in teenstelling staan met die opwekking tot rojale besteding. Maar die twee moet gepaard gaan: wel rojaal maar tog versigtig!

Die beide vermanings het ook elk 'n motivering, ook teengesteld aan mekaar. Die by vs. 1 is optimisties: na verloop van baie dae sal jy dit vind. Die by vs. 2 is pessimisties: jy weet nie watter onheil daar op die aarde sal wees nie. In hierdie twee verse sê Prediker dus dat 'n onderneming kan meeval en teeval; dit kan onverwag goed of ongedag sleg gaan. Daarom moet vir altwee moontlikhede maatreëls getref word, want 'n mens weet nie vantevore wat sal gebeur nie. Juis die laaste is eg 'n gedagte van Prediker (3:11; 8:17) en ook dat die rojale die meevaller kry en die versigtige die teenvaller want *tyd en lotgeval tref hulle almal*

(9:11).

Volgens hierdie opvatting is hierdie twee spreuke ook in ooreenstemming met wat volg.

Van die wisselvallighede en onberekenbaarhede van die lewe geld verder dat dit onafwendbaar, onvermydelik, noodwendig is. Prediker toon dit aan met die wolke: as die wolke vol reën is, giet hulle dit uit op die aarde. Ons kan teen die gang van sake ook niks doen nie. Dit sê hy met die voorbeeld van die boom: soos hy val bly hy lê. Hoe moet ons ons nou gedra in so 'n onsekere situasie? Altyd deur na die wind kyk (want by wind kan jy nie saai nie!)? Nee, want dan sal jy nooit sover kom dat jy kan saai nie! Altyd deur na die wolke kyk (want by reën kan jy nie saai nie!) ? Nee, want dan sal jy geen oes hê nie omdat jy nooit gesaai het nie. Ons weet nie of en wanneer reën en wind aan ons "vereis-tes" sal voldoen nie. Wel is die gang van sake in die natuur (en in die geskiedenis) die werk van God maar ons weet nie hoe hy gaan maak nie. Dit is so verborge soos die wind (Joh. 3:8), soos die gebeente (van die kind) in die skoot van 'n swangere vrou (kyk Ps. 139:15; Job 10:11). Hoe moet ons nou maak in die onsekerheid? Saai, sê Prediker. Saai jou saad in die môre en ook in die aand, laat teen die aand jou hand nie rus nie, want jy weet nooit watter een sal geluk nie, die saaiing in die môre of die saaiing in die aand nie, miskien wel altwee. Vat die kans van die hede (9:10), sonder berekening wat tog geen sekerheid gee nie. Dit is die boodskap van die verse 3-6.

"Verder", so sê ons Afrikaanse vertaling, en wel tereg want al sê die Prediker eenvoudig "en", hy bedoel tog om tot 'n slotkonklusie te kom. En die slotbeskouing is: soet is die lig; om in die lig van die son te leef is aangenaam vir die oë. Die lig is die hede van die lewe en die son die bron van lig en vrolikheid. Die hede op sigself is soet en goed, lig en sonskyn, en of daar wind of reën kom kan jy tog nie weet nie. Daar is nog 'n rede om die lewe in die sonlig te geniet: die dae van duister-nis sal kom. Hoe lank 'n mens ook leef in die sonlig en hom daarin verheug — hy moet dink aan die dae van duisternis, dat dit baie sal wees. So val Prediker na 'n blymoedige opwekking lot lewensblyheid tog weer terug in sombere erns. Hy het self gesê dat dit moontlik is dat 'n mens hom verheug in die baie dae van lig en son, maar dit was soos 'n glimp. Terstond oorweldig hom weer die donkere werklikheid van die einde. Die baie dae van duisternis is die graf, die doderyk met sy duisternis en vergetelheid, die land van donkerheid, soos middernag, van doodskaduwee en wanorde (Ps. 88:12; 143:12; Job 10:21). Hy weet dat dit die onontkombare einde is van die lewe onder die son. Hy is nie gewild pessimisties nie maar moet dit wees om die donker skaduwee wat oor die lewe hang. Daarom sê hy ook: alles wat kom is nietigheid! Hy gebruik hier die-selfde woord wat ook in 1 • 2 gebruik word en daar ver-taal is met "vergeefs". Prediker het daarna herhaaldelik gesê dat die bestaande lewe onder die son ydelheid, vergeefs is. Dit is die nietigheid waarvan ook Paulus praat in Rom. 8. As die nietigheid reeds so erg is in die tydelike lewe, hoe erg sal dit dan nie wees as die tydelike lewe ondergegaan het in die skimmige doderyk! Die uitsig van Prediker is: alles *wat* kom *is nietigheid!*

GENIET DIE JEUG

Prediker 11:9, 10

NOG een keer laat Prediker 'n blymoedige opwekking tot lewensblyheid hoor, nou meer direk as in vs. 8, want hy sê: Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë. Hoe ronduit moedig hy hier met baie woorde aan tot lewensblyheid. So het ons hom nog nie eerder gehoor nie. Ons kan ons verwonder oor die veranderlikheid in Prediker se stemminge. Is dit wispelturigheid? Ligsinnigheid? Ek dink dat ons dit anders moet verklaar. Sy opwekking tot blydschap kom voort uit sy eintlike aard waarvan ons in die vorige vers 'n glimp gesien het. Hy openbaar hier sy ware aard. Hy, wat deur wat onder die son geskied, gedwing word om die dinge somber te besien, hy wil die dinge eintlik anders besien. Hy hunker na vreugde en verheuging, wat hy reeds eerder laat blyk het (kyk bv. 9:3). En nou sê hy dit reguit. Daarin toon hy dat hy 'n profeet is wat die bedoeling van God verstaan. Want God is ook 'n God wat die vreugde wil, wat self die vreugde wil hê en ook aan sy skepsele wil gee. Sy diens is 'n vreugdediens. Die Ou Testament staan vol opwekkings tot sang en fees soos dit geniet kan word in sy diens. Maar Israel het die Baälfeeste liever gehad! Die bedoeling van sy herskepping is dan ook om die vreugde weer terug te bring onder die mense. Hy skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde. Aan die vorige, die ou dinge moet nie meer gedink word nie maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk ... (Jes. 65:17—19). In die nuwe hemel en op die nuwe aarde sal alles vreugde wees. Dit het Prediker as profeet verstaan en soos Paulus sê: "gryp na die ewige lewe", so *gryp* Prediker hier na die vreugde. Maar dit kan hier en nou nog nie gegryp word nie omdat die nasleep van die sonde die lewe nog steeds verduister. Ook dit is 'n realiteit en daaraan kan Prediker hom nie ontworstel nie en dan teken hy weer die donker kant.

Na die opwekking tot vreugde en blydschap volg die vermaning "maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring".

Prediker glo dat daar 'n gerig, 'n oordeel sal wees, hetsy gedurende (Wildeb.) of na die aardse lewe. In 3:17 het hy dit duidelik uitgespreek en in 8:11 daar ook op gesinspeel. Wel skyn die besturing van die toe-stande en gebeurtenisse op die aarde soms onregverdig (6:2; 7:14) te wees; tyd en lotgeval tref hulle almal (9:11); maar tog erken hy dat vreugde en genot gawes van God is (2:24; 3:13; 5:18; 9:7). Juis daarom kan en mag 'n mens hierdie gawes nie onnadenkend aan-vaar nie en egoïsties na eie genot streef. Hy moet die Gewer nie vergeet nie (12:1). Daarom moet die vermaning nie opgevat word as 'n domper op die vreugde nie. God is mos self die Gewer van vreugde; en wat van God af kom, moet ons ook met Hom en na sy wil gebruik. Daarin is die egte ware vreugde gewaarborg. In 7:18 het Prediker gepraat oor mense "wat God vrees". Dié mense hou rekening met God en weet dat die gerig van God oor hulle dade sal gaan. Hulle vreugdebeleving is suiwer en reg, sonder vrees juis omdat hulle God vrees.

Na die vermaning gaan Prediker weer verder met sy opwekking tot vreugde (vs. 10). Nou doen hy dit in negatiewe bewoording: weer verdriet uit jou hart en hou die kwale weg van jou liggaam. In die gemoeds-lewe word die vreugde bedreig deur verdriet; hiermee bedoel Prediker ontstemming, slegte stemming, verbittering van die gemoedslewe. Dit doen 'n mens hom-self aan. Moenie dit doen nie, sê Prediker, gee nie toe aan verdrietige stemming nie. Ook wat die liggaam betref is -daar kwale wat onafwendbaar is maar tog kan jy só lewe dat jy kwale weghou. Positief uitgedruk sou Prediker kon sê: hou jou liggaam fiks.

Hy gee hierdie raad aan die "jongeling", sonder om daarmee die jongedogter uit te sluit; hy spreek tot jong mense en sy motief is nou: want die jeug en die jonkheid is nietigheid. Hy gebruik hier weer dieselfde woord wat hy 1:2 en so dikwels later ook weer gebruik, maar hier wel in sy mees letterlike betekenis: .windsuggie, vleugie. Die skone jeug gaan gou verby!

Daarom, geniet dit so lank as jy dit nog het; en, dit blyk uit wat vooraf gaan, geniet dit as gawe van God. Gou genoeg kom die tyd dat jy gebuk sal gaan onder verdriet in jou hart en kwale van die liggaam. Oor dié tyd wei Prediker nou breed uit. Wel laat die geleerdes wat die Bybel in hoofstukke en verse ingedeel het, hier 'n nuwe hoofstuk begin — hoofstuk 12 — maar hierdie hoofstuk is die reëlregte voortsetting van wat vooraf-gaan. Hy begin met 'n nuwe bevel na al die bevele van die slot van hoofstuk 11, "verbly jou", "laat jou hart jou vrolik maak", "wandel. .". Die nuwe bevel is: Dink aan jou Skepper. Hiermee sluit hy aan by 11: 9b waar hy herinner aan die gerig. Leef in sy vrees. Leef nie eie-magtig en wispelturig maar met jou Skepper voor oë, voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie —

DIE ONGELUKKIGE DAE

Prediker 12:1 — 7

DAARDIE tyd, daardie jare skilder hy ons nou voor in beeldryke taal; sy digterlike talent neem hier 'n hoë vlug.

Van wat hy bedoel sien ons 'n sprekende voorbeeld in Barsillai (II Sam. 19:31).

Barsillai was 'n vriend van koning Dawid. Toe Dawid moes vlug vir Absalom het hy behoort tot die mense wat trou aan Dawid gebly het. Hy voorsien die koning en sy maime wat na Mahanaim in die Oos-Jordaangebied gevlug het, van voedsel en kleding (II Sam. 17:27). Hy was self ook 'n Oos-Jordanier, 'n Gileadiet en 'n baie vermoënde man. Toe Absalom dood is en die opstand gedemp, het koning Dawid weer teruggegaan oor die Jordaan na Jerusalem. Barsillai doen hom uitgeleide en dan wil Dawid sy dankbaarheid aan hom betoon. Hy sê vir hom: Trek jy saam met my oor die Jordaan, dan sal ek jou by my in Jerusalem onderhou. Barsillai sal dan 'n gas van die koning wees. Maar hy slaan dit af. Hy sê: Ek is vandag tagtig jaar oud. Kan ek tussen goed en kwaad onderskei? Of sal u dienaar kan proe wat ek eet en wat ek drink? Of sal ek nog aanhoor die stem van die sangers en die sangeresse?

Hier sê Barsillai presies wat die Prediker bedoel met "die tyd waarin jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie".

Hy teken die tyd eers met voorbeelde uit die natuur. "Voordat die son en die lig en die maan en die sterre verduister word en die wolke terugkom na die reën." Dis donker bewolkte weer; en as 'n reënbui oor is kom daar geen sonskyn nie maar nuwe wolke. Dis die Palestynse winter "waarvan niemand hou nie" (Gall.) Dit is mos goed om die son te aanskou! (11:7). Hierdie donkerheid is beeld van die ouderdom.

In vs. 3 en 4 word die beskrywing van die ouderdom voortgesit. Die verse 3—5 is 'n parentese, 'n tussenin, in vs. 6 word die "voordat" van vs. 2' weer opgeneem. Die parentese beskryf verder die ouderdom, in vs. 6 volg dan die beskrywing van die sterwe van 'n mens.

Die ouderdomstyd, nou kortweg "dié dag" genoem, word weer in beeldspraak beskrywe, maar anders as in vs. 2. Uit die woorde "wanneer die wagters van die huis sal bewe" blyk dat die ouderdom of die mens wat oud word, vergelyk word by 'n huis, by 'n huis wat in verval raak. In 'n huis woon verskillende mense naamlik die eienaars en hulle personeel. In hierdie vergelyking word vier soorte bewoners genoem. Eers die wagters. Hulle is personeel. Dan die sterk manne. Hulle is die here van die huis. Vervolgens die malers. Hulle is weer personeel en volgens die oorspronklike teks vroulike personeel: maalsters. Om die koring te maal was mos die werk van diensmeisies (die slavin agter die hand-meul, Ex. 11:5; kyk ook Matth. 24:41). Ten slotte word genoem "die wat deur die vensters kyk". Hulle word in die oorspronklike teks met 'n vroulike woord aangedui en is dus die dames in die huis. Hiermee is die huis met sy inwoners kompleet geteken. Maar die huis met sy bewoners is nie meer in sy fleur nie. Die *wagters* bewe, die sterk manne word krom, die maalsters het te min geword en staak die werk, die dames "word verduister". Hierdie laaste uitdrukking klink eienaardig, maar gee die sleutel tot die verklaring. Die skrywer, die digter kan ons in hierdie geval maar sê, bedoel met die huis die ouderdom of ou mense. Wat hy aan die huis, aan die vervalle huis sien, sien hy ook aan ou mense. Wat hy sien aan die huis moet "oor-gebring" word op mense.

In hierdie vergelyking van mense met 'n huis moet elk van die verskillende trekke van die vergelyking "oorgebring" word. So 'n vergelyking word in die literatuurkunde 'n *allegorie* genoem. By die oorbringing of verklaring moet die leser begrip toon vir die fantasie van die digter. Hierby stem alle verklaarders nie met mekaar ooreen nie. Ons gee die volgende vertolking van die allegorie:

Die wagters is arms (Del.) of die hande. Daarmee tog verdedig 'n man homself. Die wagters,

die hande, bewe, soos dit inderdaad by ou mense die geval is. Die sterk manne is die bene. By jong manne is hulle soos marmersuile (Hoogl. 5:15), 'n lus vir die oë (Ps. 147:10), maar as die man oud word, word die bene krom. Die malers is die tande. By ou mense val hulle uit sodat hulle nie meer kan kou nie, hulle staak die werk. Dan volg die vierde trek, die dames, hulle wat deur die vensters kyk. Hiermee bedoel die digter die oë. Van die oë kan gesê word dat hulle verduister word, soos by Isak (Gen. 27:1), Jakob (Gen. 48:10), Eli (I Sam. 3:2). Die gesig word swak. In sy digterlike vlug ken die digter die verswakkende eienskap van die oë toe aan die dames. Dit is nie 'n logiese fout nie maar sy digterlike visie: die dames is die oë. Daarin skemer deur wat hy met sy allegorie bedoel. In so ver is dit die sleutel tot die verklaring van die allegorie.

In vs. 4 word die allegorie nog voortgesit met twee trekke. Ten eerste: die deure na die straat word gesluit. Aangesien die ore nog nie geneem is nie, kan ons by die deure na die straat aan hulle dink (Wildeb. Herzb.) Ou mense word mos doof (Barsillai, II Sam. 19:35). Ten tweede: die "geruis" (in die oorspronklike teks staan: stem, geluid) van die meul verswak. Die meul is die mond (Wildeb.), waarin die maalsters werksaam was. Die spraak, die stem word ook dof (Grotius, by Barton; Herzb.).

In die tweede helfte van vs. 4 vervolg die digter deur: en hy opstaan as die voëltjies begin sing. Die teks lui eintlik eenvoudiger: hy staan op by die stem van die voëltjie. Die digter sé nou "hy". Hy laat dus die vergelyking los. Hy praat nie meer van die huis maar van die persoon wat hy bedoel. Ook hier het ons te doen met 'n gebrekkigheid van die gehoor. By die geringste geluid dink die ou man dat hy iets verskrikliks hoor (so die talmud; en Del.) en skrik hy op. Die tone van die lied word dof: hy kan die gesing nie meer duidelik hoor nie; so het Barsillai ook gesê (Del.). Hy sal (vs. 5) bang wees vir 'n hoogte. Hy durf daar nie meer teen op te klim nie (kortasemigheid, Bart.). Ook sien hy allerlei gevare op die pad en bly liever by die huis.

In die tweede deel van vs. 5 word drie verskynsels genoem wat verskillend verklaar word.

Een opvatting is dat hier lente en somer beskryf word. Om in dié tyd te sterf maak die dood des te tragieser. (Herzb.) Die ou man geniet niks van die skoonheid in die natuur (Galling). By hierdie verkla-ring word die teks anders vertaal en gedeeltelik ook anders geles as wat ons vertaling doen. Die lesing word dan: Die amandelboom blom, die springhaan laai homself vol (= vreet hom dik) en die kapperkruid bloei oop. Dit is drie voorjaarsverskynsels. Hierdie letterlike verklaring pas nie in die geheel van die voorstelling nie. Boonop is 'n dikgevrete sprinkaan geen lieflike lentebeeld.

Ons sal hierdie drie uitdrukkings ook figuurlik moet verstaan. En dit is glad nie onmoontlik nie: Die bloesem van die amandelboom is eers ligrooi maar word daarna wit. Dit wys op die einde van die blomme. Die digter vergelyk nou die wit blomme met die grys of wit hare van 'n ou man. Die volgende beeld is: die sprinkaan sal homself met moeite voortsleep. Die sprinkaan loop met horte en stote, afgewissel met rugwaartse beweginkies. Dit lyk na die manier waarop 'n ou man voortstropel (Wildeb.). In die derde uit-drukking, die kapperkruid is nutteloos, moet ons nie 'n vergelyking van die ou man met kapperkruid sien nie, maar dat die ou man ongevoelig geword het vir die uitwerking van kapperkruid. Hierdie kruid (capparis spinosa, Herzb.), wat net hier in die Ou Testament genoem word, het 'n stimulerende uitwerking op die eetlus. Maar by die ou man werk dit nie meer nie. Sommige verklaarders beweer dat die kapperkruid ook stimulerende werk op die geslagsorgane. In verband hiermee dink hulle dat met die sprinkaan die manlike geslagslid bedoel word. Dan pas die twee uitdrukkings wel by mekaar. Ons plaas hier maar 'n vraagteken (kyk by Wildeb. bl. 164).

Al die genoemde ouderdomsverskynsels tree op want — en nou noem Prediker die werklikheid self — die mens gaan na sy ewige huis, hy sterf. Sy aardse lewe is deur die digter ook vergelyk met 'n huis, sy tydelike huis. As hy sterf gaan hy na die graf, na die doderyk, na die put (Ps. 55:22), na die kuil (Ps. 28:1), waar hy "versamel word by sy volksgenote". Dit is sy ewige huis, ewig omdat hy daar heengaan en nie terugkom nie (Job

10:21). Dan gaan die rouklaers op die straat rond, soos dit ook in Amos 5:16 beskryf word.

Die digter het die voortgaande verval van die menslike liggaam beskryf tot aan die dood toe. Nou neem hy met "voordat" (vs. 6) die begin van sy beskrywing weer op (vs. 2) en beskryf nou die sterwe in digterlike beelde, pragtige, sterk-sprekende beelde, wat hy weer ontleen aan 'n huis. 'n Lamp en 'n waterput is onontbeerlike voorwaardes om 'n huis te kan bewoon. In die nagte laat die Oosterling die lamp brand. Uit die fontein word elke dag water geskep. As die lamp nie brand nie en die water nie geskep kan word nie is die huis doods en verlate, uitgestorwe. Prediker vergelyk nou die dood-wees van 'n mens met 'n huis waarin die lamp stukkend is en die water nie kan geskep word nie. Die silwerdraad waaraan die lamp hang, "raak los" (Gems.) en die kruik met die olie waarvan die lamp moet brand, breek stukkend. Dan bly die huis snags donker. Die kruik, die skeping by die put, breek en die wiel, waarmee die skepemmer neergelaat en weer op-gehaal word, val stukkend in die *put* — soos die mens wat sterf (kyk bo).

Dit is 'n aangrypende vergelyking; nie meer 'n allegorie waarvan elke trek moet oorgebring word nie, soos o.a. Del. doen. Hoogstens kan gesê word dat die vergelyking aandui hoe "die gees uit die liggaam wyk" (Bart).

Die lamp word beskryf as 'n sierlike voorwerp, van silwer en goud, om die hoë waarde en skoonheid van die lewe aan te dui. Maar met die dood is alle skoonheid verby. En wat dan? Die stof keer na die aarde terug, soos dit gewees het. Dan is *die kringloop* volbring. Die stof het 'n tyd lank geskitter in die organisme van die menslike liggaam. Maar sy goue en silwer tyd is verby. God laat die mens terugkeer tot stof. Hy sê: Keer terug o mensekinders (Ps. 90:3). Dit is die straf oor die sonde: Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer (Gen. 3:19). Die kringloop van ydelheid en nietigheid waarvan Prediker én Paulus (Rom. 8) gewaag, is voltrekking van die straf in die tuin van Eden oor die mens uitgespreek.

Ook van diere word gesê (Ps. 104:29) dat hulle tot hulle stof terugkeer. Maar van die mense word hier ook nog iets anders gesê: die gees keer na God terug wat dit gegee het. Ook hier dink die digter aan die skeppingsverhaal, Gen. 2:7. Die asem van die lewe, deur Prediker gees genoem, keer terug tot God. Op hierdie verskil tussen mense en diere, waarvan uiterlik niks sigbaar is nie (3:19), maar wat Prediker in 3:19 tog miskien reeds op die oog gehad het, val in die laaste woorde van die Prediker in sy boek, 'n duidelike nadruk.

DIE NASKRIF

Prediker 12:8 — 14

IN vs. 8 skryf iemand dat die Prediker sê dat alles tevergeefs is, net soos as wat dit ook in 1:2 die geval is. Ons het hier weer te doen met iemand wat hom met die woorde van die Prediker besig gehou het en aan die einde van die boek 'n samevatting gee van die bedoeling van sy uitsprake. Dit sal dieselfde persoon wees as wat 1:2 en die proloog geskryf het. Hy is stellig 'n leerling of volgeling van die Prediker. Deur die gelykluidende omskrywing aan die begin en aan die einde van die boek word duidelik dat die hele boek van een hoofgedagte vervul is: *Alles tevergeefs*. Wel tree hier-die hoofgedagte van "vergeefsheid" in die eerste hoofstukke duideliker na vore as in die verdere hoofstukke, maar tog keer hierdie gedagte telkens weer terug, 6:9; 8:10, 11:8 en veral in die allerlaaste vers van die boek wat spreek van terugkeer na die stof van die aarde. Dit beteken tog so veel as dat niks bereik is nie, dat alles tevergeefs was.

Ook die volgende verse, 9—14, word nie deur Prediker self gesê nie, maar oor hom. Ons kan dit die na-skrif of epiloog noem. Dan word die boek deur 'n proloog en 'n epiloog ingesluit.

Die leerling of navolger van Prediker wat dit geskryf het getuig allereers van hom dat Prediker 'n wyse was. Dit word in die Ou Testament van meer mense gesê, soms ook van vroue (die wyse vrou van Tekoa, II Sam. 14:2; en die uit Abel-Bet-Maága, II Sam. 20:16). Die name van sommige beroemde wyse uit die ou dae is bewaar: Etan, Heman, Kalkol, Darda (I Kon. 4:31). Meestal is die wyse ook die oudstes (Eseg. 27:9). Die wyse vorm 'n bepaalde groep of stand in die samelewing as manne van deursig en geleerdheid, soos Jonatan, die oom van Dawid. Ons tref die wyse aan in die koninklike paleise, buite (Est. 1:13; Dan. 2:14, 48; 5:7) en in Israel, as raadgewers, soos Agitofel, II Sam. 16:23; I Kron. 27:33. Hulle is mense wat nie teen die buitekant van die dinge aankyk nie maar tot die wese en agtergrond van die dinge deur-dring.

Hier word dus nie weer gesê dat Prediker 'n koning was nie. Dit was trouens ook maar 'n literêre vorm van aandiening van sy boek. Hierdie voorgewende koningsgestalte word nou losgelaat, die "masker" (Gems) word afgewerp. Hy was 'n wyse. Hy was dit in sy persoonlike lewe; hy het oorweeg en ondersoek; hy was 'n denker en navorser van toestande en gebeurlik-hede in die lewe, soos hy ook van homself gesê het (1:13). Maar hy het dit alles nie vir homself gedoen en vir homself gehou nie, hy het ook "die volk kennis geleer". Hy was 'n leraar. Hy het ook baie spreuke op-gestel, waarin hy sy wysheid in treffende woorde neergelê het. Verskeie van hierdie spreuke is in sy boek opgeneem. Sy strewe was om welgevallige woorde te vind. Dit het betrekking op die literêre *vorm*. En die *inhoud* was waar, woorde van waarheid: ware woorde in skone vorm. Die leerling-skrywer van die naskrif het dus die hoogste agting vir sy leermeester.

In die algemeen is die woorde van wyse manne soos prikkels, soos spykers. So is dit ook, wil die na-skrifskrywer sê, met die woorde van Prediker. Met prikkel word die punt van die osdrywerstok bedoel (Rig. 3:31). Die woord word hier figuurlik gebruik net soos in die bekende woorde van Jesus aan Paulus: "Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop". En spykers dring diep in die hout in. Omdat dit met die spreuke so gesteld is maak hulle soms seer in die gemoed van die hoorders. Maar dit moet verdra word want hulle is tenslotte geen mensewoorde nie maar deur die enige Herder gegee. Met "die enige Herder" word God bedoel. Op baie plekke in die Ou Testament word God so genoem. Hy is die Herder van Israel (Ps. 80:2); die volk is by gevolg sy kudde Ps. 95:7; Jes. 40:11; Jer. 31:10 e.a.).

Met hierdie woorde word gesê dat in die boek Prediker geen menslike wysheid aan die woord is nie. Die Gees van God werk daaragter.

Hierdie opmerking is besonder belangrik omdat Prediker soms dieselfde sê wat ook heidense wyse wel gesê het. Die wysheidsliteratuur is 'n belangrike onder-deel van die oud-oosterse literatuur. Ons kan hier met nadruk sê oud-oosterse, want die geskifte wat in die laaste eeu by opgrawings of op ander wyse te voorskyn gekom het in Egipte en Babilonië, is baie oud. Hulle bevat uitsprake wat wel ooreenkoms vertoon met uit-sprake in die boek Prediker. Die meeste nuwere uit-lêers maak in hulle kommentare uitdruklik melding van hierdie ooreenkomstighede. Dit is inderdaad ook baie interessant. Ons het dit in hierdie boekie nie gedoen nie (Wie in hierdie saak belangstel kan die maklikste tereg by Gems.). Die genoemde geskifte is baie oud en ons vra ons af of Prediker hulle geken het. Agter Israel se wysheid staan die Gees van *die enige Herder*. Met dié mededeling word die boek Prediker verdedig en gehandhaaf. (Herzb. bl. 188) teen besware wat daar-teen wel ingebring is (Gems. bl. 63).

In vs. 12 klink 'n ander klank: 'n mens kan ook te veel van die goeie kry. Aan baie boeke maak kom geen einde nie (hoewel hulle toe nog met die hand geskryf moes word), en baie studie is vermoeiing van die vlees. Van die vlees, sonder om die gees te verryk (Del.). Wie kennis vermeerder, vermeerder smart (1:18). Dit is 'n vermaning aan "my seun". So spreek die wysheids-leraars gewoonlik hulle leerlinge aan. Die skrywer van die naskrif is dus blykbaar ook reeds 'n ouere man wat sy eie leerlinge het. Hulle moet met hulle studie nie te ver gaan nie, hoewel die een natuurlik meer sal kan verdra as die ander. Die hoofsaak van alles wat gehoor is moet egter wel steeds in ag geneem word. Omdat by die studie ook gedisputeer word, kan hier "alles wat gehoor is" betrek word op die "studie" wat in die vorige vers genoem is. Te veel daarvan moet vermy word, maar daar is 'n hoofsaak, letterlik "n einde", 'n slot-resultaat wat bly staan en wat vir alle mense geld, geleerd en ongeleerd: nl. Vrees God en hou sy gebooie. Prediker het dit self ook meer as een keer gesê, in 5:6, 8:12 en 13, 7:18. Hy beveel om God te vrees en sê dat dit heilsaam is.

Prediker het in sy boek baie dinge oor die lewe onder die son gesê, meestal slegte dinge; sy uitlatings was maar pessimisties. Hy kon nie anders nie al wou hy wel anders: die lewe is so: onderworpe aan die nietigheid.

Hierby moet ons twee dinge opmerk: ten eerste dat hy al wat geskied sien as dade van God, as sy werke (1:13; 2:24; 3:15, 18; 5:1, 18; 6 : 2; 7:13, 26, 29; 8:17; 11:5); ten tweede dat hy, hoewel wat God doen dikwels hard is vir die mense, tog nooit God iets ten kwade dui. God is in die hemel. Vrees Hom. Om God te vrees is 'n grondbeginsel van sy lewenshouding.

Op hierdie grondbeginsel van Prediker vestig nou ook die naskrifskrywer nog eens die aandag.

Die hoogheid van God blyk in sy gerig. Daarmee sluit die boek af. Ook oor die gerig van God het Prediker self ook gepraat, in 3:17; 8:(8), 11:9. Die naskrifskrywer sê dat hierdie gerig baie uitgebreid en intensief sal wees: God sal *elke werk* bring in die gerig. Ook verborge dinge sal daaraan nie ontkom nie. Die nietige lewe gaan wel in ydelheid en vergeefsheid verby, maar daarom nie onopgemerk deur God nie, nie as iets wat as waardeloos veronagsaam kan word nie. Hy rig daarvoor. Daar is selfs nog onderskeid tussen goed en sleg.

Uit hierdie opmerking oor die gerig blyk dat daar agter die nietigheid van die mens tog ook iets anders staan. Tussen die twee feite van "uit die stof afkomstig wees" en "na die stof terugkeer" was daar in die stoflike mens ook 'n gees, wat ook gegee is en ook terugkeer, tot God. 12:7 Hierdie waarheid kom in die boek Prediker maar skemeragtig tot uiting. Tog het die skrywer daarvan 'n idee, 'n besef gehad. Breër openbaring daaromtrent gee die Skrif in ander bybelboeke, veral in Prediker se groot teenhanger Rom. 8:18-23, waarop ons reeds eerder gewys het.

Christus ondergaan die gerig sodat nietige mense tot kinders van God kan aangeneem

word; ja ook die skepping self vrygemaak kan word van die slawerny van die verganklikheid. Christus self sal die Regter wees en "die goeie" wat Hy vind, is sy eie werk in ons. Dan sal ons meer sien as "uit stof tot stof". Dan sal ons sien die heerlijkheid van die kinders van God.